



AFRIKAANS TOT 1860

DEUR
G. S. NIENABER

*Uitgawe van die Patriotvereniging vir
Afrikaanse Teksuitgawes
Nr 6*

(TWEEDE JAARGANG NR 3)



Johannesburg, Pretoria, Potchefstroom, Krugersdorp,
Pietersburg, Klerksdorp, Brakpan en Boksburg.
1942.

	Bladsy
Brief van Pouwel Grootschoen	46
Brief van Jan Velbroek de Oude	48
Brief van Samuel Velbroek	49
Kaatje Kekkelbek	50
Zamenspraak, Piet, Jan, ens.	57
Tweede Zamenspraak, Piet, Jan, ens.	59
Brief van Elsie Beuzemstok	63
Brief van Grietje Beuzemstok	65
Vierde Zamenspraak, Piet, Jan, ens.	67
Tweede Brief van Grietje Beuzemstok	69
Zamenspraak, Willem, Adolph, ens.	71
Het Verschrikkelijk Gevecht te Boom Plaats	75
Brief van Grietje van Pas	77
Tweede Brief van Grietje van Pas	79
Zamenspraak, Klaas en Jan	81
Brief van H. Bezuidenhoud	83
Afrikaanse Grappie	88
Zamenspraak deur Stiemens	88
Brief van Waaibroek	91
Afrikaanse Versie	92
Samespraak tussen Blom en Regter	92
Samespraak tussen Reiziger, Tolmeisje en Koetzier	93
Tonele in die Policie Hof	93

VOORWOORD.

Dit is nou al baie jare lank dat ek my besonderlik aangetrokke gevoel tot die onderwerp wat hier behandel word. Die belangstelling is tot 'n groot mate aangewakker deur die artikel van prof. J. J. Smith in die *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners* (Potchefstroom, 1926), en persoonlike navorsingswerk sedertdien het die spanning laat voortduur.

'n Ander vorser, nl. dr. J. du P. Scholtz, het hom, sonder dat ons van mekaar geweet het, eweneens in die onderwerp as onderdeel van 'n wyer tema verdiep, en in verskeie tydskrifartikels die uitkomst van sy ondersoek meegedeel. Deur sy werk het ons met mekaar in persoonlike aanraking gekom, en ek wil ook hier, soos in die eerste uitgawe van die Patriotvereniging, my erkentelikheid aan hom vir sy raad en hulp betuig.

Vir die vriendelikheid en tegemoetkoming aan my betoon deur mnr. Varley van die Openbare Biblioteek, Kaapstad, en sy staf, sowel as deur wyle mnr. Basson, mnr. Pieterse en sy helpers, almal van die staatsargief te Pietermaritzburg, en dr. A. Kieser en sy staf van die Bloemfonteinse staatsargief, wil ek hier my dank en waardering uitspreek. Belangstelling en daadwerklike hulp het ek nog van mnr. P. Ribbink van die Parlementsbiblioteek in Kaapstad en van mnr. C. Graham Botha, die hoofargivaris, en die personeel van sy staf ondervind, sodat ek hulle ook graag hier in dankbaarheid wil gedenk.

Deur die tussenkoms van prof. dr. J. J. le Roux het ek insae kon verkry in die werk van een van sy oudstudeante aan die Witwatersrandse Universiteit, nl. in die ongepubliseerde M.A.-verhandeling van J. J. C. Hofmeyr *Die Dietse Letterkunde aan die Kaap van 1824—1850*.

Daar is bepaald nog baie stukke wat voor 1860 in Afrikaans gestel is en waarvan ek geen kennis dra nie. Teenoor diegene wat my aandag hierop wil vestig vir ewentuele gebruikmaking, indien die deel ooit in herdruk mog gaan, sal ek my ten seerste verplig gevoel.

Dit het my nie geluk om insae te verkry in 'n artikel van dr. A. van Selms nie, — ek bedoel *Het Afrikaansch als Volks- en Cultuurtaal* (*De Fakkel*, Batavia, Jg. I, afl. 4). Na ek verstaan bevat dit belangrike materiaal — en daarom wil ek belanghebbendes se aandag daarop vestig.

Ook het wyle mnr. C. J. van Rijn jare gelede in *Die Burger* vertel van baie ou Afrikaanse stukke wat van sommige Slamse godsdienstige geskifte deel uitmaak. Die uittreksel het ek tot my spyt verlê en kan ook nie die uitgawe van *Die Burger* opspoor nie.

Dit mag miskien nie misplaas wees om mee te deel dat ek 'n studie van die Afrikaanse vormleer, gebaseer op hierdie stukke, in voorbereiding het nie.

Aan mej. N. Stander, mnr. C. J. Nienaber en mnr. P. du P. Grobler vir hul hulp i.v.m. die moeisame proeflesings my hartlike dank.

DIE SKRYWER.

Pietermaritzburg.
1 Maart 1942.

INLEIDING.

Bronne:

Die navolgende Suid-Afrikaanse tydskrifte en koerante wat voor of minstens tot Desember 1860 bestaan het en wat volledig of gedeeltelik bewaar is, het ek deurgewerk met die oog op die oudste geskrewe Afrikaans. Ek het hulle almal in die Openbare Biblioteek te Kaapstad geraadpleeg, met uitsondering van die Natalse en Vrystaatse koerante wat ek, insoverre as hulle in die staatsargiewe te Pietermaritzburg en Bloemfontein onderskeidelik bewaar is, ter plaatse kon nagaan. Hoewel Afrikaans net in 'n paar daarvan voorkom, verstrek ek nogtans my lys volledig, sodat later vorsers nie nodig het om weereens dieselfde tydrowende arbeid te verrig nie.

The African Journal (Kaapstad), Julie 1849—Aug. 1851.
De Afrikaansche Voorstander (Port Elizabeth), Mei 1849—Maart 1850.

The Albert Times (Burgersdorp), Jan. 1855—1859.

The Anglo-African (Grahamstad), Jan. 1855 tot na 1860.

De Boerenvriend (Uitenhage), 19 Febr. 1860 tot na 1860.

The British Settler (Grahamstad), Aug. 1851—Jan. 1852.

The/De Burghersdorp Gazette (Burgersdorp), Febr. 1860 tot na 1860.

The Cape Chronicle (Kaapstad), Mei 1860, loop deur tot na 1860.

The Cape Colonist (Grahamstad), Des. 1850—Maart 1851.

The Cape Frontier Times (Grahamstad), Jan. 1841 tot na 1860.

The Cape of Good Hope Literary Gazette (Kaapstad), 16 Junie 1830—Des. 1835.

The Cape of Good Hope Literary Magazine (Kaapstad), 1847.

The Cape Town Weekly Magazine (Kaapstad), 14 Jan. 1859—8 April 1859.

The Colonist (Kaapstad), 22 Nov. 1827—30 Sept. 1828.

The Cradock News (Cradock), Jan. 1857—na 1860.

The Fort Beaufort Advocate (Fort Beaufort), Julie 1859 tot na 1860.

The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette (Bloemfontein), — met verskillende kleiner naamsveranderings, van Junie 1850, loop deur tot na 1860.

Gouvernements Courant van den Oranje Vrijstaat (Bloemfontein), Maart 1857, loop deur tot na 1860.

The Graaff-Reinet Advertiser (Graaff-Reinet), Aug. 1860 e.v.

- The Graaff-Reinet Courant* (Graaff-Reinet), Mei 1851—Jan. 1852 en Mei—Desember 1853.
- The Graaff-Reinet Herald*, Aug. 1852—na 1860.
- The Graham's Town Journal* (Grahamstad), 1831 tot na 1860.
- Het Kaapsche Grensblad* (Grahamstad), Julie 1844—April 1851, Mei 1852—na 1860.
- Het Kaapsche Handelsblad en Zee Kronijk* (Kaapstad), Jan.—Maart 1843.
- King Williamstown Gazette* (Kingwilliamstown), Aug. 1856 tot na 1860.
- The Moderator* (Kaapstad), Jan.—Jun. 1837, en voortgeset as *The Meditator*, Jul. 1837 tot Jun. 1839.
- De Natalier en Pietermaritzburgsche Trouwe Aanteekenaar* (Pietermaritzburg), 5 Apr. 1844—28 Sept. 1846.
- The Natal Chronicle and South East African Advertiser* (Pietermaritzburg), 12 Sept. 1855—2 Nov. 1856.
- The Natal Independent* (Pietermaritzburg), Jan. 1850 tot 1852.
- The Natal Witness/De Natalsche Getuige* (Pietermaritzburg), 27 Febr. 1846 tot 5 Mrt. 1847 tweekalig.
- The Natal Standard and Farmers Courant*, met Nederlandse byvoegsel *De Boere Courant* (Pietermaritzburg), 1852.
- De Natal en Zuid-Oost Afrikaan* (Pietermaritzburg), 2 Apr. 1853—3 Aug. 1855.
- De Onderzoeker*, algemeen Christelijk Maandblad, 1860.
- The Overberg Courant* (Swellendam), Okt. 1859 tot na 1860.
- The Patriot* (Pietermaritzburg), Nov. 1846—Aug. 1848.
- Sam Sly's Journal* (Kaapstad), 1843—1846; 1848—Junie 1849, en kyk *The African Journal*.
- De Verzamelaar*, eintlik *Kaapsche Courant, Afrikaansche Berigter of De Verzamelaar* (Kaapstad), Feb. 1827—Jan. 1829, en Aug. 1839—Des. 1840; Apr. 1842—Des. 1845; Sept. 1846—Aug. 1847; Sept.—Des. 1848.
- Het Volksblad* (Kaapstad), Jul.—Des. 1849; Jan. 1856 tot na 1860.
- De Ware Afrikaan* (Kaapstad), Sept. 1838—Mrt. 1842.
- De Ware Patriot en Vriend van 't Land en Volk van Natal* (Ladysmith), Nov. 1856—1857.
- De Zuid-Afrikaan* (Kaapstad), Apr. 1830—na 1860.

Doelstelling:

My oogmerk is tweeledig: (a) om 'n versameling van alle tekste te maak wat doelbewus in Afrikaans gestel is en wat uit die tydvak van voor 31 Desember 1860 dateer; en (b) om 'n diplomatieuse uitgawe daarvan te besorg.

Die eerste doelstelling moet nader omskryf word. Vereers is 'n volledige versameling van sodanige tekste nie moontlik nie. Dit is onwetenskaplik om te beweer, dat 'n

mens ooit sy onderwerp uitgeput het, en in hierdie geval geld dit met baie groot krag. Die *Lied* van 1795 bv. is bloot per toeval ontdek, en so sal daar wel baie ander brokstukke wees waarvan ek vandag nog niks weet nie, en nuwe bronne sal met verloop van tyd oopgeboor word. Hoogstens kan daarop aanspraak gemaak word, dat ek nagenoeg alles in aanmerking geneem het wat deur ander voor my opgespoor is, en verder dat ek nog die terreine deursoek het wat vir my doel as die vrugbaarste toegeskyn het, t.w. die koerante en tydskrifte van die periode.

So het die lys van doelbewus-geskrewe stukke ontstaan. Maar allerlei oorwegings het hulle toe begin opdring. Soms kom 'n mens in 'n beskrywing op 'n sin of twee in Afrikaans af, wat, as hulle uit die verband losgemaak word, geen werklike taalkundige of ander waarde het om die opname daarvan te regverdig nie. Dit is bv. die geval met talle en talle sinnetjies in die tonele uit die *Policie Hof*, of los illustratiewe sinnetjies of wendinge in sommige boeke of sketse. Aan die ander kant is dit nie uitgeslote dat 'n ander vorser hierin nuttige aanduidings mog vind nie, en so het ek die ewewig probeer behou en waar dit my wenslik toeskyn, stukke van die soort opgeneem, dikwels met die Nederlandse omlysting of met 'n aanduiding in Afrikaans van die verband waarin die sin staan. Op dié manier het heelwat voorbeelde uit die *Policie Hof* hul weg in die boek gevind. Die los aanmerkings van 'n paar aanwesiges op 'n perdewedren in Durbanville het ek weer liewers weggelaat (*A Day at D'Urban*, wat verskyn het in die Oktober-uitgawe 1848 van *The Cape of Good Hope Literary Magazine*).

Die swak gehalte of platheid van party briefies weer het 'n mens dikwels laat twyfel oor die wenslikheid om hulle 'n plekkie te gun. 'n Mens se eerbied vir die ouderdom of blote Afrikaansheid van stukke kan ook te ver gedryf word. Daarom het ek die Afrikaanse briewe in *De Zuid-Afrikaan* van 24 Des. 1830 en 11 Febr. 1831 weggelaat, maar terwille van die begeerte om 'n verteenoordigende karakter aan die versameling te verleen, het ek die brief van Een Ingesete van Stellenbos geplaas as 'n staal van gebroke spraak.

Ook moet die baie grensgevalle genoem word, waar 'n mens in onsekerheid verkeer of jy net met gebroke Nederlands te doen het of met 'n vorm van Afrikaans wat bewus noue aansluiting by Nederlands soek, in watter geval opname oorweeg moet word.

Op grond van al hierdie oorwegings het dit soms nodig geblyk om 'n keur uit die versameling te maak.

'n Ander vraag oor die wenslikheid van 'n verdere inkrimping moes toe beantwoord word. Die eintlike doel van die teks-uitgawes is om die skaarsgeworde werke opnuut vir die publiek toeganklik te maak. Die Afrikaanse gedeeltes uit *De Nieuwe Ridderorde* (1832) van Boniface is onlangs weer heruitgegee deur prof. dr. J. L. M. Franken¹⁾ en bestaan daar nou nog voldoende rede vir die opname daarvan in hierdie boek? Dit het seker sy nut om al die stukke in een bundel bymekaar te bring, maar skiet ons dan nie soms ons doel verby nie? Hier het ek my deur praktiese en wetenskaplike oorwegings laat lei. Hoewel *Kaatje Kekkelbek* in dr. F. C. L. Bosman se proefskrif afgedruk is²⁾, het ek dit hier opgeneem omdat my lesing op 'n ander teks gebaseer is. Toe ek eers sover was, het dit my wenslik toegeskyn om ook die *Zamenspraak* van Teenstra hier te laat verskyn, temeer omdat ek ook sy opmerkings van voldoende belang beskou om dit te laat publiseer, en die kom nie by dr. Bosman voor nie.

Daarteenoor weer staan, dat ek Boniface se Afrikaanse dialoë uit *De Nieuwe Ridderorde* uitgelaat het, omdat die bestuur van die Patriotvereniging met 'n voorstel genader is om die eerste oorspronklike dramatiese werk wat in Suid-Afrika ontstaan het, as een van die nommers te laat uitgee. Dan sal dr. Bosman en prof. Franken sorg dra vir die diplomatieuse uitgawe van *De Nieuwe Ridderorde*, en die betrokke gedeeltes in Afrikaans sal daar vir ons lede beskikbaar wees.

Met die uitsondering van Teenstra se algemene taalkundige opmerkings is alle suiwer leksikologiese of grammatiese materiaal, soos Swaving se lysis met verklarings³⁾, of soos Changuion se opmerkings oor die Afrikaanse uitspraak en vormleer en sy *Proeve van Kaapsch Taaleigen*, alles uit sy *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld* (1844), nie opgeneem nie. M.a.w., alleen stukke wat 'n beeld van die Afrikaanse taal gee soos dit uit die aaneenlopende volsin blyk, is in aanmerking geneem. 'n Deel wat die leksikologiese stof tot 1900 insluit, is in oorweging.

In hierdie deel word geen poging aangewend om 'n algemene en samevattende oorsig van die taalgebruik en spelling te gee nie. Alleen insover as ek die aantal aparte vorms van Boere- en Kleurling-Afrikaans wou verduidelik, het ek taalkundige uiteensettings gegee om dan daarmee 'n bepaalde stelling aanneemlik te maak.

Wat die tweede doelstelling betref nog 'n opmerking. Met die uitsondering van die *Lied* uit 1795, wat berus op 'n afdruk uit *Umpa* (Johannesburg), en die tonele uit die *Policie Hof*, wat ek self afgeskryf het, is alle opgenome stukke op fotostatiese weergawes gebaseer, en die grootste

sorg is aan 'n getroue reproduksie van die tekste bestee, sodat dit in alle opsigte behalwe tipografie ooreenkom met die originele.

Wanneer is 'n stuk Afrikaans?

By verskillende van die navolgende stukke sal die kritiese leser skepties staan of selfs weier om hulle as proewe van Afrikaans te aanvaar. Ons het dikwels pogings wat op die grens lê. Vir party is hulle eenvoudig swak Nederlands van 'n ongeskoolde penvoerder wat sy bes doen om beskaaf te skryf, maar telkens deur die mat val; vir ander is dieselfde pogings miskien bewuste benaderings van die spreektaal.

Om tot 'n definitiewe uitspraak te geraak is daar twee vername kriteria:

(a). *Die Taalvorm*. Afgaande op die uiterlike vorm, dit is, die openbaring van die taal in die grammatikale struktuur, is sommige bydraes bo alle bedenking Afrikaans. Hieroor is geen debat nodig nie. Wie die skets van Boniface i.v.m. Hendrik Kok of die briewe van mej. Beuzemstok lees, sal sonder meer toestem dat dit pogings is om die spreektaal van die kleurling (Boniface) en blankes (Beuzemstok) weer te gee.

Besware word eers dan geopper, waar twee moontlikhede mekaar dusdanig nader dat hulle nie meer goed onderskeibaar is nie. Is die *Lied* van 1795 bv. nie eerder as Nederlands te beskou nie, of liewers, staan dit nie nader aan Nederlands as aan Afrikaans nie? Hier mag die antwoorde uiteenloop. As die *Lied* nou as Afrikaans moet geld, kan ons nie dalk met enige reg dieselfde eer vir die Dagboek van Wikar⁴⁾ opeis nie, of met meer reg vir die Dagboek van Trichardt⁵⁾ nie? 'n Enigsins afdoende antwoord erlang ons eers as ons die tweede maatstaf aanlê.

(b). *Die Bedoeling van die Skrywer*. Niemand twyfel daaraan dat Wikar gepoog het om Nederlands te skryf nie, en ook Trichardt, behalwe in die gevalle waar hy die taalgebruik van die Duitser Albach probeer karakteriseer. Dit het in hul bedoeling gelê om hulle van die amptelike Nederlands te bedien en daarna het hulle opsetlik gestreef. Insoverre as die gewone spreektaal in hul skryftaal deurstaal en dus die suiwerheid van hul Nederlands vertroebel, moet ons die taalvorm vernederlandste Afrikaans noem, d.i. Afrikaans wat die outeur wou vernederlands het, maar waarin hy nie ten volle geslaag het nie. Om die duidelik-afleibare bedoeling val sulke pogings buite ons bestek, want hulle is eintlik 'n onsuiver vorm van Nederlands. Insoverre as wat hulle tog Afrikaans is, is hulle dit toevallig, onbewus, skemeragtig, en nie opsetlik of helder nie.

Dink hier ook aan ou briewe wat 'n Afrikaanse kleuring dra. (Vgl. *Die Burger* van Maart 1928 in die rubriek van Van Alle Kante).

Hierteenoor stel ons bv. die genoemde *Lied*. Nietenstaande die affiniteit daarvan met Nederlands het die digter in sy politieke spotsang kennelik daarna gestreef om sy „helde” te verkleiner, ook in hul spraakgebruik. Hy wou duidelik Afrikaans vir hulle in die mond lê. Insoverre as hy Afrikaans wou skryf, maar Nederlands gegee het, is sy taal verafrikaanste Nederlands, d.i. 'n onsuiver vorm van Afrikaans, — al is dit vandag nie moontlik om te sê of, en in watter mate dit afwyk van die Afrikaans van die tyd en kring nie. Dit is in elk geval duidelik dat ons aan die soort pogings ruimte moet afstaan.

(i). Ons taak is derhalwe nie moeilik as ons *onteen-seglik* kan aantoon, dat die skrywer sy stuk as Afrikaans bedoel het nie. Dit kan selfs 'n baie swak poging wees, soos die voorbeelde wat sommige Nederlanders vir hul landgenote opgeteken het — dink hier aan Teenstra en Stiemens. Ons kan herhaaldelik pertinent beweer, dat die woordorde hier, die morfologie daar, uiteraarskynlik is, ja selfs foutief. Maar desnieteenstaande is die uitgesproke doel van die skrywers om die Afrikaanse spraakwerklikheid aan die hand van 'n aaneengeskakelde brokstuk te illustreer en dit is ons regverdiging om die proewe met al sy moontlike tekortkominge te aanvaar.

(ii). Eweneens is ons taak maklik as ons *met 'n redelike mate van sekerheid* uit vorm en skikking kan aflei, dat die kontribuant Afrikaans wou aanwend. Hier is die bedoeling nie uitgesproke nie, maar tog deursigtig genoeg. Waar die taalvorm dubbelslagtig genoeg is om bedenkinge te laat opkom, soos by die meergemelde *Lied*, het ek die doel uit die samehang probeer aflei.

(iii). Dan die moeiliker gevalle. Hiertoë reken ek die kontribusies wat in 'n taalvorm gestel is waaruit dit nie kan afgelei word wat die skrywer in gedagte gehad het nie. *Het Verschrikkelijk Gevecht te Boom Plaats* en *De Zalving*, om twee te noem, het my onseker laat voel of ek hulle moet opneem. Dit is baie duidelik dat rymdwang en onbeholpenheid vir verskillende vorme daarin verantwoordelik gehou moet word. In hoeverre die floue Afrikaanse karakter aan opsetlikheid, rymnood of onkunde van Nederlands dien toegeskryf te word, kan ek nie presies uitmaak nie. Die algemene indruk is, dat ons hier nouliks van Afrikaanse stukke kan praat, maar om al die onsekerheid, en mede om die oes aan gedigte so skraal is, het ek dit goed gedink om *Het Verschrikkelijk Gevecht* op te neem.

Lastig was dit ook om uit te maak wat ek met die vier *Zamenspraken tusschen Jan en Piet* (waarvan drie bewaar is) moes aanvang. Die mense praat redelik goeie en eenvoudige Nederlands, maar plek-plek slaan Jan oor na die suiwerste Afrikaans, veral is dit toenemendermate die geval in nr. 4. Die skrywer (ek voel oortuig dit is Meurant) kan blykbaar nie besluit wat hy wil nie. Hy wil tegelykertyd die een of die ander of altwee tesaam.

Vorme van Afrikaans.

Ons kry in hoofsaak drie vorme van Afrikaans in die stukke te sien, die eerste met baie skakeringe:

- (a). Boere-Afrikaans;
- (b). Kleurling-Afrikaans; en
- (c). Vreemdelinge-Afrikaans.

1. Boere-Afrikaans.

Dit spreek vanself dat dit veral hierdie afdeling is wat besonderlik ons belangstelling gaande maak. O.a. sien ons hierin 'n deel van die weg opskemer waarlangs ons taal sy beslag gekry het. Die klompie gevalle gee aanleiding tot 'n mate van vergelyking tussen toe en nou en stel ons in staat om 'n paar ontwikkelingslyne uit te stippel.

Met 'n mate van finaliteit kan ons slegs selde praat. Die voorstelling van die gesproke taal deur middel van die beperkte aantal skriftekens van ons alfabet is op sy beste onbevredigend en ontoereikend — en nou kom hier nog 'n verswarende faktor by.

Soos ons sal probeer bewys, is die persone wat in die beginjare Afrikaanse stukke geskryf het nie ongeleerde mense nie. Hulle moes almal onderrig ontvang het en kon redelik goed skryf, veral as ons die onderwysgeleenthede van die dae nog in aanmerking neem. Maar hulle het almal *Nederlands* geleer en het in die Nederlandse skryftradisie groot geword.

As so'n persoon, sê Meurant, wat gewoon was om te spel zal, zit, of *scherp, schoen*, ens., nou opsetlik in Afrikaans wou skryf, dan sal hy dié woorde wat ook Afrikaans is, voorstel soos hy nog altoos gewoon was. Waarskynlik was die persone in hul afsondering van Europees-Nederlands nie eers skerp daarvan bewus dat hierdie beginkonsonante in Nederlands stemhebbend is nie; en dan dink hulle dat hul spelling die Afrikaanse uitspraak goed weergee. Of ook, ons kry dikwels in een en dieselfde stuk van dieselfde skrywer die wisseling *s—z*, wat kan beteken, dat die skrywer die stemloosheid van die genoemde Afrikaanse beginkonsonant uitbring wanneer hy onthou, maar die ou gewoonte laat hom op 'n onbewaakte oomblik die onder-

skeiding vergeet. Dit is ook meestal die geval met woordjies soos *de, als, voor, regt, toen*, ens.

Ons vind so by baie skrywers 'n groot onvastheid, 'n deureenmengeling van die fonetiese en die tradisionele maniere om die uitspraak weer te gee. Dikwels bly ons beeld onvolledig. Nêrens in die tekste kom ons die voor-naamwoord in die eerste persoon enkelvoud as *ek* teen nie, net as *ik*, en tog lyk dit onaanneemlik, gelet op sy algemene verbreidheid soos geblyk het in die tyd van die *ek-ik*-stryd, dat die uitspraak *ek* nie ook in hierdie tydvak veelvuldig gehoor was nie. Die spellinggewoonte het waarskynlik gekeer dat dit uitkom, hoewel oorwegings van platheid ook nie uitgeslote is nie. (Ons ontmoet *ek* eenkeer in Hottentots-Afrikaans).

Dus moet ons met die moontlikhede van beïnvloeding van die skryftaaltradisie deurgaans rekening hou en 'n speling in ons gevolgtrekkings toelaat. So lyk die ou stukke ook op grond van die spelling dikwels veel meer Nederlands as wat hulle werklik is. Dieselfde toegewings as vir die uitspraak op grond van die spelling, moet ons ook vir die manier om grammatiese vorms voor te stel maak. Byvoorbeeld, hoewel ons die infinitiefvorm dikwels in die briewe aantref met die uitgang *-en*, is dit tog seker sterk te betwyfel of dit in die gewone spreektaal so voorgekom het.

Tog kan ons heelwat gevolgtrekkings met 'n redelike mate van sekerheid maak. Statistiese gegewens kan ons help om die moontlikhede beter te interpreteer en volgens die „globale getuienisse” ons vasstellings bevestig te sien — 'n taak wat ons hier nie onderneem nie.

Dit is waar dat ons graag meer en langer aaneenlopende stukke sou wou gehad het om 'n betroubaarder beeld van die toentertydse taaltoestande te kan ontwerp, maar juis by ontstentenis hiervan heg ons aan die weinige meer waarde — veral taalkundig — as waarop hulle eintlik geregtig is.

Die persone het nie geskryf om vir hulle daarmee 'n naam te verwerf nie. Dit val direk op, dat almal behalwe Teenstra en Bezuidenhoud of ongenoemd bly of agter skuilname wegkruip. Wel het ons met 'n groot mate van sekerheid die identiteit van 'n paar kon vasstel, bv. Boniface, Meurant, Bain, Stiemens; maar dit bly tog betekenisvol dat hulle toe nie onder hul eie name bekend wou wees nie. Die grootste rede hiervoor is wel, dat Afrikaans kultureel as 'n „verkeerde” vorm van Nederlands gegeld het, dus as kultuurprodukt minderwaardig was. Op die punt kom ons terug.

En tog was die drang om te skryf wel daar. Verreweg die meeste pogings in Boere-Afrikaans is van 'n vry ernstige aard: politieke spotgedigte, briewe oor klagtes van allerlei aard, soos die stryd teen die „konviks”, die oorlog teen die Grikwas en die kaffers, ens. Wel is daar ook „koddige” stukke in ligter toon geskryf, soos oor die lang toename van die veldkornette, die gebrek aan kleingeld, die gevolge van die seëlwet, die episode met die kopdokter, — maar oor die algemeen oorheers die griewe en moeilikhede van die paar penvoerders, op wie die lewe met sy pligte en laste swaar druk. Laat ons die betrokke stukke nader bekyk.

Lied (1795).

Ons plaas hierdie *Lied* eerste; daar kom egter geen aanduiding voor van die tyd wanneer dit ontstaan het nie. Tog is dit nagenoeg seker, dat die spotgedig kort na die gebeurtenisse wat dit beskryf, moes gemaak gewees het. Dit is tussen ander papiere gevind en aan die redaksie van *Hollandsch Zuid-Afrika* vir publikasie oorhandig, wat dit opgeneem het, maar „interpunktie e.d. (zijn) ietwat gewijzigd”.

Van die digter weet ons niks af nie. Hy was waarskynlik, nes die meeste Kaapse burgers, Oranjegesind en bereid om die be vele van die verdrewe Prins uit te voer, nl. om die Kaap aan die Engelse te oorhandig. Blykbaar is die digter nie erg ontevrede oor die inbesitname van die Kaap deur die Britte nie. Dit laat hom koud, altans hy sê niks afkeurends na aanleiding daarvan nie. Dit is die hoogdunkendheid en grootspraak van die „Nasionaal”-gesinde Swellendamers wat hy aan die kaak stel.

In weerwil van hul geroem op die dade van die dappere „Commandant Delpoort”, die „kaerel met krigsverstand”, wat so „wreed en straf” is, vlug hulle somaar as die eerste bom tussen hulle bars. Dit was 'n ander saak as om 'n landdros af te sit of 'n groot, vet bontbok te skiet. Delpoort het die vyand wel „regt verwoed” gesoek, maar toe hy hulle, gewapen met kanonne, vind, het hy die „haasepat” gekies. Die vlugtery word met soveel bittere sarkasme beskryf, dat dit aanleiding tot onkiese woordgebruik gee.

Die gesteurdheid kom nie net direk in die felle hekeling en die toon uit nie, maar ook in die binnelandse spraakgebruik van die mense. Hy kies opsetlik Afrikaans om hulle nog verder te bespot. Daarmee wil hy hul ongeletterdheid en agterlikheid, hul andersheid suggereer, en dit in teenstelling bring met die hoë peil van geleerdheid en fyne beskawing van die stadmens, wat by implikasie nog korrekte Nederlands kan praat. Nie net die voortvarendheid en onafhanklikheidswil van die Delpoort-

mense wék die digter se misnoegdheid nie, maar ook hul taal, wat hy waarskynlik „verbasterd” sou genoem het. Hy doen hom natuurlik voor as iemand wat suiwer Nederlands praat, maar ons het tog bedenkings hieroor. As hy *deese strand*, of *die ding* skryf, lê dit op die pad van ons taal se ontwikkelingsneiginge, maar is 't *heuvel* nie 'n moontlike vergissing van die skrywer self nie, waardeur hy verraai dat hy *Kapenaar* is?

Die groot vraag is net, in hoeverre is sy weergawe 'n getroue afspieëling van die werklikheid en van watter werklikheid? Het die Boere in die binnelande destyds juis so gepraat? Dan verteenwoordig die gedig ongeveer die tydperk van oorgang van Nederlands na Afrikaans, d.i. die neiginge wat die plaaslike gebruik van Nederlands omgevorm het, is nou so sterk dat hulle die oorhand behaal het en dat hulle in seker streke en kringe algemeen geld, waarvoor mense die spot mag dryf maar wat nie meer langer kan ontken word nie.

Die opvallendste nuwe (Afrikaanse) kenmerke is:

a. *Ons vir wij*. Dit is hier algemeen.

b. Die gedeflekteerde vorm van die werkwoord. In die vervoeging is dit hier ook algemeen, wat egter so moet verstaan word, dat naas die naakte stamvorm in die praesens ook 'n wisselvorm met uitgang *-t* vir die tweede en derde persoon voorkom. Hoever defleksie in die deelwoord gevorder het, kan ons sien in vbb. soos *ons kan begryp* (teenoor: *ons kan niet vlugten*); *aangekijk*; *ons is bezwijk*. Kan ons aflei dat die deelwoord hom in die binnelande hoofsaaklik reeds na die stam rig? Die tyd is waarskynlik baie ryk aan tweelingvorme.

c. 'n Toestand van onsekerheid heers op die gebied van die grammatiese geslagsonderskeidings. Naas die merendeels korrekte adjektiewiese verbuiging en partikelgebruik staan 'n paar gevalle van verkeerde gebruik, wat aantoon, na ons meen, dat ons taal hier net die oorgangstadium intree en dat die toestand net vloeibaar begin word. Die oue is egter nog sterker as die nuwe.

Teenoor hierdie onderskeidend-Afrikaanse kenmerke staan veral een nog on-Afrikaanse kenmerk, die konsekwente gebruik van die imperfectum. Blykens die *Lied* is dit destyds nog 'n volkragtige verskynsel. Ook die infinitiefvorm is meestal Nederlands. Beteken dit, dat dié twee verbale vorme die langste voortgeduur het? Dan dra die Boere-Afrikaans van die buitelande teen die uitgang van die agtiende eeu nog 'n baie sterk Nederlandse verbale karakter op grond van die behoud van dié twee eienskappe, m.a.w. die oorgang het hier nog nie begin nie. Ons staan inderdaad op die drempel.

Verklaar dit wel nie voldoende hoekom niemand voor 1800 van Kaaps-Hollands as iets opvallends en aparts praat nie, maar na 1800 dring dit hom so sterk aan die aandag op, dat haas al die reisbeskrywers en joernaalhouers daarvoor aanmerkings maak?

Afgesien van die nog on-Afrikaanse elemente, wat die *Lied* 'n sterk Nederlandse kleuring gee, moet ons die taalvorm nogtans as Afrikaans bestempel. Oor die bedoeling van die skrywer kan daar geen twyfel bestaan nie. Die *Lied* is dan die oudste doelbewus in Afrikaans gestelde voortbrengsel, en daarmee neem ons letterkunde in ons eie taalvorm sy aanvang. Alleen hierom besit dit 'n heel besondere kultuur-historiese betekenis.

Of die *Lied* (op die wysie: *Al is ons Prinsje nog zoo klein*)⁶) ooit gesing was, dus in wyer kring bekend was, kan ons nou nie meer uitmaak nie. Een Burgervriend se versie van vier reëls wat in *Het Kaapsche Grensblad* verskyn het, toon woordelike ooreenkoms met dele van hierdie lied (kyk Tekste, 15 Mei 1858). Dit kan te wyte wees aan 'n gemeenskaplike oervorm (nou onbekend), waarvan ons gedig 'n verafrikaanste verwerking is, of aan invloed van die *Lied* self, wat dan 'n sekere mate van bekendheid moes besit het.

Zamenspraak van Teenstra (1825).

Dit moet onthou word, dat Teenstra vir Hollanders skryf, en vir hulle 'n staaltjie van die „taalfouten” of „gebreken”, soos hy sê, en van die tipiese gesegdes en spreekwyses in saamgedronge vorm wil gee. Hy oordryf dus, volgens sy eie bekentenis. Daarby teken hy sy gesprek uit sy geheue op, en ons mag dus nie te veel waarde aan alles heg nie, soos die in-die-oog-lopemde inkonsekwensies ons ook voldoende waarsku (bv. *ons* het gedenkt/*doe wij* die wagen zagen). Hy is ook nie orals baie helder in sy bewerings nie, soos met die opmerking oor die sagte uitspraak van die *a*.

Tog vul sy *Zamenspraak* die *Lied* op baie punte taalkundig mooi aan. Vereers val dit in sy inleiding op dat hy nie ook die onderskeid volhou tussen die taal van die Kapenaars self en die „Boeren”-mense van die „Overbergsche” wêreld nie.

Dan vertel hy ons na die staaltjie iets oor die woorde-skat, aanspreekvorme, uitspraak en die grammatika. Ons verneem definitief dat die dubbele-*nie* algemeen in gebruik is onder die Caledonners ('n verskynsel wat die *Lied* nog nie weerspieël nie); dat daar reeds verwarring bestaan op die gebied van grammatiese geslagsonderskeidings, dat die Maleïïsme⁷) voor (*vir*), bv. *roep voor Leida*, algemeen is (en hier geen Anglisisme kan wees nie); en ons merk dat

verbale wisselvorme baie voorkom (*het, heet, heef, hewe*, ens.). Hy bevestig ook wat ons van die aanwending van modale woorde verwag as 'n noodsaaklike byverskynsel van verbale defleksie.

Teenstra self het veral in die afwykinge belang gestel, en om die teks van sy *Zamenspraak* in die opsigte nader toe te lig, het hy die aantekeninge as 'n toegif bygeskryf. Met die oog op sy bedoelings hiermee het ek dit goed gedink om ook die verduidelikings te moet opneem.

Maar, soos gesê, ons moet sy dialoog vir taalkundige doeleindes met omsigtigheid interpreteer. Vir ons literatuurgeskiedenis het die dokument, wat hom tot Nederlands lesers rig, alleen toevallige betekenis, daar dit die oudste voorbeeld van 'n aaneenlopende stuk in dramatiese vorm is waarin doelbewus van Afrikaans gebruik gemaak word.

Briewe van Hennepikker en Geldenaar (1826).

Die brief van Jan Hennepikker is duidelik as Afrikaans bedoel, maar verteenwoordig 'n ander laag as die *Lied* en *Zamenspraak*, dit staan naamlik nader aan Nederlands en wil waarskynlik 'n toon beskaafder wees. Hennepikker is 'n ryk veeboer, na hy hom voordoën, en 'n persoon wat in daardie dae van weinig boekgeleerdheid die pen met 'n mate van vaardigheid hanteer, al is hy iemand wat blykbaar nie graag skryf nie en derhalwe oor lang name klae. Tog word die klag meer om die grap gemaak, daarom die geweldige oordrywings ('n uur lank skrywe, 'n kalbas ink)! En kyk die ompad wat hy self loop om *De Verzamelaar* aan te dui (kourand met . . .), — of die lang naam wat sy „verlaate legplek” het!! — om nie te praat van sy eie handtekening nie!

Ons benadruk die feit, dat Hennepikker waarskynlik goeie Nederlands kon geskryf het as hy wou. Hy gebruik Afrikaans nie uit onkunde nie, maar opsetlik; miskien moet ons hierin, net soos in die strekking van sy skrywe, ook die dowwe skynsel van sy humor bespeur, wat o.a. nog verder uiting vind in 'n tikkie selfbespotting, bv. in die naam *Hennepikker*, die eggenoot van Grietje *Haanekam*.

By hom verskyn die eerste persoon van die pers. vnmwd. in die meervoud drie keer as *wy* en een keer as *ons*. Dit is moontlik dat hy in sy daaglikke spreektaal nog altwee vorme langs mekaar gebruik. Die *wy* is in elk geval destyds nog 'n vaste bestanddeel van die gewone spreektaal van die Afrikaners en gevolglik goeie Afrikaans, ook in die buiteland. Dit het waarskynlik nog 'n klank van vernaamheid en waardigheid behou bo die van *ons*, sodat 'n betekenisverskil in die begin nie uitgesluit is nie. Presies hoe die verwisseling begin het, is nog 'n stryd-

punt⁸), maar kon die sintaktiese nabyheid van twee *wy's* versterkend ingewerk het op 'n neiging tot differensiasie, soos in die geval waar *ons* na *wy* hier verskyn?

In die vervoeging heers groot verwarring en onvastigheid. In die aantoonende wys, bedrywende vorm, is daar bv. in die enkelvoud, eerste persoon: doet; hoope; hou; heef; woon; *ben*; in die meervoud: (wy) is; schryf; woon; (ons) moet. In die derde persoon, enk.; moet, zal; in die meervoud: heef, moet, geef. Die meervoud is dus geheel gedeflekteerd, die eerste persoon rig hom na die derde (enkelvoud) — *ons* (*ek*) *het* kom duidelik oor die derde persoon. *Ben* is hier 'n formule, 'n verstening, en sê dus niks.

Opmerklik hoe die konjunktief nog in volle fleur staan en die vol infinitiefvorm is algemeen na *te*.

Die brief (wat geen enkel negatiewe sin bevat nie), het 'n fleksieriker taal as die *Lied*. Ons wil aanneem dat dit 'n redelike beeld van die gewone spreektaal gee (*veul* toon ook hoe die uitspraak enigsins noukeurig benader word). Dat dit so begryp moet word, sien ons nog daarin, dat die redakteur, die taalmeester J. Suaso de Lima, die brief self nie van „taalfoute” gesuiwer het nie en dat mevr. Geldenaar, wat beter Afrikaans skryf, Hennepikker in elke opsig tot voorbeeld geneem het.

Net al, mevr. Geldenaar is veel gemeensamer en in die plek van die deftige *UEd.* van mnr. Hennepikker tree die geselserige en gemoedelike *gy* van Mevrouw op. Dit bring haar taal nader aan die alledaagse spreekvorm en vir ons kennis hiervan is dit nog die belangrikste dokument sover. Vir die eerste keer is daar ook heelwat te hale oor die uitspraak van woorde (*die, na, nouw, brawe, goeyé, sel* (vir *sal*), *toe, det, mar, zomar, mos, buyte, nec, veul* (teenoor *veel* hoërop), *koegel*, maar nog *niet*). Behalwe *mos* berus hulle almal op die oorgeërfde Nederlandse volkstaal, altans, almal is bekend in hedendaagse Nederlandse dialekte, maar desondanks kom hulle in die brief te staan as apart of „verkeerd” teenoor die offisiële gebruik. Die skryfster breek die grense van die skryftradisie sover deur, dat sy ons die werklikheid in die uitspraak goed laat sien. *Sel* vir *sal* (soos ook *ken* vir *kan* en *kan* vir *ken*, ens.) verskyn nog dikwels en was vermoedelik taamluk verbreid.

Die morfologiese beeld is ook ryker t.o.v. die nomen, pronomens en adjektief. Die woordleer kan o.a. vir die modaliteit mooi voorbeelde vind, ook betreffende ons vroegste stratum leenwoorde uit Engels en ou reste soos *verlangst, zulle*, ens.

Dit is nie meer nodig om hieruit aanneemlik te maak dat ons met Afrikaans te doen het nie. Dit val te kragtig op.

Mev. Geldenaar gebruik vir die eerste persoon mv. nege keer *wy* en vier keer *ons*. Sy begin deftig met *wy*, en dan die sin: „*Wy* win daar so veel by dat *ons* . . . kan klaar kome.” Weer die sintaktiese buurskap met die sprong na differensiasie — of is dit maar toeval? Die twee vorme word in elk geval deurmekaar gebruik sonder enige betekenisverskil; alleen is *wy* deftiger, meer offisies, bv. *wy het ons al geresalveerd*. Miskien kan ons die veronderstelling waag, dat in die minder deftige gesprek, bv. van kinders tot mekaar en tot slawe, en dalk ook van ouers tot kinders en slawe, die *ons*-vorm hom die eerste en die sterkste laat geld het.

Die skryfster gebruik Afrikaans ook nie uit onkunde of onmag nie. Sy ken die offisiële taal blykbaar goed (bv. *wy het ons al geresalveerd*) maar praat opsetlik uit naam en in die trant van die Boerevrouens wat die gebrek aan gangbare kleingeld swaar voel — die gebrek is te wyte aan die invoering van die Engelse muntstelsel die vorige jaar (1825) ter vervanging van die Kaapse stelsel. Het haar naam enkel betrekking op die tekort wat sy hier ewe grappig wil verduidelik, of is dit tegelykertyd 'n aanduiding van herkoms?

Weereens moet in gedagte gehou word, dat mev. Geldenaar self van „Kaapse mense” praat in teenstelling met diegene in die binnelande („*wy buyte*”), — sy skryf naamlik van Heks-Rivier. Nogeens die verskil tussen stad en land.

Ons het hier waarskynlik die oudste gevalle van briewe wat opsetlik in Afrikaans gestel is. Dit sal lank die geliefkoosde vorm van hydraes in ons taal bly, en al kom dit in tydsorde die laaste (iets heel toevalligs!), sal dit in kwantiteit en kwaliteit (met uitsondering van Boniface se kleurling-Afrikaans in die samespraak, wat egter nie onder die vorm van Boere-Afrikaans ter sprake is nie), die ander ver agterlaat.

Een Boer van Swellendam (1830).

Dit is die eerste voorbeeld van iemand wat duidelik ongewoon is om met die pen om te gaan. Ons Swellendamse Boer spel met moeite en skryf met kommer: hy laat woorde orals weg. Tog is hy so kwaad dat hy lank genoeg volhou om van sy klag kwyte te raak. Hoe tipies is die voorlaaste sin nie!

Aan die ander kant glo ek nie dat ons geregtig is om te sê, die Boer is swak geleerd nie. Hy lees sy koerant, sy woordeskat is gced, en maatskaplik is hy bepaald nie

agterlik nie; die eiewaardebeseft laat hom die „Mijnheer” Koerantdrukker deurgaans tutojeer. Maar vir sy plesier skryf hy darem seker nie.

Dit gee ’n goeie aanduiding van die spreektaal, en vul die vorige briewe aan vir ons kennis van die binnelandse taaltoestande. Opmerklik is o.m. *vandutie* (teenoor *vendutie*); die uitspraak *distrek* en die betreklike voornaamwoord *wat in een ander vriend wat . . .* Die imperfectum is nog algemeen.

Een Eenvoudige en Openhartige Boufoortse Burger (1831).

Ook hy is geen ongeleerde nie. Sy brief verteenwoordig Boere-Afrikaans op die Noordelike voorposte, en ons merk hierin veral een groot opvallende wesenstrek van ons taal, waardeur sy spraakgebruik baie na aan die hedendaagse gebruik kom. Vir die eerste keer word die imperfectum-funksie, behalwe in die geval van hulpwerkwoorde (*had, was, kon, zou, wou*) en argaïsmes (*dag*) waargeneem deur (die historiese praesens, wat ons vroeër ontmoet het, en) die voltooide teenswoordige tyd, bv. . . . *het ik hem uitstel gegeeve; . . . het ik hem de bewys gegeeve; het gezeg.*

Die funksiewisselinge imperfectum-perfectum en nominatief-akkusatief van die eerste persoon meervoud van die persoonlike naamwoord, is twee van die belangrikste afsonderlike eienskappe van ons taal in teenstelling met Nederlands. Streng genome is hulle geen defleksieverskynsels nie, maar gevalle van funksiewisselings. Al hierdie onderskeidende neigings in Afrikaans sien ons weer hier aan die randgebied, aan die periferie, verder ontwikkel as in die beskawingsgebiede, indien ons die opeenstapelende gesamentlike voorbeelde as afdoende regverdiging vir die konklusie beskou. Vir my altans kom dit as ’n vaste feit voor, dat hier in die binnelandse en grensposte die behoudende krag van die kultuurhaarde t.o.v. die offisiële vorm van Nederlands nie meer gevoel word nie, en dat dit daarom heel natuurlik is om al die voorbeelde van Afrikaans in die periferie te vind, waar die ontwikkeling ongehinderd kon voortgaan in die rigting van verwarring (as gevolg van onsekerheid). Uit die chaos en onsekerheid kom ’n nuwe orde te voorskyn. Een negatiewe aspek daarvan is die defleksie in dié gevalle waar die fleksiemiddel sy normale funksie verloor, omdat dit oorbodig geword het of doeltreffend op ’n ander manier uitgevoer word. Twee positiewe aspekte is die opkoms van ’n menigte analitiese middels ter omskrywing en presisering (bv. voorsetsels vir kususverlies, of verbale partikels vir tyd, wyse, Aktionsart, ens.) en die wisseling van funksies (bv. imperfectum-perfectum). Gedurende die

tydperk van verwarring en oorgang van die oue na die nuwe sal die taal 'n groot vrugbaarheid aan wisselvorme aantoon. Dit is sy verwarringsindeks.

Ook letterkundig besit die brief elemente wat hom aanbeveel. Daar is iets bekoorliks in die kinderlikheid en naïwiteit. Die Boufoortse Burger wil graag gesels en nusiés meedeel om die welwillendheid van die redakteur te verkry wat vir hom 'n guns moet bewys; hy wil van sy volheid ook iets aan die „mijnheer en goede vriend” in Kaapstad weggee; met kinderlike opgetoënheid spog hy met die perde van hom en die ander boere in die Nuweveld; met groot openhartigheid deel hy mee wat hy met die geld vir die perd wil maak, naamlik die grootste gedeelte van sy skuld vir die opmeting van die plaas afbetaal! Hy vra raad vir sy vrou se slegte spysvertering en gee dan eendelik die opdrag om gemoedelik met die goewerneur oor die agterstallige salarisse van die amptenare te gaan gesels. Met hierdie prettige brief open die lang ry nuuskorrespondensie in Afrikaans.

Boniface se brokstuk uit 1844.

Hier gee die skrywer van Kleurling-Afrikaans vir ons ook 'n brokstuk in Blanke-Afrikaans. Hy bestempel die Boeretaal vir die vreemdeling as „iets vermakelijks” en deel ons 'n staal mee van hul manier van praat. Die een persoon is 'n dorpenaar, die ander 'n plaasboer, en albei praat dieselfde Afrikaans. Die teenstelling stad (dorp) en platteland bestaan in die pasgestigte Boererepublieke nie meer wat die taalvorm aanbetref nie, altans nie in die gewone gesprek nie. Met die Groot Trek het Afrikaans sy gebied ontsaglik uitgebrei en voer as gewone omgangstaal alleenheerskappy buitekant die paar ou gevestigde kultuurhaarde van Nederlands, wat sekerlik ook swaar aangetas word.

Die staal toon vir ons 'n ander trappie van ontwikkeling. Van *het, heet, heef, heeft, hewwe* en *heb* het ons al gehoor, van *heh* in *heh-jy* nou eers. Naas *wil hoore* kom veelvuldiger (vir die eerste keer) *zal steur, te maak*, ens. Weer is die defleksie die verste in die periferie. Naas *heh-jy . . . meêgebrog* en *heh-jy . . . gelees, nie?*, albei in die perfectum, staan *het . . . gesteurt*, wat eintlik in die imperfectum moes gewees het. Hier is die verwarring duidelik, wat aantoon hoedat die proses van vervanging van die onvoltooid-verlede tyd blykbaar vol aan die gang is.

Ons het hier die oudste bekende voorbeeld van 'n stuk in Afrikaans in Natal en die pasgestigte Boererepublieke benoorde die Oranje.

Het Kaapsche Grensblad.

Ons kom nou by 'n reeks briewe en samesprake wat in *Het Kaapsche Grensblad* verskyn het. Dr. J. du P. Scholtz is m.w. die eerste wat die aandag op die Afrikaanse stukke hierin gevestig het (in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, jg. xiii). In *Die Huisgenoot* van 13, 20 en 27 Junie 1941 het dr. Scholtz die taal van Bezuidenhoud ('n *Afrikaanse Brief van 1851*) ondersoek, en in dieselfde tydskrif het op 22 en 29 Augustus 1941 sy studie oor *Meurant se Afrikaans in 1844—1850* verskyn.

Die terrein hoef ek dus nie te verken nie, en vergeenoeg my met algemene opmerkings oor 'n paar sake wat verband hou met die vorme van Boere-Afrikaans soos ons dit by Meurant leer sien.

Het Kaapsche Grensblad, uitgegee te Grahamstad, is die eerste Hollandse koerant van die Oostelike Provinsie. Dit was 'n weekblad met „Louis Henry (sic) Meurant, High Street, Graham's Town” (soos hy sy naam en adres op die buiteblad aangee), as redakteur-eienaar.

Die eerste nommer het op 18 Julie 1844 verskyn en in die hoofartikel heet dit o.m.: „Het oogmerk van dit Blad is dus om de opening (— verstaan: geen Hollandse blad vir die Oostelike Provinsie nie —) optevullen, en te trachten eene leesgierigheid op te wekken onder onze landgenooten, door het verspreiden van nuttige en vermakelyke kennis. — Met staatkundige zaken zullen wy ons niet grootelyks bezig houden”

Die doelstelling is baie duidelik. Meurant het die oog gehad op iets wat tussen 'n gewone nuusblad en 'n populêre tydskrif lê. Hy wil nie net kennis bybring nie, maar ook leeslus opwek.

Van die begin af is ooreenkomstig die doelstelling baie aandag aan die vermaaklike bestee. Die aantal blad-sye in aanmerking geneem (vier groot-kwarto), is 'n ruim plek aan anekdotes, grappies en wetenswaardighede afgestaan; bowendien is die toon van die gewone betogende stukke lugtig, grappig en los. Hy gesels gemoedelik met sy lesers en direk word hulle aangespreek. Met allerlei middels probeer hy hul belangstelling wek. Hier is 'n bladvulling:

„Raadsel — Waarom is „Het Kaapsche Grensblad” gelyk eene tandeborstel? Kunt gy het niet raden? Omdat een ieder zyne *eigene* moet hebben; en niet die van zynen buurman leenen.” (31 Oktober 1844).

In die sin moet ook die Afrikaanse bydraes van Meurant self verstaan word. Hoewel hy soms ernstige sake behandel, tog wil hy sy lesers amuseer en hul „leesgierigheid” opwek. Dit maak die toon van sy werk verstaanbaar.

Ons moet hier opmerk, dat die verwantskap met letterkunde al dadelik opval, en dit verklaar ten dele ook hoe-kom ons sy briewe veral — in 'n tydstip toe die briefvorm 'n gewilde kunssort in Europa geword het — nog met soveel genot kan lees. Eintlik het sy werk, soos straks sal blyk, meer letterkundige as taalkundige betekenis.

Hy het Afrikaans, of, soos dit toe nog genoem was, Kaaps, nie gebruik om met en deur middel van die taalvorm die spot te dryf nie, maar om sodoende „vermaaklik” te wees. Terselfdertyd word die ander dinge hom toege-
werp, soos kinderlike eenvoud, die lokale atmosfeer, die frisheid van die nuwe, die realisme van die werklike, en die innigheid van die vertroude.

Hy staan naby sy mense, soos trouens almal wat van die plaaslike dialek in hul geskryfte gebruik maak — ook 'n vername kenmerk van die destydse Europese letterkunde met sy hang na realisme en humor, die „siamese tweeling”.

Brief van 21 Nov. 1844.

Die skrywers Onderzoeker en F. S. (S-mit, familie van sy pleegouers?) is waarskynlik Meurant self. Dan is dit sy eerste brief in Afrikaans en moontlik het hy hiertoe gekom deur die vorige briewe⁹).

Daar is geen definitiewe bewyse dat Meurant die outeur is nie; maar vir iemand wat sy *Zamenspraak* uit 1861 ken, en veral sy parlementêre briewe uit 1861, 1889 en 1890¹⁰), is die strukturele ooreenkomste baie oortuigend. Daar is die lewendige styl wat lief is vir die aanwending van die grappig-anekdotes soos ook in hierdie mededeling, wat waarskynlik 'n element van waarheid bevat en so 'n brokkie aktuele nuus van die besoek aan 'n frenoloog gee; daar is nog die selfversekerdheid van iemand wat bewus is van sy meerderwaardigheid en dus kan waarsku en voorlig, sowel as terg en pla, bv. deur die manier waarop na vrou en kinders verwys word. Tipies is sy vermoë om self woorde te maak (*kopman, kopdokter*); ook die gebruik van *hambak* (ook *humbuk*) keer telkens terug, net soos die verminking van Engelse woorde op egte Boeremaniër.

Tipies ook is die diplomasië om eers die pil te versuiker, en die Afrikaanse brief ewe onskuldig in te lei met 'n voorwoord in Nederlands waarin van „bedaarde lezing” en „nuttige wenke” gepraat word ter aanbeveling. Meurant kom skoorvoetend daartoe om Afrikaans in die mond van die beskaafde Boer te lê, en dan pak hy dinge so aan, dat hy niemand beledig nie. Dit is een rede waarom ek nie wil aanneem dat *Kaatje Kekkelbek* met haar plat Kleurling-Afrikaans die gedagte by Meurant laat ontstaan het om die gewone spreektaal van die blankes vir die

doel aan te wend as wat hy gedoen het nie. Die toonaard is gans anders, en die vorige korrespondensie in sy eie blad was waarskynlik die spoorslag. Maar dit is 'n ander saak. Sy taktvolheid blyk ook uit die manier waarop hy vir die eie koerant propaganda maak, en dit versterk die vermoede dat Meurant self aan die woord is en tegelykertyd sy eie belange dien.

Die spelling is uiters onvas, wat ons in die begin van sy proefneming met 'n nuwe taalvorm verwag. Dit sal egter blyk dat sy sisteem dwarsdeur al sy menigvuldige Afrikaanse bydraes konsekwent inkonsekwent bly. Dit wek bepaald verwondering, dat Meurant, die joernalis wat hom so dikwels van die volkstaal gaan bedien, nooit 'n enigszins vaste spellingnorm kon ontwikkel uit sy gebruik van die taal nie. Juis wanneer ons die later deur homself gevestigde spellingstelsel van Samuel Zwaartman hernaas plaas, val die feit des te sterker op.

Ons moet aanneem dat hierdie en ander briewe van Meurant die vorm van die gewone Boere-Afrikaans van die Oostelike Provinsie van die tyd benader, maar ons moet speelruimte laat vir die misleidende on-Afrikaanse elemente daarin, soos waar hy kennelik sy offers bring aan die Nederlandse skryftaaltradisie, of waar ons die invloed van sy Engels sien deurskemer (bv. die Mynheers, die spelling well).

Briewe van 5 Des. 1844 en 23 Jan. 1845.

Een Boer skryf dieselfde soort taktiese inleiding as Onderzoeker en die Afrikaanse brief van die sogenoemde jong dame lewer weereens na 'n lang ompad 'n pleidooi vir ondersteuning van die koerant. Dit is Meurant wat agter 'n mombakkies praat. Kensketsend van hom is die opvatting dat vroue memories moet opstel en aan sake van landsbestuur en politiek aktief moet deelneem deur hul wense daarvoor kenbaar te maak. (Kyk ook *Zamenspraak*).

Die tweede brief uit dieselfde bron stel bo alle twyfel vas, meen ek, dat Meurant die skrywer is. Hy vertel in sy *Sixty Years Ago* hoe die paskawel

Alle die uit Engeland zijn gebannen,
Worden hier groote mannen

ontstaan het. Vir die liedjie het hy 'n groot voorliefde openbaar, en dit kom weer in die *Zamenspraak* uit 1861 voor. Ons weet vandag met sekerheid dat Meurant die *Zamenspraak* geskryf het. Dit lê voor die hand, dat die verskyning van die paskawel in die brief ons na dié man voer, wat dit graag opgesê het en die geskiedenis daarvan kon meedeel.

As Meurant dan die outeur van die brief is, dan maak die spontane verwysing hierin na die geval van die kopdokter wat in F.S. se geskrif vermeld was, tesaam met nog ander oorwegings, soos die hernude gebruik van die geliefkoosde *hombok*, dit redelik seker dat Een Boer van Visch Rivier en Onderzoeker van Graaff-Reinet een en dieselfde skrywer is, t.w. Meurant.

Terwyl die eerste brief wat Een Boer gestuur het, in sy begin baie na aan Nederlands staan, is die tweede vlot en met gevoel geskryf. Meurant kom hierin op dreef, en ons kry 'n voorsmaak van die beskrywingsvreugde en beeldingskrag wat sy briewe uit 1861 tot so'n genot maak. Dit lei ons ook tot die vasstelling, dat Meurant se taal minder ernstig t.o.v. die vormleer van Afrikaans beskou moet word as t.o.v. die idioom, wat die naaste aan die spraakwerklikheid van sy tyd kom in die dele waar hy met natuurlike grasia beskryf en vertel. Die Nederlandse skryftaaltradisie was vir hom te sterk, maar daarinne het hy tog die uitdrukking in woorde beter kon weergee as enig iemand anders voor die Genootskapstydperk.

Ander stukke van Meurant.

Verskeie ander stukke is seker, of altans met 'n redelike mate van sekerheid, van die hand van Meurant. Daar- onder reken ek die *Zamenspraak* van Willem Koegelblad (1845). Dit gee die ou teenstelling van geleerde stedeling en „ongeletterden Boer”, van fyn- en minder-beskaafd, en gelyklopend hieraan, van Nederlands en Afrikaans. Die Kapenaar bedien hom van Nederlands (waarmee hy weliswaar soms deur die mat val); die Boer in sy onkunde van die eenvoudige, alledaagse omgangstaal.

Ek vermoed die vaderskap van Meurant op grond van uiterlike en innerlike wesenstrekke. Daar is die behendige maniere om die leser met die volkstaal te versoen en hom van sy vooroordele te ontwapen deur die Afrikaanse bydraes op een of ander manier met Nederlands te verbind. In die eerste briewe word die weg gebaan met 'n aanbevelingsbrief in die offisiële taal¹¹), en hier in die *Zamenspraak* gebruik die hooffiguur weer Nederlands, sodat die beswaarmakers ten minste die grootste gedeelte, en die strelendste, in die aanneemlike taalvorm het — maar sonder die Afrikaanse bystukke is die geheel sonder betekenis, en hulle *moet* dus ook saamgelees word.

Eintlik is dit dieselfde prinsiep wat in die voorstelling van sy Afrikaans self tot uiting kom en verantwoordelik is vir die dubbelslagtige spelling en willekeurige vernederlandsing van sy Afrikaans hier en daar. Hy wil sy lesers nie erg afskrik nie, en speel die diplomaat deur met die een hand aan Nederlands vas te hou. Hy sorg dat hy dit

altyd as 'n handperd naby hom het om dit te bestyg indien daar mense mog wees wat daarteen opsien dat hy die saal op die Boerepoon het. Dit is hierdie strewe na taktvolle optrede wat so 'n warboel skep in sy spelling en morfologie.

Die name *Grootkop* en *Grootschoen*, wat terselfdertyd karakterbeskrywend is en die grondgedagte wil uitbring, is 'n kenmerkende manier van titulering by Meurant. Hy, en hy alleen sover, bedien hom van die soort tendensieuse benamings — dink aan *Wysneus*, *Beuzemstok*, *Jan Twyfelaar* en *Klaas Waarzegger*, *Frekie Verneuk* en *Jan Vlyskop*, ens.

Die aanmerkings van Paul oor hoe hy hom 'n *jut* voorstel, die uitlatings oor die gedrag en karakter van regters en die aard van die hervormings wat hy in gedagte het, wek herinnerings op aan verwante passasies uit werke wat ontseggelik van Meurant is, soos ons vandag weet.

Die strelende Boeretrots is ook Platje Wysneus eie, en die vyf-en-dertig-jarige Meurant is hier inderdaad 'n sterk voorstander van die Boeresaaik. Sy koerant bepleit hulle belange en verdedig hulle eer en karakter. Is die uitgesprokenheid oor die Britse koloniale bestuur en ander administratiewe aangeleenthede sowel as die diskriminasie teenoor Afrikaners nie 'n rede waarom Meurant hom steeds van nuwe en ander skuilname bedien nie?

Die prettige propaganda wat in die slotsinne gemaak word, soos deur die goeie voorbeeld wat Paul stel, dien die belang van die redakteur-eienaar, Meurant, en versterk die oortuiging dat hy die outeur is. Tipies van sy geskrifte is die sopie wat byderhand is as sake 'n gunstige wending neem.

Die vier Platje-Wysneus-briewe (13 Nov. 1845, 27 Nov. 1845, 10 Jan. 1846 en 31 Jan. 1846) is seker van Meurant. Hulle behandel verskillende onderwerpe van plaaslike aard, maar word almal deur een en dieselfde gees gedra, nl. van warme vaderlandsliefde en 'n sin vir regverdigheid en billikheid. Daardeur vertoon die skrywer ook verwantskap met *Koegelblad*, wat as advokaat vir die „ware Afferkaners” opgetree het.

Platje sê sy vader is 'n Deen en sy moeder 'n „Afferkanse vrou”; hy vereenselwig hom met haar volksgenote. Vertel dit ons iets van die latere Meurant, wie se moeder 'n Engelse was?

In die briewe het ons weer die grappig-anekdotiese, bv. die storie oor die wenslikheid om die ape te vlei (tweede brief); of die verhaal oor die pogings om uit te vind wie die skrywer van die briewe is (tweede brief) — 'n gewone motief in Meurant se suksesstukke. 'n Ken-

sketsende trek is die wyse om die datum van die vergadering uit te reken (eerste brief).

In die eerste brief van Platje Wysneus lees ons: „52ste van deze maand” en in die derde brief van „03 Deetzember.” Die eerste is natuurlik nie ’n stommiteit as sodanig nie, maar is te lees as vyf(5)-en-twintigste (2) . . . ; en 03 as 30. Laasgenoemde is taamlik flou, omdat die opsetlikheid te duidelik aan die lig tree, terwyl 52 vir 25 wel terug te voer is op die manier van praat. Die verwarring is verstaanbaar en grappig. Ons het dieselfde soort syferkunde vir die eerste keer by Adam Slokker ontmoet, en nou is die vraag of ons hierin ’n aanduiding mag sien van Boniface se invloed op Meurant, wat sekerlik die enigste Hollandse koerant van die dae (1830) geken en gelees het, veral daar hy ook joernalis was. Maar omdat ons dit nog so dikwels en by soveel verskillende persone gaan teenkom, veral na 1860, lyk dit my eerder na ’n algemene snaaksigheid.

Die *Zamenspraak* van 7 Febr. 1846 besit ’n hortende, stampende styl en dit is moeilik om dit by Meurant tuis te bring of om dit beslis as Boere-Afrikaans te bestempel. Tog kry ons die ou versie weer (hoewel dit nie uitgesluit is dat iemand anders dit oorgeneem het nie!); die ou temas duik opnuut op; ’n patriotiese gees beheers die geheel, en die skrywers wil blykbaar as blankes beskou word. In weerwil van die Hotnotname van die skrywers, Windvogel en Geduld, praat hulle soos Boere; immers, as hulle Hotnots was sou hulle met meer eerbied van die blankes gepraat het, bv. as baas, seur, Duisvolk, Guis, ens., en nie asof Wysneus en die redakteur en ander hulle gelyke is nie.

Hulle onthou die briewe van „Negge Vis Rivier” (5 Des. 1844 en 23 Jan. 1845) ook goed, en die manier waarop na meer as ’n jaar daarna verwys word, dwing ons ook nog tot die rare konklusie om Meurant se outeurskap te aanvaar. Dan skryf hy hier ’n ander, en wel platter vorm van Blanke-Afrikaans as nog ooit tevore — wat beslis bevreemdend is. Hy wil lug gee aan sy verontwaardiging, want alles „gaat uit guns.” Hoekom laat Meurant dié motief nooit los nie? Is dit omrede van sy ontwikkelde regverdigheidsin, of . . . is die druiwe suur?

Dit is denkbaar dat Meurant ’n byverdienste sou verwelkom het. Sy koerant het blykbaar nog nie so gevorder, dat dit die gewenste profyte afgewerp het nie. In elk geval, as Pouwel Grootshoen (die „ongeletterde Boer” wat ons reeds in die *Zamenspraak* van 10 Julie 1845 leer ken het) pleit Meurant (indien ons vermoede korrek is)

baie direk en dringend by die Boere om in te teken op die blad.

Die orige redes waarom ons Meurant as die skrywer hiervan beskou, is reeds in 'n vorige verband voldoende verduidelik en hoef nie weer aangevoer te word nie, ewenas vir die *Zamenspraak tusschen Piet en Jan*, waarvan drie uit die vier bewaar is (10 Nov. 1849, 1 Des. 1849 en 5 Jan. 1850). Vir iemand wat Meurant se stylaard goed ken, veral uit sy briewe van 1861, 1889 en 1890, is die oortuiging sterk dat ons hier met sy werk te doen het.

Daar is die byhaal van huislike sakies (kyk nr. 2), die gemaklike geselstrant met handige agtergrond- en atmosfeer-skildering, en 'n floue poging tot karaktertekening, soos in sy bekende *Zamenspraak* van 1861. Daar is dieselfde belangstelling in politiek en dieselfde maniere om die regering te bestry met memories en geloftes, dieselfde gebruikmaking van die vrou om die man te dwing, ens.

Terloops moet ons op die botsing in die tweede samepraak wys (1 Des. 1849). Dit gee aan die stuk meer die karakter van 'n drama as 'n samespraak — tot sover iets nuuts. Ons het nie net die dramatiese vorm nie, maar 'n floue aanduiding van 'n dramatiese spanning.

Ons kan die drie dialoë nie sonder meer as Afrikaans bestempel nie. Meurant, die ou diplomaat, wil weer twee teenstrydighede met mekaar versoen. Die gesprek word oorwegend in Nederlands gevoer, maar orals slaan die skrywer deur na suiwer Afrikaans, veral in die laaste samespraak; en deurgaans getuig ons: hier is die siening eg-Afrikaans, daar is die idioom of segswyse on-Nederlands en eie aan ons volkstaal.

So is die bedoeling taamlik seker om so na aan Nederlands te bly as moontlik, maar darem ook baie na aan die Afrikaanse spraakwerklikheid terwille van die natuurlikheid en eenvoud. Weer 'n dubbelslagtige voortbrengsel wat hier en daar en nêrens inpas, maar waarmee die skrywer sy doel bereik, nl. om op bevatlike en prettige wyse oortuigings- en aanmoedigingswerk te verrig vir 'n saak wat hom baie na aan die hart lê.

Dieselfde onderwerp, maar vanuit 'n ander gesigspunt, behandel Elsie (of Grietje) Beuzemstok — 'n nuwe skuilnaam van Meurant. Nou waag hy die sprong heeltemal om suiwer Afrikaans te skryf. Aanleiding is die gedagte, dat die vrouens en nooiens 'n Gelofte (of Plets, vir Engels *pledge*¹²) moet maak om alle omgang te staak met die mans en jongkêrels wat nie die Gelofte van die Anti-Bandiete-beweging onderteken het nie. Ons dink dadelik aan die ander tant Elsie van 1861.

In die twee orige briewe (19 Des. 1849 en 2 Febr. 1850) word die teenstander van die volksbeweging, die vrede-regter Enslin van Graaff-Reinet, op vinnige en lasterlike wyse aangeval. Die vrou slaan hom oerdriftig en in siedende verontwaardiging met die „beuzemstok”. Ons herken die Meurant van 1861 oorduidelik, wat op dieselfde onsagte wyse teen Frekie Verneuk en ander sal optrek.

Wat ons na vore wil bring, is dat ons oor een en dieselfde saak van een en dieselfde persoon 'n ander vorm van uitdrukkingsmiddel kry. Hier is die bedoeling om Afrikaans sonder meer te skryf, en wel 'n waardige Afrikaans wat nie uit onkunde van Nederlands gebesig word nie, maar uit intieme kennis en opsetlik terwille van natuurlikheid, direktheid en duidelikheid. Mevr. Beuzemstok skryf maklik en gloedvol — ons sien hoe die woorde maar nie altyd gou genoeg kan kom nie, en in die gejaagtheid skryf sy in die brief van 2 Febr. 1850 seker die langste sin in Afrikaans voor 1860.

So wissel die vorme by Meurant af van „verhewe” of hoog-Afrikaans, soos in die Afrikaans-gekleurde *Zamenspraak tussen Piet en Jan*, oor allerlei skakerings heen tot 'n plat of lae Afrikaans soos in die *Zamenspraak tussen Platje Windvogel en Jantje Geduld*. Die vloeibaarheid van vorme van Boere-Afrikaans by hom, die onvastheid van basis (Nederlands en Afrikaans in alle skakerings) en die verskeidenheid van impersonasies (beide manlik en vroulik), word weerspieël in die onreëlmatigheid van die spelling ('n tussending tussen Nederlands en Afrikaans) en die bontheid van die morfologie. Meurant verkleur gedurig. Daarom sal dit altyd moeilik wees om 'n eenheidsbeeld van sy taalgebruik te ontwerp en op die grondslag geldige vasstellings te maak, tensy met die genoemde reënboogkleurigheid van Meurant se taal deeglik rekening gehou word.

Die orige stukke uit *Het Kaapsche Grensblad* insover as hulle van sy hand is, bevestig net die gewone konklusies en vir ons doel hoef ons hulle nie verder te beskou nie. Dieselfde geld van die ander stukke in Boere-Afrikaans gestel.

Om saam te vat: die volgende twee teenstellings, die een sosiaal, die ander geografies, staan baie duidelik uit:

(a) Nederlands is die taal van die geleerdes en fynbeskaafdes, Afrikaans van die plattelanders, die Boere, wat soms aristokraties voorgestel word as een van hulle self (Bezuidenhoud) of iemand in naam van hulle die omgangstaal skryf; of hulle word ook as eenvoudig voorgestel as 'n buitestaander hulle deur middel van hulle

„verkeerde” taal wil karakteriseer (Teenstra, Stiemens, of die persoon Jantje Eenvoudig in *Het Kaapsche Grensblad* van 9 Maart 1850). In elk geval is die kulturele waarde wat aan Afrikaans geheg word, dat dit ru, verwilderd, losbandig, naief en oerkragtig is, direk en eenvoudig, maklik-verstaanbaar. Die briëfskrywers stel hulle dien-ooreenkomstig ook graag voor as mense wat ongeleerd is, wat swaar skryf sodat die sweet op die voorhoof pèrel of dat hulle moeg is van die ongewone en groot inspanning. Die landelike en robuste word benadruk.

(b) Nederlands is veral die taal van die stedelinge (dink aan Grootkop, die Kapenaar) en hoë dorpsmense; Afrikaans van die boerende bevolking (alle klasse) in die binneland en op die voorposte van die beskawing (Swelendam, Graaff-Reinet, Worcester, Caledon, Heksrivier, Visrivier, Sneeuberge, Bruintjes-Hoogte, Olifantshoek, Cradock, Pietermaritzburg en die gebied oorkant die Drakensberge, ens.).

Stel ons die ou gevestigde gebiede omstreeks 1830 teenoor die voorposte aan die „Overbergsche”, dus ruweg die Boland teenoor die Onderveld, die breë selfkant van die uitbreidende boerebeskawing, dan is die voorbeelde almal herkomstig uit die periferie. Maar met die kolonisasie van die land as gevolg van die Groot Trek in die dertiger jare en later is die geldigheidsgebied van die spreektaal geweldig vergroot en voer die omgangstaal van die tyd, Afrikaans, die alleenheerskappy hier, behalwe by plegtige geleenthede. Nou word die uitsonderlike die gewone.

Beskou ons weer die stukke in tydsorde, dan loop hulle, meestal dunnetjies, oor ’n periode van twee geslagte (1795—1860). Die vroegste dokumente vertoon net sommige van die Afrikaanse wesenstrekke, terwyl ander nog nie eers uitgebot het nie (die vervanging van die imperfectum). Ons praat nie nou van Kleurling-Afrikaans nie. Die vroegste voorbeelde staan na genoeg aan Nederlands om miskien juister omskryf te kan word in die algemeen-gangbare benaming van destyds, as *Kaaps-Hollands*, d.i. die Kaapse variant van Nederlands.

Maar die taal het onder die boerende bevolking sy „draai” gekry. Die ontwikkelingsneiging stoot dit vinnig vorentoe in ’n eie, selfstandige koers. Daar is veral twee groot uiterlike gebeurtenisse wat bevorderlik vir die innerlike groei was. Die verbreking van die staatkundige, en dus ook kulturele bande met Nederland na 1806 het die behoudende krag van die kultuurhaarde ontsaglik verswak. ’n Tweede en verderreikende losbreking word deur die Groot Trek teweeggebring. Alleen die wenigste onder die

Voortrekkers kon goed Nederlands praat en skryf, soos die Volksraadspapiere ons oorvloediglik bewys. Selfs die leiers soos A. W. J. Pretorius en Trichardt het die allergrootste moeite met die offisiële taalvorm gehad, en die landdroste en klerke oor die algemeen was geen toonbeelde in die opsig nie. Selfs in een van die weinige dokumente, nl. in Boniface se staal uit 1844, word oor presies die ding geklae.

In die tweede geslag (1830—1860) het diegene wat die woeste binnelandse ingetrek en groot ryke gestig het, verkon afdwaal van die offisiële Nederlands. Die behoudende krag is totaal geneutraliseer met uitsondering van die invloed wat van die Statebybel en Gesangboek uitgegaan het. Die evolusie het nagenoeg 'n vrye gang gehad. Kaaps-Hollands het nou eers regtig Afrikaans in die eintlike sin van die woord geword.

Boere-Afrikaans vertoon baie graduele verskille in die rigting van defleksie en analise in hierdie tydperk aan. Gedurende die periode van die stukke wys Afrikaans sy toestand van die grootste vloeibaarheid aan. Hy is nou die rykste aan wisselvorme en oorgange van die oue na die nuwe, veral t.o.v. die werkwoord (defleksie, maar belangriker, deur die vervanging van die imperfectum en die verlies van die ablaut), die voornaamwoord (o.a. *ons* vir *wy*, en die stryd tussen *zulle* en *hulle*, ens.); die grammatiese geslagsonderskeidings in die hele taalstruktuur; die verbuiging van die attributiewe adjektief, die onvastheid in die gebruik van die ontkenningspartikels, en die wisseling van 'n menigte ander funksies, bv. van die voorsetsel *vir*; en die voortdoring van ou en die opkoms van nuwe uitspraakneigings (*sel/sal*, *ken/kan*; *veul*; ens., en veranderinge as gevolg van defleksie).

Uit die chaos kom geleidelik orde, en teen die tyd van Samuël Zwaartman (1870—1873) is daar meer vastigheid, 'n soort standaard, nie net in die Fraserburgse wêreld nie, maar in ongeveer die hele taalggebied, soos ons maklik uit die talryker dokumente van die tyd kan aflei. 'n Paar jaar later bring die eerste uitgawes van die Genootskap van Regte Afrikaners dan ook die bewys hiervan. Afgesien van uiterlike dinge soos die spelling, is die afstand tussen die *Lied* van 1795 en die *Zamenspraak* van Waarzegger in 1861 ontsaglik groter as tussen Zwaartman se Afrikaans van 1870 en distriksnuus in 'n Afrikaanse dagblad vyf-en-sestig jaar later (1935). Eintlik is daar geen vergelyking tussen die twee afstande nie.

2. Kleurling-Afrikaans.

Na aanleiding van sy ondersoek oor die taal van *Kaatje Kekkelbek* (kyk *Die Huisgenoot* van 21 Nov. 1941) geraak

dr. J. du P. Scholtz tot die volgende slotsom: „Ek dink ons kan tot die gevolgtrekking kom dat hoewel die taal van Kaatjie Kekkelbek in baie opsigte ru en plat is, daar niks of min in sit wat bepaald kenmerkend is van „Hottentots-Afrikaans”.

Bloot staties beskou (soos ons dit taalkundig doen), is daar tussen Boere- en Kleurling-Afrikaans seker nie diep en insnydende verskille nie. Ons maak die onderskeiding dan ook nie in die eerste plek daarvolgens nie. Tog sien ons uit die bedoeling van die skrywers en die sfeer van die stukke baie duidelik dat 'n skeidslyn getrek moet word. As 'n skrywer die Hotnot na sy taagebruik wil tipeer (Boniface, Bain, die hoftonele) of as die skrywer hom self as 'n Hotnot voordoen, dan moet ons tog die feit vereers erken.

Boniface se stukke uit 1830.

Boniface, die „Cape dramatist”, wil Hendrik Kok lewendig voor ons stel. Letterkundig is sy skets van die onderhoud („mondgesprek”, soos hulle dit destyds genoem het), die beste van al die stukke in Afrikaans tot 1860. Dit is 'n heel verdienstelike poging van karakterisering deur iemand wat 'n oop oog vir die dinge om hom het en die tipes goed beluister het.

Boniface wil Kok, die aangename geselsel, nie net as mens teken nie, maar hy wil tegelykertyd met die onderhoud ook sy verkleinerende aanvalle op dr. Philip, die gehate „Baas Predikant” — soos Kok hom noem — voortsit en hom in 'n ongunstige lig stel.

Wat Kok se taal aangaan, sien ons dat die defleksie veel verder voortgeskry het as in die voorbeelde van Boere-Afrikaans uit dieselfde tyd. Die sterk imperfektiewe kom nog taamlik dikwels voor, soms sterk vereenvoudig, en die onderskeid tussen *is* en *het* as mutatief en duratief onderskeidelik is goed volgehou, maar ons kry reeds geen wisselvorme van *het* nie. Ook is die *e(n)*-uitgang in infinitieffunksies baie skaarser en die verbale vormbeeld eenvoudiger. Die slotdentaal in verlede deelwoorde val dikwels weg, 'n verskynsel wat selfs 'n twintig jaar later nog seldsaam in Boere-Afrikaans is. Wat die uitspraak betref, is daar 'n besliste voorliefde vir die *a*-klank ter vervanging van die dowwe *e*-klank in sekere onbeklemtoonde lettergrepe: *danag*; *alleenag*; *schelm-ahtag*; *zeuventag*; *twentag*; *ravier*; ens. Miskien moes Boniface die perfektiewe prefikspartikel *ge-* as *ga-* geskryf het. Hierdie uitspraak-reiging bring die vraag nogeens na vore in hoeverre daar wisselwerking tussen die twee vorme Kleurling- en Boere-Afrikaans bestaan het.

Onderskeidend ook is die taal van Kok weens sy weelderigheid aan modale woorde en partikels.

Dieselfde algemene opmerkings geld van Boniface se ander stukke Kleurling-Afrikaans. Hier moet die vorser ook aan die dialoë uit *De Nieuwe Ridderorde* aandag bestee — voorbeelde wat nie hier opgeneem is nie, soos vroeër verduidelik.

Sabierna Zeekoeygat (*Het Kaapsche Grensblad*, 17 Jan. 1846) van „Kraddok” is ’n Hotnotmeid en uit die bedoeling van haar brief lei ons af dat haar taal as Kleurling-Afrikaans moet geld. Sy gebruik deurgaans die onderdanige *baas, seur, ou nooy* en *myn klein nooi*, en praat van *ons Hotnots*. Maar sy sê, dat haar „klein nooi” die brief vir haar skryf, sodat ons, behalwe die toon en aanspreekvorme, blykbaar versigtig moet wees om op grond van die taal hier, dit of dat as tekenend van hul grammatika te bestempel. Ek gaan dié bydrae dus liewers verby, behalwe om aan te merk, dat ons wel die eienskappe van defleksie en analitiese middele in verhoogde mate hier aantref as ons die brief stel naas die van blanke skrywers uit die bepaalde tyd.

Kaatje Kekkelbek (1846) is geskryf in navolging van *The Three Tailors of Tooley Street*, en, soos Boniface se stuk oor Kok letterkundig die beste is, was hierdie afwisselend gesonge en gesproke monoloog van die parmantige en ruwe meid die populêrste. Dit het op sy beurt as stimulus en voorbeeld gedien vir die skepping van ander oorspronklike werk¹³).

Party toespelings is vandag duister, maar dit het destyds besonder in die smaak geval. Die mense het graag geluister hoe hoë amptenare van die gereg, bekleed met alle waardigheid en gesag, deur hul slagoffers gesien en getipeer word, en die geestige tekening van Kaatje deur haarself het seker ook baie genot verskaf. As ons die preutsheid van die dames van daardie dae ook in gedagte hou (Boniface vertel ons in die Voorwoord van sy *De Nieuwe Ridderorde* ’n goeie staaltjie daarvan) — dan het die plathede van uitdrukking en die gewaagdhede van toespelings, wat sy so maklik uitkekel, aanmerklik bygedra tot die spanning en die vrymakende lag.

Die alleenspraak leef van growwe oordrywing, nie net na voorstelling nie, maar ook na taalgebruik. Die oordaad van Engels in die gesonge gedeeltes mag tot ’n mate sy oorsaak in die begeerte vind om dit meer toeganklik vir die Engelse teaterpubliek van Grahamstad te maak, vir wie dit eintlik bedoel was. Hier is geen na-tekening van die werklikheid nie, meen ek; of wil die skrywers dalk te kenne gee, dat die geswaalde Kaatje in die toestand van

lekkerlyf-wees haar „melancholies” vergeet in die skynvreugde van wyngenieting — en vir die uitjubeling hiervan Engels nodig het om haar ’n air van belangrikheid te gee? Haar selfoorskating ken of erken geen grense nie, en dit maak haar tot karikatuur.

Die Afrikaans van Kaatje het reeds baie ver gevorderd op die weg van defleksie en normalisering. Die *-t* in die derde persoon enkelvoud praesens staan bv. net verenkelde in *hy zegt* (naas *hy zeg*); en die infinitiefvorm na die hulpwerkwoorde *zal, laat*, ens., verskyn net driemaal: *ik moet gelyk krygen* (’n idiomatiese wending, daarnaas egter *moet myn gelyk geef*); *zal kryge en wil hebbe*. Andersins bly die uitgang *-e(n)* uit. Vergelyk bv. *hy kan myn g’loo*; *hy kan klaar kom*; *hy laat ons klop*. Hier is die enigste „Beleg” van die vorm *ek*, en wel net één keer.

Politiehof.

Die paar aaneenlopende, tiperende uitlatings van die gedagvaarde Kleurlinge (meestal dronkaards en diewe), soos dit deur die *Volksblad* se verslaggewer weergegee word na aanleiding van hul verhoor in die polisiehof, is, vergeleke met die voorbeelde van Blanke-Afrikaans uit dieselfde tydvak (1860), eweneens baie verder gedeflekteerd en meer analities, is ryker aan funksiewisselings en staan verder van Nederlands af. Opvallend is ’n verskynsel wat ons tot hiertoe nog nie gehad het nie: die gebruik van *hy* en *hom* vir die vroulike geslag, dus vir *sy* en *haar*. Die kreolisme kom ’n paar keer voor, en laat ons aan die teenswoordige possessiewe partikel *se* dink, wat ook vir die vroulike geslag gebruik kan word (ma *se* hoed), maar voor 1860 nog geen plek in die algemene Boere-Afrikaans verower het nie.

Ons maak na aanleiding van al die stukke twee vastellings:

(a). As ons Kok en Slokker se Afrikaans stel naas die van Hennepikker, Geldenaar, Een Boer en Boufoortse Burger; of Kaatje teenoor F. S. en Een Boer uit Visch Rivier; of ook die voorbeelde uit die *Politiehof* langs die *Zamenspraak* van Meurant uit 1861, dus telkens Kleurling-Afrikaans naas Boere-Afrikaans uit dieselfde tyd, dan moet ons onweerstaanbaar tot die gevolgtrekking geraak, dat Boere-Afrikaans ’n baie konserwatiewer karakter openbaar, dus nader aan Nederlands staan, wat uiterlike taalverskynsels betref.

(b). Nog opvallender is die innerlike verskil. Die taal van die blankes wil nog deftig en waardig wees, in weerwil van die afwykings, en soek aansluiting by die offisiële Nederlands, bv. met die imperfekvorme, die *wy* naas *ons*,

zyn en haar in die possessiewe funksie van die persoonlike voornaamwoord, ens. Dit behou nog 'n mate van „beskaafdheid” deur sy verbondenheid met Hoog-Hollands.

Maar die Kleurling-Afrikaans is ru van toon. Dit val wel minder op by die ou afgeleefde Kok, reeds meer by die „geleerde” Slokker, en die meeste by die hartstogtelike meid Kaatje en haar geesverwantes in die tronkselle. Kaatje peper haar taal met vloek- en skelwoorde, Kok se *Seur* het by haar verdwyn as sy haar meerderes afbring tot haar platvloerse peil en dan kommunisties oor hulle gesels, totdat die ore tuit. Daar is weliswaar individuele verskille en grade van platheid, maar ons ontkom nogtans nie aan die vasstelling nie, dat Kleurling-Afrikaans uit 'n ander lewensfeer voortkom en tolk is van 'n baie primitiewe en emosionele lewensgevoel.

As ons die twee feite verbind, dan blyk dit dat aan Kleurling-Afrikaans, vergeleke met Boere-Afrikaans, 'n waarde kleef van *onbeskaafdheid en ruheid liewers as van onkunde, min boekgeleerdheid of onbeholpenheid*.

Albei konklusies word deur die geskiedenis bevestig. Dit lê buite die premisse van my inleiding om die voorbeelde en uitsprake hier te bespreek; ek volstaan met 'n verwysing na die betrokke gedeeltes in die bekende werke van Bosman en Boshoff, en na die artikels van Franken in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*.

Ek maak net daarop attent, dat beginnende by Van Rhee se verslag die aanduidings is, dat radbraking by die Hottentotte vroeg opval, en by Kolbe kry ons 'n twintig jaar later ook voorbeelde hiervan¹⁴). Ons moet blykbaar aanneem, dat vanaf die tyd toe die Hottentot- en Kleurling-groepe die blankes se taal as hul eie aanvaar het, hul Nederlands meer aan verwildering en kreolisering prysgegee was, en die normalisering in die rigting van progressiewe defleksie by hulle die verste voortgeskry het.

In die opsig het hul taalvorm hom gradueel wel deeglik onderskei, en m.i. is Wikar se grammatiese afwykings veel eer op rekening van hierdie taalvorm te bring as wat dit aanduidings is van die spraakgewoontes van die binnelandse blankes van destyds. Die vermoede het ek o.a. op grond van die bevindings na aanleiding van die *Lied* uit 1795.

Aanvanklik is die kreolisering en defleksie blykbaar sinoniem te beskou met Vreemdelinge- en Hottentot-Nederlands, of later, Hottentot-Afrikaans, en het dit die waarde van onbeskaafdheid gehad. Dit verduidelik ten dele die ou skeldnaam van Hotnotstaal vir Boere-Afrikaans. In dié lig is die woorde van Burchell belangrik waar hy die graadverskil duidelik laat uitkom: „The

Dutch language, according to the Cape Dialect and even according to the *corrupt dialect of the Hottentots...*"¹⁵) (my skuinsdruk). So ook getuig Changuion, dat „die taal (t.w. Kaaps) *in hare zuiverheid alleen door Hottentotten en ander gepeupel gesproken word*"¹⁶).

Dit het dus sy praktiese waarde om die twee vorme, Boere- en Kleurling-Afrikaans, uit mekaar te hou.

3. Vreemdelinge-Afrikaans.

Hierdie afdeling is baie swak verteenwoordig, en dit is ook goed te begrype. Iemand wat 'n nuwe taal nog nie magtig is nie, maar deur omstandighede gedwing word om hom daarmee te behelp so goed of so kwaad as dit gaan, verskyn vir die ander in sy taalaanwending as snaaks en onbeholpe maar gewillig. Die onbeholpenheid op sigself is geen spoorslag om die krom poginge te bestendig nie. Daar is by diegene wat die taal goed ken geen redelike noodsaak om die brabbelvorm vir doeleindes van skriftelike gedagtewisseling te gebruik nie, selfs nie teenoor die kromspreker nie.

Die vreemdeling se poginge sal hoogstens terwille van tipering en vir die snaaksigheid aangewend word, soos Boniface bv. met Lawshark in *Clasius* gedoen het, waar hy die Engelse regsgeleerde Nederlands wil laat praat. 'n Geval van krom-Afrikaans in die mond van 'n Engelsman vertel 'n korrespondent ons in *Het Volksblad* (31 Julie 1856). „Ik maakte kennis met een Engelschen Boer, die eenen Afrikaanschen uitnodigde, hem toch eens te komen bezoeken, hebbende hij, zeide hij:—

Bayan koois
Zonder vloois.”

Die dryfveer hoef nie altoos 'n strewe na snaaksigheid te wees nie.

Die verhouding is weer anders, waar die vreemdeling self sy toevlug tot die pen moet neem en hom dan noodgedwonge van sy gebroke taal moet bedien om sy doel te bereik, soos Barbier en Wikar met hul gebrekkige Nederlands, of soos *Bewooner van de Agterstrat* en *Een van de Agterstraat* (*Het Kaapsche Grensblad* van 23 Jan. 1845 en 13 Maart 1845 onderskeidelik) met sy taamlik goeie Vreemdeling-Afrikaans. Hier is alle grade denkbaar, van die brabbelpoginge met die bekende verskynsel van 'n grammatica minima tot 'n goeie benadering van wat reeds algemeen gangbaar is, soos in hierdie briewe van *Agterstraat*.

Die twee bedoelde briewe is klaarblyklik van dieselfde persoon. In die eerste praat die skrywer van *mucipaal*, *Komsaars* en *banjang*, in die tweede van *mussipaltyd*; *komsaris*, *banyan*. Sy woordorde is in albei eenders, en

ook sy onderwerp: die beswaar teen die invoering van 'n munisipale bestuursreëling vir Graaff-Reinet en die voortspruitende vrees vir die oplegging van belastings. Die skrywer is vermoedelik 'n Duitser, soos o.m. sy *nig* (*nicht*) vir *nie(t)* ons laat raai.

'n Voorbeeld van brabbeltaal sonder meer is die jere-miade van *Ingesete van Stellebos (De Zuid-Afrikaan, 13 Mei 1831)*.

Die opgenome stukke gee ons dan sketsmatig 'n taamlik algemene beeld van ons taal in 'n allerbelangrike wordingstydvak van vyf-en-sestig jaar.

Gevoelswaarde:

Ons kan ook 'n ander uitgangspunt as die vorme van die onderskeie groep sprekers vir die behandeling kies, bv. die grade van suiwerheid of afwyking t.o.v. offisiële Nederlands of die gevoelswaarde wat aan die graduele afwykings kleef. Ten dele het dit reeds uitgekóm, maar dit kan ook nader ondersoek word. Dit is egter 'n taak wat nie direk uit die stukke voortvloei nie, maar verkry word van getuïenisse en uitsprake van persone, en val dus van self buite ons eintlike bestek van tekste.

Tog kan 'n paar aanduidings nuttig wees i.v.m. die filologiese waardering van die tekste.

Swaving, wat in 1827 in Kaapstad aangekom, en in 1830 sy herinneringe uitgegee het (*Swaving's zonderlinge ontmoetingen na zijne vlugt uit Delft, Dordrecht, 1830*), voel as opregte Groot-Nederlander en taalonderwyser seer oor die „verbastering” van die moedertaal in die kolonie. Vir hom is alle afwykings „verkeerd” en afkeurenswaardig. Die sienswyse gee aanleiding tot skerp gevoelswaardes van af- en voorkeur, van aanprysing en afwysing.

Hy onderskei drie grade van Nederlands aan die Kaap (volgens dr. J. L. M. Franken, aan wie ek die besonderhede ontleen, vgl. *Die Huisgenoot*, 1 Julie 1927): „Bastaard Hollandsch” wat gepraat word deur boer, slaaf, Kaffer en Hottentot; 'n Hollands gekontamineer deur hierdie baster-Hollands en gepraat deur die Kaap se notabeles; en derdens, suiwer Hollands, gepraat deur dié wat in Nederland gebore of opgevoed is. Hy sê, dat hy 'n boekie sou kan opstel oor die woorde met 'n verskillende betekenis.

Betreffende die Kaaps-Hollands (dit is, vroeë Afrikaans) van Boer en Kleurling, weet ons dat die blankes hulle as 'n aparte eenheid beskou het in teenstelling met die gekleurde rasse. Toe Changuion in 1844 sy *Proeve van Kaapsch Taaleigen* agterin sy meergemelde grammatika gegee het, is hy heftig aangeval deur J. Suaso Lima (*De Taal der Kapenaren tegen de schandelyke aanranding*

derzelve van Prof. Changuion verdedigd, Kaapstad, 1844). Duidelik spreek Changuion hom self hieroor uit in 'n brief wat in *De Zuid-Afrikaan* verskyn het (15 Desember 1851): „Toen . . . hoorde ik van meer dan eenen kant dat ik het bij menigen Kapenaar verbruid had door mijne bijgevoegde „proeve van Kaapsch taaleigen.” Het speet mij toen dat er menschen waren die mijne bedoelingen miskenden en mij voor iemand uitkreten die uit boosaardigen spotlust de bevolking eener kolonie, van wier inwooners hij veel goeds genoten had, wegens wanspraak aan de kaak stelde”

Die blankes wou in geen geval met die gekleurde rasse vereenselwig wees nie, ook nie eers t.o.v. 'n „verkeerde” spraakgebruik nie. Die kleur- en kultuurslagboom was blykbaar reeds so sterk as dit maar kan wees.

Dus, insoverre as Nederlands „verwilder” het in die mond van die kleurlinge het dit vir die blankes van destyds 'n gevoelswaarde besit, wat gelykstaan met ruheid, platheid en gebrek aan opvoeding.

Soos ons vroeër aanneemlik gemaak het, bestaan die verskil tussen Kleurling- en Boere-Afrikaans hoofsaaklik in die toon, gees of sfeer van die uitdrukkingswyse, en tweedens in 'n sterker graad van afwykende defleksie en analise.

Tog, op 'n later moment het die Boere-Afrikaans die Kleurling-Afrikaans in die statiese elemente, d.i. die grammatiese struktuur, agterhaal, en wat, sê 'n twee geslagte gelede as Hottentot-Afrikaans gegeld het, is nou op die bepaalde tydstip goeie Boere-Afrikaans. Op die manier verander die grondslag gedurigdeur en haas ongemerk — 'n gewone proses trouens by alle lewende en groeiende tale.

Wat nou die taal van die blankes alleen aanbelang maak ons dieselfde vasstellings. Hier is eweneens op 'n bepaalde tydstip graduele verskille met ooreenkomstige verskille in gevoelswaarde. Nou kom „korrekte Nederlands” (van diegene wat in Nederland gebore of opgevoed is, of van die Kaapse notabeles) te staan teenoor „verkeerde” Nederlands, anders gesê, teenoor die Boere-Afrikaans van die dae. Die bepaling *verkeerd* bevat alreeds 'n veroordeling met sy spesifieke gevoelswaarde van afwysing.

Swaving praat van twee grade onder die gebore en alhier opgevoede Kapenaars, t.w. van die taal van die notabeles (Franken) of burgers (Van Rijn) in die kultuursentrum Kaapstad (en seker ook in ander sentrums, soos Paarl); en van die binnelandse boeremense, d.i. hulle van

„buiten”, of van „onder”. Ook by elkeen van die twee strata sal wel onderlinge verskille bestaan het.

Die korrekter-sprekende „Burgers” sal die taal van die „Boere”, waar dit (volgens hulle, verkeerdelik) afwyk. ook met afwysing beskou en veroordeel het. Hiervoor het ons werklik baie voorbeelde en dit is seker nie nodig om hulle op te som nie. Die houding behoort trouens nie aan ’n bepaalde eeu of plek nie. Vergelyk o.a. die eensydige en propagandistiese boekie van C. J. van Rijn vir ’n paar episodes (*Het Nauwe Verband tussen Afrikaans en het Hollands*, Kaapstad, 1914, blss. 9—24); of hoofstuk XLIII in *Die Lewe van David Christiaan de Waal* deur J. W. (Kaapstad, 1928) en veral die stryd wat die G.R.A. teen mede-Afrikaners vir die erkenning van hul eie taal moes voer, bv. in *S. J. du Toit in Weg en Werk* deur J. D. du Toit (Paarl, 1917), hoofstukke 4—7.

Daar het dus ’n gevoel bestaan teen die „plat”-Hollands van die Afrikaner, komende veral van diegene wat die sg. Hoog-Hollands ken, of voorgee om dit te ken. Dit het o.a. aanleiding gegee tot die grappige „hoogsprokenheid” waarmee die *Patriot* van 1877 so graag die spot gedryf het („Ik heb een os gekoggen.”). Dit is egter minder ter sake. Wat ek na vore wil bring, is dat daar, indien dan geen semantiese of grammatiese verskil nie, wel ’n verskil in gevoelswaarde moes bestaan het tussen *wy* en *ons*; *ik* en *ek* (laasgenoemde vorm net eenmaal voor 1860 in ons tekste opgeteken, nl. in *Kaatje Kekkelbek*); *hem* en *hom*; *zull(i)e*, *haarl(i)e* en *hull(i)e*; *veel*, *veul* en *banje*; *is* en *ben*; *heb* en *heef(t)*; *gekom* en *gekome*; *gekry(e)* en *gekrege(n)*; *toe* en *toen*; *iewers* en *êr(g)ens*, ens. (Vergelyk *Versamelde Werke*, J. H. H. de Waal, deel I, blss. 3—7).

Die bepaalde gevoelswaarde op ’n bepaalde tydstip is vandag nie maklik af te lei uit die stukke nie, maar ons moet die werklikheid hiervan ook nie uit die gedagte verloor nie.

Die kwessie het aktueel geword toe die voorbereidingswerk vir die stigting van die G.R.A. verrig is, en toe daar tussen die vorms gekies moes word. So sê Een Boerenschoolmeester op 9 Nov. 1872 in *De Zuid-Afrikaan* oor die Bybelvertaling, dat baie mense meen dit beteken om af te daal tot Hottentot-Hollands, en antwoord dan; „men spreekt immers ook *fatsoenlijk Kaapsch!*” (aangehaal deur Scholtz *Die Afrikaner en sy Taal*, bls. 227).

Ongeveer dieselfde sê „Ware Afrikaander” oor die vraag: „Is die Afferkaans wesenslik een Taal?” (*De Zuid-Afrikaan*, 4 Nov. 1874), waarin dit o.a. heet: „Ik denk dat it tyd is om ons Afferkaanse taal te erken. Al wat ik tot

hiertoe in it Afferkaans gelees het is veel meer Hottentots Afferkaans as iets anders. Ons moet uitfind, hoe spreek it beskaafde deel fan ons folk?”

Op 30 Jan. 1875 skryf S. J. du Toit in *De Zuid-Afrikaan* in dieselfde trant waar hy onderskei tussen Here-, Boeren Hottentots-Afrikaans en sê o.m. „As ons so een boekie skryf, dan denk ek is dit beste om die middelkoers te hou en die Boere-taal te neem.”

So geld *zullie*, *haarlie* en *wij* as Here-Afrikaans en word geweer. Nou is die Afrikaans van die G.R.A. vir sommige om die rede te plat. Blykbaar het die G.R.A. *ik* ook as Here-Afrikaans beskou, want die vorm *ek* wat voor 1860 net één keer voorkom, en dan in Kleurling-Afrikaans. word nou uitsluitlik aangewend.


Die gevoelswaarde kan in die begin funksieverandering in die weg staan, dog later nie, wanneer dit deur veelvuldige voorkoms verswak. Dan kan ons ook die plek van *wy* in beskaafde Afrikaans geheel-en-al inneem.

Met die oog op dit alles moet dus vir 'n juiste waardering van die taal elke stuk wat hier opgeneem is, ook beskou word volgens sy toon van beskaafdheid, en bowenal moet dit gesien word in sy eie tydsverband. So kan dit 'n leersame studie word om die ontwikkeling na te gaan in stukke in dieselfde toonaard geskryf en daterende uit opeenvolgende tye (diakronies) t.o.v. verskynsels soos die *ek-ik-*, *ons-wy-*, *hom-hem-*, perfektum-imperfektum-kwessies, ens., sê in die Westelike Provinsie, en om so te sien hoe die gevoelswaarde geleidelik verander betreffende die gebruik van die verskynsels. Daarmee skryf ons 'n hoofstuk uit die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans.

VERWYSINGS.

- 1) *Uit die Lewe van Charles Etienne Boniface*, deur J. L. M. Franken (in die *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, Jg. XV, reeks B, Afl. 1. Nas. Pers, Beperk, Kaapstad, 1937).
- 2) *Drama en Toneel in Suid-Afrika*, deel 1, 1852—1855, deur Dr. F. C. L. Bosman (J. H. de Bussy, Beperk, Pretoria, 1928), bls. 541—543.
- 3) *Swaving's sonderlinge ontmoetingen na zijne vlugt uit Delft*, Dordrecht, 1830. Aangehaal deur J. L. M. Franken in *Die Huisgenoot*, 1 Julie 1927.
- 4) *The Journal of Hendrik Jacob Wikar (1779)...* Edited, with an introduction and footnotes, by Dr. E. E. Mossop. (The Van Riebeeck Society, Cape Town, 1935). Aantekeninge oor die Taal van Wikar se Joernaal deur Prof. Dr. J. L. M. Franken.
- 5) *Dagboek van Louis Trichardt (1836—1838)*, met inleiding en aantekeninge van Dr. Gustav S. Preller. Tweede Druk, Nas. Pers, Beperk, 1938.
- 6) Vgl. die artikel van dr. J. du P. Scholtz in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jg. XIII, afl. 3.
- 7) *Oor die Afrikaanse Sintaksts*, deur Dr. J. J. le Roux, B.A., (Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1923). Bls. 140—143.
- 8) Vgl. bv. *Oor die Ontstaan van Afrikaans*, deur Dr. D. B. Bosman, (Swets & Zeitlinger, Amsterdam, tweede druk 1928), bl. 88 en 140
- 9) Dr. J. du P. Scholtz spreek die vermoede uit, dat daar verband mag bestaan tussen *Kaatje Kekkelbek* en die baie stukke in Afrikaans in *Het Kaapsche Grensblad (Die Huisgenoot*, 21 Nov. 1941, bls. 13), m.a.w. dat die stukke onder invloed van *Kaatje Kekkelbek* juis in Afrikaans mag gestel wees. Ek glo saam met dr. Scholtz dat Meurant waarskynlik die monoloog in gedagte nog gehad het, maar meen tog eerder te moet aanneem, dat die voorafgaande briewe wat in sy eie blad in die Afrikaanse taalvorm gestel was, die belangrikste direkte eerste prikkel was.
- 10) Die briewe uit 1861 is afgedruk in *Klaas Waarzegger se Zamenspraak en Briewe uit 1861* deur G. S. Nienaber, (Voortrekkerpers Beperk, Johannesburg, 1940). Die briewe uit 1889 het in *De Zuid-Afrikaan* (van 30 Mei tot 13 Augustus) verskyn; en die uit 1890 ook daar (van 5 Junie tot 31 Julie). Vgl. ook die Tweede Uitgawe van die *Gids tot die Publikasies in en oor Afrikaans* uit die Parlements-biblioteek, Kaapstad, 1934, bls. 13 Ek besit fotostatiese afdrucke van al die briewe.
- 11) Ook die titel en *Voorwoord* van die *Zamenspraak* uit 1861 is in Nederlands gestel.
- 12) 'n *Zangstuk* „Door een Lid der Associatie, M....” (is die M.... nie M-urant nie?) het as slotvers:
 Ten slotte nog een glaasje wijn,
 De „Pledge” dient niet vergeten!
 Haar kracht weerstond het scherpst fijnij,
 Deed „Trouweloozen” zweeten.
 Zij blijft bij ons in volle kracht,
 Als men ons regt verguist, verkracht.
 De Pledge moet blijven leven! (bis).
 Uit *Het Kaapsche Grensblad*, 23 Maart 1850.
- 13) Vgl. in *Klaas Waarzegger se Zamenspraak en Briewe uit 1861* (kyk nr. 10 hierbo) die gedig op bls. 71 *Het Nieuwe Afscheidslied* en ook die erkenning van C. P. Hoogenhout oor die inwerking van die lied op hom (*Eerste Skrywers, Laaste Stem....* deur G. R. von Wielligh (J. L. van Schaik, Pretoria, 1918), bls. 137).
- 14) Die voorbeelde is versamel in 'n voetnoot op blss. 17 en 18 in *Oor die Afrikaanse Taal*, deur G. S. Nienaber (Swets & Zeitlinger, Amsterdam, 1934).
- 15) *Travels in the Interior of Southern Africa* (1822), dl. I, bls. 13.
- 16) *Inleidende Opmerkingen tot Proeve van Kaapsch Taaleigen uit De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld....* door A. N. E. Changulon, Kaapstad, 1844).

TEKSTE



TEKSTE.

Uit: *Hollandsch Zuid-Afrika*, 15 Augustus 1920, oorgedrukt
in *The Umpa*, Oktober 1925; en afskrif daarvan.

LIED TER EERE VAN DE SWELLEN DAMSCHE EN
DIVERSE ANDERE HELDEN BIJ DE BLOEDIGE ACTIE
AAN MUIZENBURG IN DATO 7 AUG., 1795.

Ons noemt ons Christ, niet Mahmedaan, O wee!
Ons zweer zoo maar bij zon en maan
Om niet te vreezen vuur en staal,
Te blijven altoos Nationaal, O neen! O neen! O neen!

Delpoort koos ons tot Commandant, O wee!
Die kaerel die heeft krijgsverstand.
Hij schoot, eer ons van huis vertrok,
Een groote vette bonte bok. O jee, O jee, O jee!

Hij dwingt zoo maar ons heele land, O wee!
Van kaffers grens tot deese strand.
Ja Neef, wat is hij wreed en straf,
Hij zette onze Landdrost af, O wee! O wee! O wee!

En ziet, wat steek hij niet vol moed. O he!
Hij zoek de vijand regt verwoed.
Nog zweer hij dan bij zon en maan:
Ons zal nu ook aan 't vegten gaan, O he! O he! O he!

Ons juig, is vrolijk, vol plaisier, Hoezee!
De Brit mag zijn een Bok of Stier,
Ons steek ons stander in de zak
En met gemak rook ons Tobak, Hoezee! hoezee! hoezee!

Maar, Ari Neef, de kogel kom, o wee!
Ons kan begriip, het is een bom,
Kijk hoe ze voor ons neder springt!
O wee! dat is een vreeslijk ding, o wee!

Het is geen Assegaay of Pijl, O Neen!
Neen Neef, die Ding gaat zoo maar stijl
Een weg, die is zoo hoog, zoo lang,
Dat ons moet worden zoo maar bang, O Jee!

Ach kost ons Neef, ons keer weer om, O Wee!
Maar ach, zie daar valt weer een bom;
Hoe hij die klip aan stukken slaat!
Ons kan niet vlugten! 't is te laat, O Wee!

Kom, laat ons achter 't heuvel spring, O Wee!
Want dat is vrij die beste ding,
Om daar te bergen onze gat;
Ons kies dan straks het haasepat. Gaat mee!

Doen ons dat spulletje aangekijk, O Wee!
Is ons omtrent zoo maar bezwijk.
Zij vroeg niet, is, ons Christen mensch,
Maar schiet zoo maar naar onze pensch, O Wee!

Kom, laat ons nu maar loopen gaan, O Wee!
Wie kan met zulke wapen slaan?
Ons keer naar huys, vat ploegschaar op.
Daar valt geen Bom op onze kop, O Wee!

BIBLIOGRAFIE:

Hollandsch Zuid-Afrika, 15 Aug. 1920. *The Umpri* (Johannesburg) Oktober 1925. *Die Burger*, 14 Aug. 1925, artikel van prof. J. J. Smith, oorgedruk in *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners* (Potchefstroom, 1926). *Drama en Toneel in Suid-Afrika*, deel I, deur dr. F. C. L. Bosman (De Bussy, 1928), en in brosjure *Afrikaans as Skryftaal* (s.j., bls. 3). Artikel van dr. J. du P. Scholtz in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jg. XIII, afl. 3. *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika*, deel I, deur dr. E. J. M. Conradie (De Bussy, 1934), bls. 117—118. *Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde* (verkort tot *Gesk. Afr. Lett.*), deur P. J. en G. S. Nienaber (Van Schaik, Pretoria, 1941), blss. 25—27.

Vir die historiese agtergrond, raadpleeg veral C. Beyers: *Die Kaapse Patriotte* (Kaapstad, 1930) en dr. P. A. C. Wieringa: *De Oudste Boeren-Republieken* (Den Haag, 1921).

ZAMENSPRAAK VAN TEENSTRA.

Uit: *De Vruchten mijner Werkzaamheden gedurende mijne Reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en terug, over St. Helena, naar de Nederlanden* (Groningen, 1830), deur M. D. Teenstra. Aanhaling uit sy *Zesde Brief*, in Deel I, wat van sy verblyf aan die Kaap in 1825 vertel. Daarom plaas ek dit hier.

Fotostat (van bls. 360—366).

De hoofd- of moedertaal in deze kolonie is de Hollandsche; men hoort dezelve zoo wel in de kerk van den kansel, als in de pleitzaal en in den schouwburg spreken. Vele familiën, zoo wel in de stad als in de buiten-districten, verstaan zelfs geen woord Engelsch, niettegenstaande deze kolonie reeds meer dan twintig jaren door hen is geregeerd geworden; dan de Engelschen beginnen er thans meer werk van te maken, om hunne taal hier meer algemeen te doen gebruiken, echter geloof ik, dat dezelve door de Kapenaars nog langen tijd als eene vreemde taal beschouwd zal worden. Dat taal, zeden en gebruiken zeer nauw aan elkander verwantschap zijn, wisten de dap-

Ik was toch zoo bly om jou laaste *Grensblad* van den 22 te ontvang. Reg, neef Louis, die Engelse is toch slimme mense. Ik het die lange schryvens van *Bells Messenger* gelees, en nou is ik toch zoo bly, want als ik ouwe Regina, die wyze ouwe Malbaarse meid van vaar ongelukkig weer een gat in haar kop slaat met de achterste end van de achter os sambok, zit ik daar maar gou een pap van beestemis en azyn op, en dan durf zy niet gaan klage, want kyk de skryver van die Engelse krant zeg mos: "Een gramstorige en ongeduldige *meester* moet zich niet te veel vernederen in zyne erkentenissen aan zynen *dienaar* dien hy een weinig te haastig heeft behandeld;" en "nadat wy onze *amende* (om Mias zeg die laaste woord is Frans, en meen vergiffenis vragen) hebben gemaakt door het herstellen der dwaling, hebben wy *alles* gedaan wat van ons kon worden *gevorderd*." Wel! ik zeg, dit is reg zoo als dit weze moet. Die wyze, nukkerige, ouwe Juts Menzies, wat alle mense zoomaar grouw en snouw nets of hy alleen een Kristemens is, en ons allemal Hotnots is, moet nou oppas. Want als dat zoo is zoo as die Engelse krantschryver zeg, dan het hy al banjang onreg gepleeg. Een staaltje val my nou by. Jy zal jou dit ook nog wel heuge, neef Louis. Weet jy nog toe ouw Klaas Opperman dien hamel van vaar gesteel het; ons het hom met die hamel gevang, en afgeneem, en arme ouwe Klaas het regte banjang gezoebat, en om vergiffenis gevra, of zoo as hulle op ze Frans zeg, de *ameude*¹⁾ gemaak, maar ouw oom Jury het hom daarom na de tronk gestuur, en toe hy voor die kwaaye, nukkerige ouwe Mencies kwam, het hy arme ouw Klaas gevonniss voor zeuve jare zware werk. Is dit nou reg, neef Louis. Die Engelse krant zeg mos, als een mens verbrui, en hy het *ameude*¹⁾ gemaakt, kan niks meer van hem *gevorderd* worde. Nou, ouw Klaas het die hamel terug gegeve, en hy het gezoebat, en beloof hy zal nooit meer doen nie, en toe straf ouwe Mencies hem nog! Hulle zeg mos een krant kan geen leugens vertel nie — Neef Louis, een van bei moet tog verkeerd hebbe — ouwe Mencies of die krantskryver. Stuur my tog, neef Louis, nog een van jou *Grensblad* van de 22 Deetember, waar die skryvens van *Bells Messenger* in staat; ik wil

1) Lees: *amende*.

dit bewaar, — en as ik ouw Regina weer een gat in de kop slaat, zit ik daar gou reuzel zelf op, of keziensblaar pap, en ik zeg haar, dit spyt my, en as zy dan by ouwe Hutson gaat klage, en hy vraag my wat ik te zegge het, lees ik hom reguit die stukkie voor uit die Engelse krant, en dan durf hy my mos niks vermaak nie, of de drommel haal hom.

Groetnis aan niggie en de kinders, neef Louis? Altemits kom ik nog op ouwjaar na julle kuyere, en dan zal ik jou alles van die Eenziel, of Ezel, van Grafernet vertelle.

Jou opregte Niggie,

GRIETJE BEUZEMSTOK.

Uit: *Het Kaapsche Grensblad*

5 Jan. 1850.

VIERDE EN LAATSTE ZAMENSpraak TUSSEHEN
JAN EN PIET, OP HUNNE TERUGREIZE VAN
GRAAFF REINET.

December, 1849.

Jan. Eergister zegt neef Piet, dat jy met myn nog een appeltje te schillen had, wat 's het?

Piet. Ja, hoe kan jy zoo make, om ons gesprekke die wy met malkander gehaat hebbe, in de krant te late zitte, he?

Jan. Neef Piet! ik heb het niet gedaan, maar dit heb ik gedaan, ik heb het aan kleine Josie verteld, ik kan dus niet anders denke als dat hy het moet gedaan hebbe, ik zelve was verwonderd om dit in de krant te zien, —maar ik moet jou zegge dat ik daar niets om geve, al had hy ook myn Van daarby gezit; want wat ik gezegd hebbe, wil ik voor den Gouverneur zelfs staande houwe; de bandiete kan hy maar voor myn part, voor zyn gezelschap houde, en aan zyn tafel kost geve, de troepen hebbe toch al een gestole os opgevrete, is dit niet schande!

Piet. Ja, van die grap het ik ook gehoor... maar dat die roesie die myn vrouw met myn gemaakt hebbe ook in de krant staan, dat's toch niet mooy!

Jan. Maar de mensen wete mos niet dat het juist jy bent,—daar zyn zoo veul Piets in de wereld.

Piet. Ja dat 's waar! maar dit is mos haar ouwe manier om myn zoo in de schande te steek als daar ander mense by is,—en zoo zulle weg is komt zy altyd weer met haar afmakery.

Jan. Wel, dan is het goed dat dit in de krant gekome is, dan zal zy het aflate.

Piet. Ja, als dit maar waar is!—... nou tot daar na toe, een wolf verander wel van *nukke* maar van *hare* niet.

Jan. Van *hare* wel maar van *nukke* niet, wilt jy zeggen.

Piet. Wat myn altoos de meeste ken vererggen, is altoos haar verhekse uitleggerij van famielje! jy zou zweere dat de hele wereld haar vrinde is, zoo koppel zy alles aan malkander.

Jan. O! dat 's de broederlikke liefde... wie weet... van Adams kant, heeft zy altemit zoo groote famielje; ha, ha, ha!

Piet. Ja, jy met jou a, a, a! jy moet altyd spotte! anders ken jy niet leve!

Jan. Kom neef Piet, laat ons maar van ander dinge praten... wat denk jy, zou de boere niet kwaad weze als ze weet wat ik eergister omtrent de opvoeding hunner kinders gezegd hebbe?

Piet. Ik weet niet... dit 's mos waar neh?

Jan. Neef Piet, hoor,—daar is nooit geen regel zonder uitzondering. Ik ben een boer, jy bent ook een boer,—nou daar is meer boere die zoo denke als wy, en die hebbe half niet zoo veul moeyte om aan meesters te kome als de andere, die ook zoo als wy denke, dat het net zoo onmogelyk is een kind in zes maande te leere, als met ons hand aan de maan te rake, nou van zulke praat ik niet, maar dit getal is nog maar klein, in vergelyking van de ander.

Piet. Maar hoor neef Jan! wat zeg jy nou van advokat Ebten?

Jan. Een spreekwoord zegt, aartje na zyn vaartje,—even als de ouwe heeft hy ook onze heilige zaak verlaten, en ons verraaye; ook hy zal zyn loon kryge, en moet nou maar uitscheye altoos met de Judge af te komen; want ik denk niet dat hy hierzoo weer zaken zal krygen, behalwe van een of andes ellendeling, zoo als *Eenziel* waarvan *Elsje Beuzemstok* voorlede week in de krant geschreve hebbe.

Piet. Ja, magtig, de mense op het dorp praat nou toch schandelyk van hem... als de bandiete nou geland worde, moet hy maar voor hulle pleite, want die aasvogels zal voor de Jutse genoeg te doen geve!

Jan. Ja, maar dan kan hy zyn zakke maar late toenaayen, te stoppe zal hy dan niet kunne; met die proces aan de Kaap is het dan toch mooy afgeloop, neh?

Piet. Ja, ik denk *Letterstet* moet maar aan alle mense die zyn winkel of pakhuis verbygaat, de notaris stuur, en hulle late afvraage waarom ze hem voorbygaan zonder

te kome kopen, en van hulle dan almal geld eise, dan zel hy wel de Vyf duizend pond by malkaar kry, die by noodig hebbe, want hy moet daar danig om verlege wees!

Jan. Jy bent van daag regt op jou stukke, neef Piet!

Piet. "A! hoe denk jy dan?"

"Ik wil maar nie, neef Jan!"

Jan. Maar als jou vrou daarby is dan gaat dat niet, nie waar?

Piet. Begint jy weer... zy overbluft my ook altoos, maar als alles verby is, dan komt zy toch altoos de eerste aan, anders zoen zy my nooit, maar dan kryg ik een, daar help my geen dokter van af, en daarmee, "op en uit."

Jan. Dat 's toch eene deugd van haar.

Piet. Ja, neef Jan! maar jy moet wete, als ons alleen is, dat ik myn parmantig hou, dan toon ik dat ik baas ben.

Jan. Nee, dan is het toch niet zoo, ik heb nog altoos gedacht dat het met jou is:—

"Arme Piet Klaas!

"Boter en Kaas,

"Hy durft niet raas,

"Zyn vrouwtje speel baas!"

Piet. Hoor, neef Jan Spotvogel! ik ben bly dat hier de pad afdraay na myn huis!—(Jan de hand toereikende) nou, goeën dag neef Jan! kompement ook aan niggie en de kinders!

Jan. Dag neef Piet, ook de compliment als je belief!

Piet. Dankie.... hurt! hurt! Boontje; hurt!

Uit: *Het Kaapsche Grensblad*

2 Februarie 1850.

(Van fotostat).

Origineele Correspondentie.

Vis Riviers Rand,

den 20 Janewarie 1000,800,50.

WAARDE NEEF DRUKKER! — Ik het jou mos geschryve dat ik zou verneem of die Eenziel op Grafernet een dogter had; wel ik het zoo gedaan, maar nou hoor ik gelukkig dat die baboullie zyn kinders algaar zoons is; maar of dit wel de waarheid is weet ik nie; want ik denk amper dat myne Krespondent bang is om my de waarheid te skryve, want dits mos nou tegenwoordig niks anders als akcies, of processen. As een kerel dom, en leelyk, en inbeeldig, en nie die moeite waardig is om hom aan te kyk, — en hy kom bemoei met zake wat hy nie verstaat, en waarvoor

onze Lieveneertje hem nooit gemaak het nie; ja, neef Louis, as een kerel wat gemaak was om milies te skoffel of watervoore schoon te maak, hem wil uithange als een groote heer, en een heele party kopere korsspelde op zyn manzette hemp steek, of vergulde kettings om zyn hals hang; as zoo een vent, Neef Louis, by de groote lui een witvoetje wil zoek, om justies van de Pies te worde, — en jy zeg hulle dit reg uit, zoo as in de oude tyde de gebruik was, dan het jy een proces aan jou kwas, en dan moet jy geld by schepelswyze uitrukke om aan hulle schadevergoeding te betaal, — nets of zulke vuilgoed ook kan skade lye voor iets dit iemand van hulle kan zeg. Maar hulle zal my met hulle aksies nie vaskry. Een ding, neef Louis, hoop ik; — laat de Engelse doen wat hulle wil, maar laat onze Aferkaanders nooit die lekhontjes vergeet niet, wat ons land verraay het. Ik hoor mos, dat daar in de Engelse Krante geskryve word, dat daar reeds een verzoening onder de mense plaats vind, en dat as die Konvik spul eers over is, ons weer met janrappe en zyn maat moet goeye vriende wees! Wel! dats een mooye grap! Zoo; dan kan een mens maar liege en bedriege, — zyn makkers met wie hy eers meegewerkt heeft verraaye, — de beste voorstanders en verdedigers van ons land op alle maniere soeke te overrompele en te vernietige, — zyn plegtige woord breke, — en op alle maniere handele dat schurkagtig is, en wanneer alles over is, en hulle het hulle zin nie kan kryge, ofschoon hulle alles gedaan het om die vyand de overhand te laat kryge; — ja, neef Louis, as zulke lage, infame, oneerlyke, skurkagtige mense alles dat hulle kon gedaan heeft dat een mens verachtelyk kan maken in de oogen van alle eerlyke mense, — en dan nog al party hulle zakken ter dege gevuld heeft — dan, as alles over is, moet ons hulle de hand geve, en ontvang as of zy net zoo die slegte ding tegengewerkt het als oom Ferbern¹⁾, en onze brave ouwe Predekant Morgan. Noem hulle *dat* verzoening? Nee, neef Louls! ik is wel Greformeert, maar zoo ver gaat ik nie. Ik zeg, beloon de eerlyke man, en straf de verraayer! Maak een onderscheid tussen opregte eerlyke mense, en knoopedraayers, leugenaars, verraayers, verdrukkers, witvoetzoekers, en skurken. Stel de eerlyke man in jou publieke posten, geef hom werk in zyn nering, handel by zyn winkel; — maar verjaag de verraayer in vervolg uit alle fatsoenlyke gezelskap, — geef hom geen publieke pos, — kyk hom nie aan, laat hy zien dat hy klaar kom, al is hy Advokaat, Justies van de Pies, Bank Direkteur, of iets anders. Laat hy as Judas rondloop met de merk van zyn verraayery voor

1) Ferbern: Fairbairn.

zyn kop. Doet hom geen kwaat, maar laat hy loop. Verzoene! wel ik zeg! dats een mooye grap! Dan zou ik my gaan verzoen met een slang wat my fleussies in de been, digt by een aar, gesteeek het; en hom in myn borst ronddraage, om myn weer by de eerste goede gelegenheid een doodsteeek te geve. Nee, nee, neef Louis! zoo het ik nooit gekatikiseer nie. — Myn geloof is, om eerlyke goede mense te ondersteun, en aan de wereld op te draage als een voorbeeld voor andere om na te volge; dat geef aanleiding om alles wat groot en goed is aantekweek, en alles wat sleg is uit te roey, nets onkruit. Maar as almal met een kam moet geskore worde, en daar geen onderscheid moet gemaak worde tusschen Oom Ferbern en -----, en Advokaat Brand en ----- aan de Kaap, of Neef Kobus Meintjes en ----- op Grafernet; wat voor eer is daar dan om goed en eerlyk te wees? Hoor neef, kortaf, en jy kan dit maar in jou krant laat druk; as de Juts weer afkom, en ik had een zaak voor hom, al was daar tien Advokaats, ik geef myn zaak aan ----- en ----- en al was daar maar een Advokaat, en hy een verraayer, ik vat hom nie, al moet ik myn zaak verspeul; nee, regtig, ik vat hom nie. Ik pleit liever selfs. Nee, dits verzeg, ik verzoen nie met zulke schorremorre. Laat vogels van eender veere, met malkaar verkeer; maar ik hou my nie met zulke aasvogels op.

Jou opregte Nigt,

GRIETJE BEUZEMSTOK.

Uit: *Het Kaapsche Grensblad.*

9 Maart 1850.

(Van fotostat).

Onder hoof: *Origineele Correspondentie.*

ZAMENSpraak

Tusschen WILLEM, ADOLPH, en JANTJE EENVOUDIG.

Graaff Reinet, Feb. 1850.

Willem. Hoe verblyd gevoelt zich myn hart thans niet, myn waarde vriend! u, na zoo een geruime tydsverloop, weder in goeden welstand te ontmoeten; doch helaas! ik vrees, in eene geheel andere betrekking voor elkanderen, als weleer!

Adolph. Hoe zoo, waarde vriend?... verklaar u nader.... Ik voor my denk dat ik ten uwen opzichte nu dezelfde gebleven ben; nog roepe ik dikwyls, — doch niet zonder aandoening, — dien gezegenden tyd, voor myne verbeelding terug, toen wy, door de aangename banden

der opregte vriendschap verbonden, met elkanderen dagelyks daarhenen wandelden; dagelyks onzer beider ouderen huizen, als zoo veele heiligdommen mogten betreden, terwyl de volmaakste *harmonie* in denkbeelden en gedragingen ons leven veraangenaamden!

Willem. Ziedaar, eeuwig geliefde vriend! wat my van u het meeste grief....

Adolph. Verklaar u! verklaar u vriend!

Jantje. Verduivels! ik weet nie... ik ken toch Hollanders maar daar kan ik niks nie van verstaan, — dat 's een wonderlikke taal!

Willem. Hoor dan, — van een uwer burens hoorde ik voor eenige dagen, dat gy de meeste handelingen der Anti Bandieten Assosiatie afkeur, en dus, in eenige opzichten, niet zoo sterk tegen den invoer van bandieten zyt, als ik van u met rede verwacht heb! — is dat zoo?

Jantje. Ja wach!... nou hoor ik van bandieters... nou zal ik begin te begrype... die vermoerde goed!

Adolph. Waarde vriend! Is de smaken en gevoelens der menschen steeds niet, indien men met opregtheid te werk gaat, — Hemelsbreed van elkander verskillende? wel nu, ook heb ik de myne, zoowel als gy de uwe, — en daarom bezwere ik u, by onze, zoo ik hoop, eeuwigdurende liefde en vriendschap, die wy van onze vroegste jeugd af aan voor elkanderen gekoesterd hebben! my geenzins te haten, indien ik in het onderhavige onderwerp, in gevoelens van u moge verschillen; maar veeleer my, indien ik dwaal, met die zachtzinnigheid aan uw karakter zoo eigen, — myne dwaling onder het oog te brengen, denkende, dat te dwalen aan het mensckelyk natuur eigen is; onder deze voorwaarde dan alleen, zal ik u myne gevoelens hieromtrent verklaren.

Jantje. Myn magtie! jy zou zweeren dat die twee uitgestudeerde Predikante was! — ik kan hulle nog nie vat, — dat's te hoog!

Willem. Wel, myn vriend, ik ben verheugd u zoo te hooren, nu reeds weder herken ik in u, diezelfde opregte en verstandige vriend myner jeugd; spreek dus vry uit, even als ik zal doen, zoodra gy klaar hebt, misschien kunnen wy elkanderen beiden tot nut verstrekken.

Adolph. Zoo sterk als iemand ter wereld, ben ik ook tegen den invoer van bandieten; ook heb ik de Gelofte geteekend, doch onder den indruk, dat dezelve geenzins vatbaar was voor zoodanige uitlegging als welke men nu daaraan geeft; ik dacht dat het genoeg was dezelve ook in werking te brengen zoodra er pogingen aangewend zouden worden de bandieten te landen....

Jantje. Dat's een mooye grap!

Adolph. Temeer, daar de Gouverneur in zooverre aan het verlangen der ingezetenen voldaan heeft, de Neptune met hare helsche lading, tot nadere orders, in de Simonsbaai dryvende te houden....

Jantje. Nee, nee, na hulle moer! dit's de beste.

Adolph. En daar Sir Harry uitdrukkelyk gezegd heeft, dat het opstand tegen zyne Koningin zoude zyn, het pest-schip weg te zenden; heeft hy van zynen kant dan niet gedaan wat hy kon, om ons genoeg te geven, en dit zoo zynde, waarom moet men dan de Gouverneur op zoo eene wyze trachten te dwarsboomen, zoo als nu dagelyks geschied, door zelfs *provisien* te weigeren, en dus doende honderden van menschelyke wezens den hongerdood te doen sterven?

Jantje. Wil jy geloove neef Dolf! dat zoo ver als ik jou verstaan het, jy ook onder de *plets* moet kom; en als jy van daag op Stellenbosch was, en jy het zoo gepraat, jy nou al onder de vrotte eyers was, net als eene *Morkel*, die vrederegter van *Hotnots Holland*, en die nou nets een bedelaar by de Kaapsche *Anti Bandiet Assoacie* alle haverklap kom mooi praat, en altemit nog huile ook daarby; want hy is, geloof klaar voor zyn duite. Dit het ik zelf in de krant gezien.... he wat zeg jy nou daarvan, vermoerde kerel!

Adolph. Gy moogt *een* driftige — doch *geen* verstandige patriot zyn!

Jantje. Wat zegt jy!

Willem. Wees bedaard vriend Jantje! — laat *my* maar met myn' vriend begaan, door driftigheid bederft men vaak de beste zaak.

Jantje. Toe dan maar, ik wil zien hoe het zal afloopen; ik denk roskam is de beste.

Willem. Gy hebt my nu uwe gevoelens verklaard, hoor my nu voor een oogenblik aan.... Wat de Geloofte aangaat, dezelve is in onbepaalde bewoordingen geschreven, vatbaar voor elke uitlegging die men aan dezelve geven kan, het algemeene doel te bereiken, daar zoo velen onzer medekolonisten zoo veel voor opgeofferd hebben. En ik denk dat, indien men de werking der Geloofte tot later opgeschort zoude hebben, de bandieten nu reeds lang onder ons zouden rondzwerven, en misschien hadden verschéidene van ons, nu reeds, meer dan een dierbare betrekking te betreuren die door den geoefenden arm van den God en eer vergetenden booswicht, naar de andere wereld gezonden zoude zyn, — en dat buiten de Geloofte, en de werkzaamheden der Anti Bandieten Genootschappen, zulks werkelyk het geval zoude zyn, behoeven wy slechts ons, aan dien schrikkelyken eed te herinneren

door den Gouverneur gezworen, om de bevelen van Graaf Grey optevolgen! dank dus dien tegenstand, dien hy aanstonds ontmoette, en waardoor hy belet geworden is zulks te bewerkstelligen. Wat nu het verblyf van de Neptune in de Simonsbaai betreft, — des Gouverneurs *wetgeleerde* raadgevers hebben hem zulks aan de hand gegeven als wettig, terwyl anders te handelen onwettig zoude zyn; terwyl weer de andere, of liever 's volks eergetouwe wetgeleerden, van een tegenovergestelde gevoelen waren. Ik ben geen wetgeleerde, maar ik zou denken dat hy even zoo goed het schip kon weggezonden hebben als hetzelfde op zee dryvende te houden; want de bandieten zyn gekomen om alhier dadelyk verspreid te worden; dus heeft hy zich toch aan ongehoorzaamheid schuldig gemaak; ja zelfs eenen schrikkelyken eed, als een zaak van geringe waarde beschouwd! En nu, over die nadere orders, kan dezelve niet van dien aard zyn, als om de schelmen te doen landen? — en dan, wat zal de Geloofte dan baten? zouden wy dan niet, door onze handelingen, aanleiding geven tot moorden, roven en plunderen; want waarvan moeten zy leven? Nu, door benodigdheden voor het Gouvernement te weigeren, bedoelden wy slechts de verwydering der helsche Neptune uit onze wateren, en er is geen twyfel aan, of indien, niet eenige ellendelingen opgestaan waren, en het gouvernement niet hebben voorzien, wy het toonbeeld onzer vernedering reeds lang zouden verdreven hebben. Ziedaar, myn vriend! wat men daardoor bedoelde.... uithongeren!! wat! kan zulk een denkbeeld ooit in het gemoed van een denkend wezen ontstaan zyn!? Neen, de Gouverneur zoude dan, geen leef- togt kunnende krygen, genoodzaakt geworden zyn, aan onze wenschen gehoor te verleenen, en door omstandigheden (veronderstel dat het anders onwettig zoude geweest zyn) gedrongen, zoude de geheele wereld, hem van eenige onwettige daad vrygesproken hebben. — Wat zegt vriend Jantje er van?

Jantje. Ik weet nie.... ik denk ophang is de beste.

(*Vervolg hierna.*)

AANTEKENINGE:

Die *Vervolg* het nie verskyn nie.

Uit: *The African Journal (New Series)*

2 Mei 1850.

(Van fotostat).

THE POET'S CORNER.

HET VERSCHRIKKELYK GEVECHT TE
BOOM PLAATS.

EEN NIEUWE LIED NAAR EEN OUDE WYZE.

Wyze:— *“Olie, olie van de Druiven.”*

Vrienden komt en hoort hier aan
Wat heeft Piet Rasmus gedaan,
Hy was daar ook een Veldkornet
Te handel naar Pertoors zyn wet.

Maar hy is aanstons omgekeer,
En heef by Waarden ingesweer,
Hy heef zyn mantel omgedraay
En heef Pertoors gaan veraay.

Toen deet Rasmus meenig zug,
Hy moes daar voor Pertoors vlug
Twee man die zyn hem na gery
Om hem te zeggen hy moes bly.

Rasmus was toen in de velt
Hy doch toen al dat zou hem gelt,
Hy is naar Hendrik Plooy gejaag
En heeft daar zynen noot geklaagd.

Rasmus was toen in de noot,
Hy doch toen al dat kos zyn dood,
Hy heeft Pertoors eers genoot
Toen moes hy voor Pertoors vloot.

Toen is Rasmus deur gery
Hy heeft die Gouverneur gezey
Dat hy moet deur komt in dit lant
En bring Pertoors al van kant,

Die Gouverneur hy was zoo bly
Dat Rasmus toen was zyn laky,
Hy heeft verstrekk daar zynen raad
Om tegen Kommendant Pertoors te slaat.

Toen is Rasmus deur gekom
Met Grikwa, Kiepkooort en Kanon,
Maar Rasmus schrikte byna dood
Toen hy op Boomplaats hoor de schoot.

Wat heeft Pertores toen gedaan,
Daar tegen die Government geslaan,
Vyf burgers blyf daar in de slag,
Van die Government een groote mag.

Pretores is een dapper held
Met zynen burgers op slagveld,
Hy heeft geslagen die groote mag,
Agt Offesiers blyft in de slag.

Toen had die Gouverneur geen mag
Die avond plats zyn vlag,
Hy heeft geslaap die nagt daar om
Zyn oorloogs hoet op de kanon.

Die Gouverneur die zug zoo zwaar,
Hy bit en hy zag geen uitkomst daar,
Die avond vlugt hy in de rant,
Tot dat hy zag een vrede stant.

Nu is Rasmus Kommedant,
Zyn hoogmoed overstroomt het lant,
Hy is die oorsaak van veel bloet,
Nu zoek hy weer een witte voet.

Hat Rasmus gedaan een goet woord
Was Draaier en de Engelsman
Maar hy is al die overzak groot,
Daar van de twee man zynen dood.

Maar Draaier zyn bloed die roep om wraak,
Die Gouverneur die maak ons kwaad,
Hy is gewees tot onze straf
Hy vordert onz veel boete af.

Pertores is een man van eer,
Hy houd zyn woord met die Gouverneur,
Hy heeft gezegt blank tegen blank
Smit is een leugenaar al van lang.

Wat heeft Rasmus toen gedaan,
Na onze eigendom geslaan,
Hy heeft die vlouwe vee gezogt,
En heeft het op Bloemfontein verkocht.

Toen is hy naar huis gegaan,
Want hy heeft groot onreg gedaan,
Hy doch hem daarmy te verryk,
Maar het zal wel smelt als de slyk.

Wat is Rasmus toch niet bly,
Hy doch hy zou de burgers kry,
Hy heeft beloofd vier hondert man
Hy blyf daar ook een leugenaar van.

Rasmus is Kommedant alhier,
Daar op de wal van Modderrivier,
Hy is de Heer van twee man hoog,
Van Piet en Gert met zyne holle oog.

Vrienden komt en hoort het al,
Wag u tog ook voor dit geval,
Dat gy nooit uven mantel draay,
Noch uven lantgenoot verraay.

Eynde van dat liet,
Die verdraayer zyn verdriet,
Zyn vouten daar in zeit,
Die digter van dit liet — is

J. N. N. VAN STOEL.

[An English Translation will be given in our next.—
Ed. A. J.]

Uit: *Het Kaapsche Grensblad*
12 Oktober 1850.
(Van fotostat).

Origineele Correspondentie.

Aan den Editeur van het "Kaapsche Grensblad."

MYNHEER, — Eergisteren morgen reed ik naar de Kerkplaats om my van een barbier die daar woont, te laten scheren, omdat ik zoo eene beveratie had, en op weg telde ik den volgenden brief op, die ik naar UEd. ter publicatie zend, daar dezelve toch geene byzondere geheimen bevat.

Annaatjes Kraal, Olifants Hoek,
13den Sept. 1850.

LIEVE NIGGE BETJE! — Wel, wat denk jy nou van Olifants Hoek? Ik het jou mos al lang gezeg, dat de Kerkplaats een dag een voorname plek zal worde — maar wie het ooit kunne denke dat het zoo gou zou kom? Wat het ons toch nie binnen de leste maand beleef nie? Ja net gister was dit een maand dat onze lieve ouwe predikant hier was om kerk te houwe, en as ik denk wat er na die tyd gebeur is, dan schrik ik zelf. Maar wag, laat ik jou maar met eens vertelle, want ik weet jy bars nou al amper van nieuwsgerigheid om dit te hoore. Nou! eers, zoo als jy weet, was daar kerk en rykelyk wagens, en ik

verzeker jou jy zou verstomt geweest hebbe om te zien hoe de jufvrouwe en de noyens gekleed ware. Nee! op myn woord, ik het nog nooit zoo wat gezien. Hulle verbeel hulle op Uitenhage en op Kreemsstad dat hulle alleen modeboekies het, en dat wy van niks weet nie, maar hulle het dit mis. Ik verzekert jou dat die vrouwe en dogters van die "Zandtrappers" (zoo als ik hoor dat hulle ons in die Karrooveld noem) dit maar ter dege goed verstaat om hulle mooy aan te trekke — ach! ik wou gezeg hebbe, te kleede.

Maar jy zal ongeduldig worde, en ik zal maar voorgaan, anders zou ik jou geskreve hebbe wat tante Martje, en tante Kalie, en nigge Antje aangehat het, want ik verzekert jou, ik het ter dege in die Kerk al die patrone van hulle nuwe dresse afgekyk, en ik is nou bezig om voor my een kleed te maak, wat ik van niggie Leentje afgekyk het. Maandag, da die kerk, was daar Vanditie, en broer Gert het my een pragtige Tjalie gekog, reg spotkoop. Het pas zoo reg by myn kleed. Diezelfde avond het die mans een Mieting gehouwe in die Kerk, over die Beestegeld wat die ouwe Gouverneur onze mans nou uit wil kul, en hulle het daar op Emgels gepraat dat die moeite werd was om te hoor. Maar broer Gert kon geen woord verstaan nie, en dus kan ik jou niet vertelle wat Poot en Etley (wat ver aardige name) gezeg het.

Knap was die Mieting voorby, of toe kom die landmeter, Brandvader, (reg wat voor aardige name het die Engelse tog) om die erve op die Kerkplaats te mete, en toe vond hy uit dat alles harlaboerla was. Leech zyn huis staat op zyn buurman zyn grond, — ouwe oom Adendorff moet 8 voete van die straat hebbe, en zoo al voort.

Die landmeter was schaars met zyn kettings weg, of toe hoor ons weer dat die Beestekop (weer een koddige naam) van die Engelse Kerk, hier zou kom, en hy kwam ook reg onverwagts by oom Adendorff aan, met Kornel Somerset, een of twee van zyn predikante handlangers (denk, by ons Greformeerde is dit toch nie zoo nie) en byna die heele Kaapse Resement agter hulle aan. Ik dog reg dat dit een patrolje was, maar die heele spul is die dag daarop weer weggery.

Maar nou, lieve Bet! kom die mooiste van myn brief. Denk tog, gister avond zou hier een *Baal* weze! nie een ordinaire danspartytje nie, maar een opregte Superskuptje Baal. Dit was by Kemp zyn Hotel, en jy kan denke dat dit niet zomaar een vrolykheid zou weze, want hulle het zelfs by oom Koeraad groene ertjes bestel voor die supper, zoo als die Engelse dit noem, en die jufvrouwe wat daar was het zoodanig gedans, dat hulle die ander dag by ouw Tilbury al zyn sober water opgedrink het, om hulle weer

fris te maak! Wel, zoo as ons gehoor het, zou de heele Olifantshoek daar weze. Ik het my ook een lootje laat koope en ik het een van myn kerktabbertjes, daar ik in aangenome was, zoo reg smakelyk late opmake. Jy kan denke hoe fraai het was, — ik het 6 skellinge aan lint en 3 elle kant gekog. Maar ongelukkig toe ik dag dat alles klaar was, en net zoo als ik op de disselboom van de wagen trap om op te klimme, trok die slegte agteros, Kornet, myn voet glyde, en was met eens uit lid. Toen, kan jy wel begrype, kon ik niet na de Baal gaan, dat my reg speet, want ik hoor dat het zoo reg vrolyk daar is toegegaan, en dat al de groote luy van de Kerkplaats, en de heele Olifantshoek daar was.

Nou, lieve nigge Betje, moet jy geduld gebruike tot aankomende week, en dan zal ik jou omstandig skrye wie allemaal op de Baal was, zoo wel heere en jufvrouwe, en wat hulle alle aan had, en wie met malkaar gedans het, en wat op de tafel was, buiten de groene ertjes en sober water, want Tante Martje het beloof om my van stukkie tot beentje te vertelle. Jy kan dit dan, as jy wil, in de krant laat zit, want ik hoor dat de Superscriptie Baals wat laas op Kreemstad was, niet te vergelyke was met de Baal op de Kerkplaats.

Tot wederzins, lieve Bet,
Jou Nigt en Vriendin,
GRIETJE van PAS.

1) *Beestekop*: Biskop.

2) *Superskriptje*: lees: superskriptie (d.i. subskripsie-).

Uit: *Het Kaapsche Grensblad*
9 November 1850.
(Van fotostat).

Onder hoof: *Origineele Correspondentie*

Annaatjes Kraal, Olifants Hoek,
28 October 1850.

Myneer de Drukker! — Hoor, neef drukker, dit is van jou zeer onbeleef om myn brief van nigge Betje, wat die man die de beveracie het, opgetel het, in jou krant te zit. Ik is daar regt gesteurd om, want hoe kan jy een brief wat jou nie aangaat nie, laat drukke. Jy het nou een groote steuring hier in Olifants Hoek gemaak door jou onvoorsigtige gedrag. Ik zal jou dit nou-vertelle, dan zal jy op een ander maal beter wete. Ik kom, moet jy wete, zoo reg onverwachts op de Kerkplaats, en eer myn voete koud was, kreeg ik oom —, (ik is bang om name te noem, want hulle zal my weer slaan) in de straat, en hy

vaar sommaar met eens tegen my uit, — “Jou dit en dat,” riep hy zoo reg woedend uit, “hoe durf jy myn naam gebruik, mag ik geen Sober Water verkoop nie aan jufvrouwe wat hulle moeg en boeglam gedans het, of jy moet dit in de krant laat zit? Wil jy hebbe dat ik al myn klandisie moet verloor? Jou *smeerlappin!*” Jy kan denke, myneer drukker, dat ik ook ergerlyk werd, want ik wist niet dat hulle myn brief aan nigge Betje opgeraap het, en laat druk het. Ik antwoorde hem: “Zoetjes, vriend, stoot je toontjes niet, jy word al te piquant, en als ik my niet toevallig herinnerde dat men onlangs voor de regter betoond heeft, dat *smeerlappin* geen scheldwoord is, dan zou ik wel lust hebbe om je dat eens in te peperen!” Ik draaide my om en ging heen, en toe hoor ik naderhand dat die oude ziel met de krant in zyn zak is rondgelopen en overal myn brief voorgelees het, en zelf aan oom — gevraag het om hem te helpe daar een antwoord op te skrywe. Knap was ik egter van oom — ontslagen, of toe viel oom — my weer aan: “Wat raak jou myn groene ertjies, Grietje? kan jy de mense niet met rust late? Hoor, ik verzoek dat jy *myn* naam niet weer in jou paskwelle gebruik, of de drommel haal jou.” Wat ik ook tot verskoning zeggen kon, oom was maar kwaad. Eindelyk om hem tog weer goed te kryge, zeide ik: “oom, ik heb er niets kwaad by gemeen, je moet die ouderwetse denkbeelde van paskwelle op een kant zette, en dan rol jy er beter deur.” “Dat is waar kind,” zy hy eindelyk, “het is tog wat om over te lagge, en ik ben niet kwaad.” Maar sapperloot, Myneer drukker! ik is van myn ooms goed afgekome. Nou moet ik jou vertelle hoe myn eige vrouwegeslag myn gekry het. Ik hat een mooye strooi hoedje aan, met gele lint opgemaak, en een “vergeet my niet” takkie er op, toe ik tante — op de lyf loop, (want hulle het my opgepas). Zonder een woord te prate, denk, sloeg zy my zoo vlak op myn neus, dat de bloed daaruit vloog, en met eens ruk zy myn fraaye hoedje van de kop, en kreeg my met de ander hand in de kondee, die maatje zoo fraai achter op myn kop gevlochte had, en by elke ruk kwam daar een hand vol hare uit. Hoe ik ook bad en smeek, dat was voor niet — zy schreef maar gedurig: “Groene ertjes en Sober Water,” — paf, poef. “Jufvrouwe zyn kleere in de kerk afkyk,” paf, poef, paf! “Ik zal jou leere om mense met rus te late,” paf, paf, poef. “Superskriptie baals! achterosse! neef Gert zyn tjalie! beschryving geve wat de mense aangehad het! Tante Martje! Tante Kalie! Tante Annie! Ik zal jou leere.” Paf, poef, paf, poef, paf, paf. Ik kwam tog eindelyk uit haar hande, maar regte naar togetakeld; en ik verzeker jou dat ik niet lang verzuim het, of ik was op ouwe “Zwink” zyn rug,

en voort na huis. Maar amper was ik weer daar aan, want hulle het my in de strate voorgekeer, en daar ouwe Zwink maar altoos die ouderwetse pas-achtersteek loop wat Paatje hem geleer het, was ik amper in de hande.

Nou schryf ik nooit of de nimmer geen briewe meer nie; want zoo een ophef wat de mense hier van myn eenvoudege brief gemaak het, het ik nog nooit belief nie. En ik het jou dit maar alles te danke, want jy het nie noodig gehad nie, om opgeraapte briewe van ander mense in jou vrotte krant te zit nie. Nou is de heele buurt op my kwaad en ik durf nergens na toe gaan nie. Ik het my zelf late vertelle dat oom ——— daar een vloek opgedaan het, as ik weer by hem sober water kom drink (ik doet dit ook somtyds) om daar een jalappa poeyertje in te doen. Is dit nou mooi? En dit nog aan een jongejuftvrouw. Hoe dit nog gaan zal als ik ouwe Annaatje op de lyf loop, weet ik waarlyk nie, want ik hoor zy is reg gestoord dat ik zoo een misgebruik, zoo als zy dit noem, van haar kraal gemaakt heeft. Zy was van meening om die plekkie op te veil en te verkoop, maar nou zeg zy, na zoo een pas-kewel, zal niemand daarvoor biede nie. Maar "*a la bonne heure,*" zoo as oom Karel zeg. Ik zal dit maar late overwaaye; maar druk toch nooit weer als jou blief, myn opgeraapte briewe in jou krant nie.

Ik ben jou Nigt en Vrindin,
GRIETJE van PAS.

1) *Ouwe Annaatjehaar kraal:* Kyk adres bo.

Uit: *Het Kaapsche Grensblad*
23 November 1850.
(Van fotostat).

Onder hoof: *Origineele Correspondentie.*

Hoenderkop, 5 Nofemer 1000,800,50.

Klaas.—Goeije morges neef Jan, hoe vaar jy; waar kom jy dan zoo van daan?

Jan—Nog redelyk, neef Klaas; ik kom zoo van de Kerkplaats; maar dit is tog een groote ongemak, want onze ou Predikant is niet gekom nie.

Klaas.—Ja, dat is reg ongemakkelyk, voornaam als een mens nog zoo veel moeite gedoen het om zyn fyne swart lakense heupbaatje aan te trek. Maar ik hoor daar was zoo een kleine steuring gister avond op de Kerkplaats.

Jan.—Ja, denk tog, dat was tog niet mooi van oom Hanse nie, om Pita zoemaar zoo goeds moeds op zyn ooge te slaan, hy zou gezeg hebbe dat daar een karkatje op was.

Klaas.—Maar vertel dan, ik is in de zaak heel dom? Ik hoor maar zoo een mompeling, en niemand wil my iets zegge. Hulle is gloo almal bang.

Jan.—Nou hoor, oom Hanse weet jy mos is stikziende; hulle zeg hy kan beter by de kers zien als by dag; nou het iemand hem met een glas gegooi, zoo schram by zyn kop voorby; en hy verbeel hem toe dat oom Pita hem gegooi het. Hy spring zoo op de plek op, en klaps, pardoef, slaat hy oom Pita op de oog, dat de weerschyn zoo daar uit vlieg. Oom Pita het met de vuïs gepareer, maar dat help nie. Oom Hanse is te rat. De mense zeg daarom dat oom Hanse altoos de dikste mense uitzoek, dat hy nie kan mis slaan nie.

Klaas.—Hoor, dit is tog reg ombeleef van oom Hanse om een mensch zomaar in zyn gezig te schender, en dit nog al met Kerktijd. Wat zou de ouwe leeraar nou daarvan gezeg hebbe. Dit is amper goed dat hy nie gekom is nie, wil jy dit gloo. Maar ik val jou in de rede. Wat het oom Pita toe daarop gedaan.

Jan.—Ja, wat zou hy doen; hy het zomaar de wagen laat inspan, zomaar in de nacht, ja dit was een plezier om die ouwe witkop vooros te zien uitspringe na huis toe. Jy kan begrype, de ander dag zou daar kerk weze, en oom Pita was natuurlyk bang dat de leeraar zou vrage “Wel, Vriend! wat scheelt er dan aan je oog?” Nou, hy kon wel gezeg hebbe,—Wel Eerwaarde, dit is een karkatje of een bloedvin; maar dan, dit is tog nie goed om op Zondag te lieg nie; en hy ry toe liever na huis.

Klaas.—Ja, dit is een groote straf voor een mensch wat zoo graag woel als oom Pita, om een heele week in de huis te zit, tot dat die blouwigheid weer weg gaat. Dit zou oom Pita alles behalve aangestaan het, want hy is tog nie een man nie wat kan verdrage om in de huis te zit. Hy is maar eeuwig buite, dan in zyn land, dan in zyn tuin, en hy roer maar altyd.

Jan.—Ja neef Klaas, dit is nou zoo. Maar zoo as ik my het late vertelle, is de oog juist nie de grootste van zyn straf nie. Jy moet wete, toe oom Pita tuis kom, zag hy eers dat daar geen verse vleesch was; nou, wat zou hy doen; hulle moes haastig een beest dood schiet; en toe het een of ander schobbijak oom Pita wys gemaak dat “Bief stiks,” of zoo een naam, want ik kan die Engelse name nie onthou nie, goed was voor zyn oog. Nou kan jy begrype, oom Pita zou graag zyn oog gezond hebbe. Zyn meening was om Zuikerdoos dood te schiet,—maar jy begryp mos dat een mens met een oog nie zoo goed zien kan als een met twee ooge. Hy brant los met zyn groot schiet roer, en pardoms, daar leg de koei;—maar magtie, hoe jammer toch, in plaats

van Zuikerdoos, was dit zyn beste melkkoei, ouw Kolletje. Sommige mense wil zegge dat dit die roer zyn schuld is, want dat daar een ouwe schot op was van 1846, toe oom Pita zoo ontzaggelyk veul patroljes gery het, en die schot was nat geworde. Maar dit is maar schender bekke wat zoo praat, want dit geef mos eigenschap, dat een man met een oog niet zoo goed zien kan als met twee gezonde oogen,—hy kyk mos altoos half maantje. Hy het wel na Suikerdoos geschiet, maar Kolletje stond net op de hoek van de Kraal, en toe raak hy haar. Dit is niemand zyn schuld nie.—Had hy nou een bril opgezet, dan had hy weer twee ooge, en dan zou hy netter geschiet het.

Klaas.—Wel, dit spyt my om zoo wat te hore. Maar ons verpraat onze tyd, en de zon is al amper onder. Goen dag, neef Jan; groetnis aan nigge Sara en jou kinders.

Jan.—Dankie neef Klaas. Groetnis ook tuis.

P.S.—Oom Klaas had zoo een kleine entje weg gery, toe draai hy weer met eens om; en toe zeg hy—

Hoor tog een beetje neef Jan: die kale plek op myn voorkop is zoo koud in die lieve regens, dat ik dit sawens nie meer houwe kan. Als jy oom Pita toch ziet, zeg hem tog as hy weer na de baai ry, dat hy tog alseblief voor my net zoo een mus moet meebring as hy die tyd in de baai gekoop het voor homzelf. Hy zal wete waar dit te kryge, by diezelfde mussemaker waar hy zyne gekog het. Ik zal hem een pond met de eerste gelegenheid stuuere.

Uit: Het Kaapsche Grensblad

22 Maart 1851.

Origineele Correspondentie.

Aan de Drukker van de Grensblad.

Carels Rust, den 7 Maart, 1851.

Geachte Neef,—Ik het een brief gezien die in de extra van de Griemstad Journal van den 25 van February staat, en van Oliphants Hoek geschreef is op den 18de, door iemand die hom zelfs noem, een Oliphants Hoek man, die een van de patrolje was toe wy de osse in Zuurberg afge neem het. Nouw die brief was en Engels, en hy zal hom wel geleest hebbe, en slegt van my en onze mense gedink hebbe, neef Cresjan het hom aan my in duis overgelees, maar ik moet jouw seg dat ik my tedanig verstomd en regt vererg het over die leugen brief, ik zou weer aan die Engelse korant geschreef hebbe, maar ik ken die taal nie, en hulle schryf ook gloo nie duis taal nie, nouw zel jy my plasier doene om deze brief in de Grensblad te schryve, want de meeste mense van die patrolje was Aferkaanders,

—uitgenome neef Kirkwood, en dan nog een paar lunsrieme, en als jy dan de brief ook in Engels wil schryf, zoo dat hulle ook kan lees wat ik zeg, zal ik jou daar voor dank en petaal wat het kos—want ik wil nie voor een slegte man loop nie als ik niks slegt gedaan het nie. Nouw ons het al banjang overdinkt wie die kring is, die de brief van den 17de geschreef het,—en wy zeg zommaar almaal dat dit Marant is, en dat zyn komadant Woest digteby hom gezet het toe hy de slegte brief geschreef het, en als dat nie hulle is nie laat hulle dat dan nigeer als hulle ken, —of is dat hulle manier om mense slegt te maak, die hunne leven voor hulle goed gewaag het,—foei, wy noem hom een Oliphants Hoek man die by de patrolje was; ik glo niet dat daar meer zulke manne van Oliphants Hoek by die patrolje was als die kring is nie, want hy is geen man nie anders zou hy ons nie slegt maak nie, en stank voor dank geve nie,—en zoo lieg nie om nouw te zeg dat ik en neef Chresjan, en neef Jan Harman nie wou met hulle mee gaan, voor dat hulle ons eers petaling gebloo het, dat lie die Oliphants Hoek mannetje, of Marant, of wie dat ook mag gezeg het,—en dat zal wy hulle bewys. Dat lyken my of hy ons mot de Oliphants Hoek mense wil aanmakaar steek, zoo als wy hoor dat hulle daar alle dag doen, maar dat zal hom nie gebeur nie,—laat neef Kirkwood zeg hoe dat op de patrolje gegaan het, ik ken verhom, hy was met de leste oorlog met my over de Key, hy is een man en zal nie lie nie,—Marant zeg hulle is nouw een Vredeman of Mantjestraat, en Woest een komadant,—ik zel nie meer praat nie, maar net vertel hoe dat met hulle osse van de Kaffirs afgeneem gegaan is,—dat was zoo—

Myn komadant S. Hartman het myn geroep en gezeg, dat hy tyding met twee Hottentots die komadant Buchner gestuur het, gekreeg had, dat de Kaffers twaalf span ossen op Addo van wagens afgeneem had, dat ik alle de perde van onze lager die lopen kon neem moest, en uitgaan om die osse (150) weer van de Kaffers afteneem, ik kreeg toe agt mannen, dat is, drie Hartmans, Leonard, Charles, Booy, Johannes Bezuidenhout, H. Bezuidenhout, en ik zelve maak negen van ons, en twee Hotnots van komadant Buchner, (daar was niks van petaal gezeg) en met die mannen ging ik uit na Nieuwejaars Rivier, en sny al de Kaffer paaijen af die van Boschmans Rivier en Zuurberg uitkom, maar vond dat de Kaffers nog nie uitgekome was met de Oliphants Hoek ossen, toe het ik die nacht voor de paaijen geleg, om de Kaffers de ossen van de Oliphants Hoek mense afteneem als hulle uitkom, maar de Kaffer spejoene moet ons gezien het, en daarom is hulle nie uitgekome nie,—de anderdag vroeg is de Oliphants Hoek mense by ons gekome, en daar was van de Hartmans hulle vrinde by, en

hulle was regt bly om ons daar te sien,—maar dat lyk nouw of party niet bly was nie,—ik dink hulle kon almaal bly gewees het om ons daar te krei, om hulle te help dat hulle hulle osse weer kon krei, want hulle komandant het vermy gezeg dat hulle onbekend was en niks van de paaijen wist; ik het toe verhom gezeg dat ik mot hom zou mee gaan; toen het hy ver my gezeg dat hy de heele komando aan my over geef, en ik is toe zommaar voort gegaan met hulle en al myn mense, (zonder dat daar een woord van petaal gepraat was),—wel wy is toe bove de poort op Zuurberg gekom, ik het toe laat afzaal en gaan spejoen, maar vond niks te zien als de Kaffer spejoen spoore, en die het ik aan Jan Woest gewys, en toe ver hom gezeg dat ik dink dat hulle osse noch in de kloven van Zuurberg by Toetebe was, en als hulle nie daar was nie dat ik dan tot op Ado zou gaan en de spoor van de Oliphants Hoek osse zou opneem van waar de Kaffers hulle geneem had,—toen weer opgezaal en vort gegaan op Zuurberg,—(zonder een woord van petaal te praat)—maar hier het Jan Woes voor myn gezeg dat hy voor zyn part twee ossen aan ons zou geven als wy de ossen afneem en hy dogt wel dat de andere mense die daar osse by had dat ook zou doen, maar ik het verhom geen antwoord gegeve nie, en wy is vortgegaan en kwam de Kaffers met hulle ossen gouw tegen, de Kaffers wou de ossen in de kloof jagen, maar wy het de sambok opgeleg en was gouw by hulle,—de Kaffers schoot aanstons op ons, en ik kwam by Jan Woes, en ik glo neef Jan Scheepers, en nog een man of vier vyf, en ik zeg toe voor hulle, neefs wy moet hier de bosch ingaan, ik gong voor en hulle volgde my, maar niet lang hierna was de geschiet erg op een ander punt. ik dogt toe dat zal nie gaan nie, en liep zoo hart als ik kon daar heen en vond de Kaffers daar braaf parmantig buiten de bosch met geweer en assegaai,—de mense veg toe regt mooi, en ik vergeet toe ook dat ik al een beetje oud was, ik gaf een Kaffer een koegel van myn ouwe zesponder door de pens, en ben zeker dat hy niet weer osse zal afneme, en nog een schoot ik op de plek dood, ik zag ook hier en daar vyf of zes neervellen door anderen, wy was verstrooid, en daar zal wel meer Kaffers gevallen zyn, want hulle was naderhand mak. Hoe kan die Oliphant Hoek man, of Marant nouw zeg dat de Kaffers zoo te zeg geen tegenstand gedaan het, of nie amper geschiet het nie,—maar ik kan dat raai,—hy was zoodanig verschrikt, dat hy doof en blind was, want ik heb al in myn leven meer zulke kerels gezien:—Wat het Marant op de klip gemaak toe Kaffers noch op ons aanschieten was, en toe neef Kirkwood aan hom gezeg het “wat maak jy daar op de

klip de Kaffers zal jouw dood schiet?" maar toe was hy nie meer doof nie, ik verzekeer jouw hy was gouw van de klip. Wel nu het wy al de Oliphants Hoek mense zyn osse by makkaar gemaakt en daarby noch tien perde die niet van hulle was. Ik dogt toe dat ik nie meer komadant was nie, en dat ik gedaan had,—maar komandant Woest gaf my weer de komando over, en verzogt my om voor te gaan, ik deed het met neef Jan Hartman. (zonder dat daar een woord gezegd was van petaal) Wy moes nouw een gevaarlyk nouwe kloof af, en pad deur tot na de open veld van Luisekop, alwaar wy zonder slag of stoot behouden kwam en afzaalde. Van hier gong de Oliphants Hoek mense met hulle ossen, en al de van de Kaffers genomen perde voort, daar ik en de twee Hartmans niet wel mee te vreden was, Woes het ook niet meer van de twee ossen gepraat die hy zou geve, noch ook niet een ander die daar ossen by had. Zoo veel van al dat leugenpraat van petaal, ik roer maar van Woes zyn twee ossen die hy selfs aangepreenteer het aan, niet omdat ik het zou geneem hebbe, maar omdat hy zou geve eer wy de osse had, en toe wy hulle had, dat hy toe stil gebly het; dat is nouw byna alles dat ik zels weet. Nouw zal ik zeg wat de twee Hartmans my gezeg het, en ook wat ik selfs gehoor het—hulle zeg, dat hulle elk aan Woes om een van de genome perde gevra het, en dat hy dat aan hulle gegee het tot dat de baas uitkom, en toe het neef Chresjan voor my ook om een perd gevra, (maar dat was buiten myn weten,) en Jan Woes het toe geseg dat hy my ook een zou geve; maar op pad van Zuurberg, het ik gehoor dat Woes aan Marant gezeg het dat hy ons drie elk een perd gegee had tot de baas uitkom, maar kyk nouw, ik vererg my zommaar,—als jy Marant toe gezien het jy had jou ook om hom verergd, hy trok zyn schouwers op en begon Engels of Malys te praten met J. Woes, en ik verstaat net maar dui, maar ik dogt daar schuil wat achter, en dat was ook zoo,—want toe wy by Luizekop afgezaal was kwam Woes by de Hartmans, en zei aan hulle dat hulle de perde weer moes afgeve, maar dat hulle als hulle *gouw* kon stuur, een vragt hawer kon krei. Onze perde was slegt,—maar wie kon zonder hescort vier dagen ver stuur om een vracht hawer? Wy wou de hawer nie hebbe nie, wy wou maar (voor onze moeite niet zoo erg) al was dat maar voor een dag, de Kaffers perden als een soort van overwinning in onze lager brengen, maar hulle was niet te vreden dat hulle hulle ossen gekregen had, hulle moes ook alle de veroverde perde hebben, en die hebbe hulle ook nog van dag, die perde kom ons net zoo goed toe als hulle, en kon hier eerder by hulle baasen gekomen wees, want zoo als wy

hoor is de meeste van die perde Veldkornet Keulder zyne; maar laat weldinkende mense hier over oordeel.

Hulle schryf ook in ds Engelse korant van Hans Bezuidenhoud en myn andere mense, maar daar heef ik niks mee te doen. hulle kan hulle zelfs verantwoorde, ik is Veldkornet van onze mense geweest, onze perde is braaf slegt, en wy heeft nie 400 man nie, zoo als hulle zeg dat hulle in de Oliphants Hoek lager het nie,—en neem hulle ons kwalik als wy van ons negen man zes na onze lager terug gestuur het van Zuurberg, hulle was zoo bezorg over hulle sterke lager daar toe nog 378 man in was, want als ik 22 neem van 400 blyf daar 378 volgens myn tavel, die myn ouwe meester Papenaar my geleerd heeft, en Woes het ook by hom school gegaan,—ik zeg dat hulle daarom noch van die 22 man die by ons was 6 of 9 man van Luisekop na de Oliphants Hoek lager gestuur het om hulle lager te versterken!! in onze lager is maar 36 man, en als jy 9 daar van neem blyf daar 27 man, en waarom ons dan beschimpe als wy onze 27 man met nog 6 versterke!?!—maar de man van Oliphants Hoek wou ons maar slegt maak, maar wy zal zyn falsheid na verdienste straffen,—ik hef nog een paar slagen om myn elboog voor hom, als hy nouw nog niet waarheid genoeg het zal hy meer kreig, . . . die kring. Wy is gerust, wy heft onze pligt niet alleen aan de Oliphants Hoek mense gdaan, maar ook aan andere, en wy hoop om zoo vort te gaan zoo goed als wy kan;—had Woest de Oliphants Hoek man, of Marant met hulle 400 man, komandant Buchner liever geholpen toen hy hulle om hulp gevraag het toe de Kaffers zyn wachter vermoord had, en al zyn vee weggenomen had, dan had hulle ook hulle pligt gedaan, maar wat was hulle antwoord? en plaats van te kom, laat hulle komandant Buchner weten dat hulle te zwak was!!—400 man te hebben, geen Kaffer op die tyd in de Hoek, en dan nog te zwak, wat moet ik daarvan dink? ik verdink die 400 man daar niet in, want als hulle niet gestuurt word, kan hulle niet gaan, te meer daar hulle onder krygs wet staat. Wy staat niet onder krygs wet, maar wy help alle mense met onze magere perden en wynig mannen, en had komandant Buchner geweten waar wy op die tyd was, zou hy ons om hulp gevra hebben, het zou ook nie voor niet geweest het. Ik kan de mense van Oliphants Hoek nie, maar myn komandant zeg dat daar flukse kerels is, als dat waar is, daar ik nie in de minste aan twyfel, dan moet de vout op een ander plek gezog worden.

Neef drukker dit is alles waarheid, en wees zoo goed dit zoo wel in duistaal als in Engels in jou korant te druk.

Na groeten, ben ik uwe Neef,

H. BEZUIDENHOUD,

Veldkornet.

AANTEKENINGE:

Lees dr. J. Scholtz se artikel in *Die Huisgenoot* (13, 20 en 27 Junie 1941). Lewensfeite oor komdt. Woest en oor sy rol in die oorlog, op blss. 589—590 van Moodie: *History of the Battles, &c., in Southern Africa*, deel II (Kaapstad, 1888).

Vredeman of Mantjestraat: Vrederegter of Magistraat.

'N OU-AFRIKAANSE GRAPPIE.

Bladvulling, *Het Volksblad*, 6 Maart 1856:

“Klaas, was jij mee op die commando.” “Ja, oom, in die laatste Kaffer oorlog.” “En het jij nog al zaam gevech?” “Dat kan oom g'loo'! ons het geschiet dat het zoo gons.” En het zulle jou nie geraak nie?” “Ja, allamatjies, drie maal het ik die schot gekrij.’ Twee maal deur mijn hoed, en een maal deur mijn twakzak.”

Uit: *De Gids*

Mei 1934 (Jg. 98, nr.5).

(Die gesprek vind plaas in 1857.)

.... Het duurde nu ook niet lang of ik had kennis gemaakt met de persoon aan wie ik was aanbevolen, en werd door hem allermanzaamst ontvangen. Hij was een Afrikaner, doch had eene Europeesche opvoeding genoten. Van hem vernam ik ook goede berigten en ik meende mij gerust aan hem te kunnen toevertrouwen. Eene betrekking te Maritzburg raadde hij mij ten eenenmale af omdat Engelsch daar de hoofdzaak was, maar wanneer ik er niets tegen had, zoo raadde hij, moest ik beginnen met boerenschoolmeester te worden; ik zou dan niet alleen met de gewoonte van het land bekend worden, maar ook kans krijgen om verder vooruit te komen. Ik bewilligde in zijnen raad, en daar er juist een zwager van hem, een Afrikaansche boer, in de stad was, nam hij op zich, onmiddellijk met hem over de zaak te spreken. Niet lang behoefde ik ook te wachten, of mijn nieuwe kennis kwam met zijn zwager opdagen, die een echte type van een Hollandsch-Afrikaanschen boer kon genoemd worden. Een kerel, minstens 6 by 2½ voet; de zwaarte kon ik bij mogelijkheid niet gissen. Bij het binnenkomen reikte hij mij zijne kolossale hand toe en drukte de mijne zoo hartelijk,

dat ik bang was, dat ze uit het lid zou gedrukt worden. Al spoedig had het volgende gesprek plaats:

Hij Is jij die Hollander; wat kom jij maak?

Ik Ja mijnheer, ik ben Hollander, en ben met mijne familie hier gekomen om Afrika tot mijne woonplaats te kiezen.

Hij Nou, ons is schaarsch van Hollanders. Jij wil schoolmeester wor?

Ik Als ik goed geplaatst kan worden, ja.

Hij tot zijn zwager. — He jij nie die boek nie? (De zwager komt met den grooten bijbel). Kan jij lees?

Ik Ja wel.

Hij Lees dan wat uit Genésis of Exóodus.

Nadat ik aan zijn verlangen voldaan had, zeide hij: goed, jij lees nes 'n prekant.

Hij Jij kan zeker op die papier? (hij maakte eene beweging met zijn regter voorvinger op de linkerhand).

Ik Ja.

Hij Ik dach zoo, maar kan jij zing?

Ik Welk zingen bedoelt u?

Hij Wel, zing. Gezang. Zalm op noten en liedjesgewijs.

Ik Ja.

Hij Zing dan nou net maar Gezang 24.

Nadat ik een paar regels gezongen had, hernam hij: Nou Zalm 25 met draaiers.

Ik Wat bedoelt u met draaiers?

Hij Jij da nie kan nie? Hoor dan:

Hier brak zijn stemorgaan los dat de kamer er van dreunde; hij zong psalm 25 op een wijs die mij geheel vreemd was.

Ik Ja zóó kan ik het ook.

Hij Nou dan is alles goed. Jij kan bij mij kom.

Ik Wat zijn de voorwaarden?

Hij Ik zal jou geef voor mijn 6 kinders £3. — in de maand en 5 shilling voor andere kinders; een klip-huis om in te woon, vrije kos en alles wat jij ver jou familje noodig he, maar geen kleeren nie.

Ik Mag ik weten waaruit die kost bestaat?

Hij Een kapater of hamel in die week (een kapater is een bok, een hamel een schaap), wildvleis en een schepel meel en vet; uw vrouw kan dan banje bak en keerse maak.

Ik Maar mijne vrouw is niet gewoon brood te bakken of kaarsen te maken.

Hij Nou is dan die Hollandsche vrouwe zoo gevrot dat zij da nie kan nie? da's aardig, dan zal mijn ou vrouw dat wel doen.

Ik Accoord; en groenten?

Hij Alles wat wij hê.

In het kort wij hadden accoord gekregen....

Deur die *Herinneringen* heen is nog los Afrikaanse sinnetjies gestrooi. Na 'n swaar haelstorm sê die berustende boer Marais aan die simpatie-betuigende skrywer: "Ou meester kan nie help nie, ik hou banje over, zal weer opnuw ploeg en zaai." (Bls. 178). Omdat meester nie aan die skietwedstryd wou deelneem nie, was spottorny en gelag aan die orde. „De Hollanders kan wel in de boek lees maar anders niks nie." (Bls. 179).

Een Sondag moes die meester kerkhou. "Ik was juist in het nagebed toen een kaffer binnen komt stuiven met de woorden: Baas! die baas zen peerd is in de lavier verzuip, hij is al gevrek!" (Bls. 182).

"De boer, eigenlijk du Plessis geheeten, had zijn naam veranderd, want, zeide hij „Plesir is zoo 'n aartige naam;" daarom vertaalde hij dit in goed Hollandsch, namelijk "Vermaak". (Bls. 185). Colenbrander merk hierby tereg in 'n voetnoot aan, dat die verklaring op 'n misverstand moet berus.

"...een der boeren kwam bij mij, en na behoorlijk met zijne linkerhand den breeden rand van zijn hoed te hebben aangeraakt, stak hij mij de regter toe met de woorden: "da Neef". Toen ik hem een veldstoeltje toeschoof met de uitnodiging "zit", vroeg hij al aanstonds: "Is Neef smous?" Nijdig beet ik hem toe, wie hem het regt gaf mij voor een smous uit te maken. Hij zette groote oogen op en zeide bedremmeld: "Is Neef nie smous nie, ik dach Neef is smous." Door mijnen voerman werd ik uit de dwaling gebragt, die mij vertelde dat het de gewoonte was ieder handelaar of koopman met dien naam te bestempelen; Jood daarentegen was bij hen de naam voor bedrieger." (Bls. 193).

"Eens kwam een boer bij mij, die nogal voor verstandig doorging, met het verzoek "of ik een brief voor hem wil schrijf nie." Hij gaf mij den "Oom" op aan wien hij wilde schrijven, en toen ik hem vroeg wat hij wenschte te schrijven antwoordde hij heel naief: "Nou, das ook 'n ding; ou meester is zoo knap en ou meester zou nie weet nie wat hij in een brief moe schrijf nie." — Het woordje *ou* voor iemands naam beteekend *goed of best.*" (Bls. 317).

"Eene boerin bragt mij haar "zeun" ter school, een lange slungel van 18 jaar. Hij kon geen A voor een B. Ik gaf hem een spelboekje. Dit lag volstrekt niet in hare bedoeling (zij had een kwarto-bijbel medegebragt). "Nee, he mot maar net nou in die boek lees, he mot lidmaat wor; he wil en bietje gaan trouw." (Bls. 318).

"Een Transvaalsche boer" wat in die blok gevange gesit het, "bleef een hardnekkig stilzwygen bewaren.

Eens echter zeide hij tot mij: "Ou meester, ik zal die skandaal nie vergeet nie; ik zweer ver jou as ik kom los ik zal een van die kriegsraad skiet.".... De man heeft naderhand toch woord gehouden." (Bl. 336).

Verder is daar nog tipiese woorde en wendinge wat hy gebruik, bv. pijnappels (170); ha-nou! (aan die osse) (175); Kom nader! (as uitnodiging) (175); kombuis (175); milies (176); die swarte kos (vir haasvleis) (179); die wonderlijke Hollanders (179); kraal (180); kafferkoorn (180); boschbok (186); dorenboom (188); wildebeesten (190); blesbokken en springbokken (190); padkos (316); lekker gezels (316); hartebeestehuis (317); witstinkhoutboom (342).

AANTEKENINGE:

Die bladsye en getalle tussen hakies het betrekking op die bladsye in die Mei- en Junie-nommers van *De Gids* van 1934, waarin opgeneem is: *Lotgevallen gedurende een Verblijf in Afrika*, afskrif van Tine Brinkgreve-Wicherink. Nêrens word die naam van die vrysinnige skrywer gemeld nie. Hy deel ons egter lewensbesonderhede mee, o.a. dat hy in die frigatskip *De Prins Frederik* na Natal as onderwyser gekom het — met 'n (waardelose) aanstellingsbrief van prof. Lauts. Colenbrander van Pinetown naby Durban het hom en sy gesin gehelp. Te voet is hy na Pietermaritzburg, alwaar die gesprek (1857) plaasvind. Agtereenvolgens was hy onderwyser op plaasskooltjies (naby Weenen by Marais; op Middellrus by Lotter; naby Greytown by Du Plessis) en goewernements-onderwyser op Pretoria sedert Oktober 1859. Gedurende die Transvaalse Burgeroorlog was hy staatssekretaris onder pres. Schoeman. Dit gee die sekerheid dat die skrywer H. Stiemens is (*Staats Courant der Z.A.R.*, 29 Nov. 1861, en Notule van die Uitvoerende Raad meld dat H. Stiemens as sekretaris opgetree het van 4 Des. 1861 tot 9 April 1862).

Na sy goewernementsekretarisskap het hy weer onderwyser geword tot aan sy terugkeer na Nederland in 1879.

Uit: *De Zuid-Afrikaan*

Byvoegsel, 8 April 1858.

(Van fotostat).

Origineele Correspondentie.

Heeren Veldkornet en Vrederegter te Franschhoek, — Ik heb gehoord dat de magistraat al lang zou gekom het om hier te kom zit om alle die kwaaddoeners te straffen; ik was reg bly ofschoon ik ook in de tronk kan kom, dat dit toch eenmaal zou geschiede dat ons arme mense hier toch ook zoo als op Stellenbosch en aan de Paarl op bescherming kan reken en ik wens dat de tronk ook al klaar was; als daar nou lawaai gemaakt, word onder in die pad by Anet zoo dat onze predikant moet uit zyn kooi spring in

de nagt, of als hy de boere gesteel word, dan zeg almal dit is niemand anders als die swarte spinnekkoppen uit die spinneraknest die somtyds ook in den middernacht schiet om mensche uit hulle slaap te laten opspringen, die "vagebonden," maar ik wens dat meneer Breda toch wil kom dan ik die man met witte kleren die snagt's rondloop en de kerkklok somtyd lui in den nagt gaan oppas en hem vange en na de tronk breng om te bewyzen dat ons swarte mensen niet alleen kwaad doet.

Ik denk dit meer als een kwaad geschied door die soort van nagtloopers en wens dat alle nachtloopers, dronklappen en dieven toch wil schrik als zulle lees of hoor wat ik geschryf het want ik zal resnavel probeer om hulle te vang en na de tronk te brenge.

WAAIBROEK.

Uit: *Het Kaapsche Grensblad.*

15 Mei 1858.

(Van eie afskrif).

Onder hoof *Origineele Correspondentie* skryf Een Burgervriend 'n warm patriotiese brief ter aanmoediging van die Vrystaters en voeg 'n voetnoot by oor die naam van Moshesh se seun Nehemia.

"Wy vinden in de gewyde geschriften van Nehemiah de zoen van Hachalya — en van nog twee andere van die naam, alle brave mannen. Maar Nehemiah de zoon van Moshesh? neen hy is Sanneballat, en heeft de naam Nehemiah heel verkeerd gekregen — Wag maar die swarte mannen zal moeten ditroepen:

"Aree broer de Koegel kom!

De witte mensch die is zoo dom;

Hulle denk nie ons is regte mens

Hulle schiet zommaar op ons swarte pens."

AANTEKENING:

Vergelyk die versie met *Lied* van 1795, strofes 6 en 10.

Uit: *Het Volksblad*

8 November 1859.

(Van eie afskrif).

Na de Uitspraak van het Hooge Geregtschhof in de zaak van Blom had het volgende gesprek tusschen Blom (in het Hollandsch) en Regter Cloete in het Engelsch plaats:—

Blom.—Hoor mij toch, mijnheer!
Regter.—What have you to state?

Blom.—Ik wil vraag, as dit kan wees, dat de Gouverneur mijn naar een ander land stuur. Als u blief, mijnheer, als dit zoo kan wees! Ik wille weer naar die statie gaan nie, mijnheer! Stuur mij weg naar een ander land. Ik verzoek dit, mijnheer! Als u blief!

Regter.—Wilt gij zeggen Willem Blom, dat gij naar eene andere kolonie getransporteerd wilt worden?

Blom.—Ja, mijnheer! Ik verzoek de Gouverneur om dit te doen. Verhoor mijn toch, mijnheer!

Regter.—Ik zal den Gouverneur uw verlangen meedeelen; hij alleen kan er iets aan doen.

Blom.—Dankie mijnheer!

Uit: *Het Volksblad*

8 September 1860.

(Van eie afskrif).

De Stellenbossche Tol.—Een paar weken geleden kwam een drukkersduivel dezen weg voorbij, luisterde de volgende zamenspraak af, en vond haar zoo interessant, dat hij niet nalaten kan ze door middel van het alom verspreide *Volksblad* wereldruchtbaar te maken:—

Reiziger (aan tolmeisje).—Daar is je sixpence tolgeld.

Tolmeisje.—Dis nie genog nie, seur!

Reiziger.—Wat mot je dan hebben?

Tolmeisje.—Ach oulap, seur!

Reiziger.—Wat, voor twee wielen en twee paarden?
Hoe komt het hier dan meer dan aan de Kaap en overal elders?

Tolmeisje.—Ik weet nie, seur!

Koetzier.—Ik zal ver meneer zeh. Dit 's omdat die pad hier zoo baijan slechter is.

Reiziger.—O zoo! dat is waar ook. (Hoogst ingenomen met den schranderen uitleg van zijn koetsier betaalt hij zijn acht *oulap* met een genoegelijken glimlach, en liet trekken.)

Tonele in die Policie Hof.

Policie Hof is die opskrif van 'n gereelde weeklikse rubriek waarin verslag gelewer word van die sake wat in die magistraatshof die afgelope week verhoor is. Oortredings is meestal dronkenskap, diefstal, onsedelikheid en rusverstoring in die nagtelike ure, en die aangeklaagdes

'n paar onverbeterlike blanke rondlopers, matrose en merendeels lede van die gekleurde gemeenskap.

Die verslaggewer — ek het rede om aan te neem dat dit die digter W. A. Vintcent van Rodebloem is — skets hulle na voorkoms en segswyse, wat hom dikwels aanleiding gee tot die gebruik van woorde, wendinge en sinnetjies in Afrikaans. Vir ons leksikologie is die sketse van waarde, en vir voorbeelde van verbloeming 'n ware myn, veral oor dronkenskap, diefstal, uitskellery en straf. (Bv. vir houe verneem ons: hy kry dit met die rottang, op sy dikvleis, sy sitspiere, sy agterkwarte, op sy soe! sy begryp-je? hy word geraak op sy nooit-weer-doen-nie; hy ontvang "24 borstzuikers op zijn posteriori", ens.)

Aan hierdie hofsake ontleen ons die volgende voorbeelde, almal uit *Het Volksblad*. Net twee keer sal Afrikaners praat (nrs. 6 en 27).

1. 13 Okt. 1859: *Maart* („een dagdief") erken skuld op dronkenskap met

„Die wijn was oud, seur!
En die weer was koud, seur!"

2. 10 Nov. 1859: 'n *Slamse kind*: „Memme zê, ik moet zê, motje het gesteel die geld." En Lijza: „Basta drink nou!"

3. 22 Nov. 1859: *Mongo* ('n Masbieker): „Ik wou kom klagen, toen is ik geval."

4. 24 Nov. 1859: *Frans Marthese* („een geele"): „Foei toch, mijnheer Brown! zal nooit nie weer doen nie,—ik zal schrobbe, veilen, alles! asseblief toch!"

5. 6 Des. 1859: *Maria* ('n malabaarse meid): „Hulle het mijn hare afgesnij, en nou is ik ligthoofdige, en daarom val ik elke maal."

Christiaan: „Dat lieg jij, jij het mijn eerst uitgeschel."

Lafeur (was dronk): „Die slave is vrij geworden seur, dit is dit."

6. 15 Des. 1859: „Alamagtig, wat makeer die roer!" roep die boerseun uit, toe hy die skoot aftrek en 'n kaffermeidjie doodskiet (—kyk onder hoof: Burgersdorp en Cradock).

7. 20 Des. 1859: *Booi* ('n dronk ou Hotnot) antwoord op iemand se vermaning dat hy hom nog sal dooddrink: „Kan nie help, een mensch moet doodgaan."

8. 29 Des. 1859: *Twee Masbiekers* het twee „balies” wyn „geledigd” en verontskuldig hulle met: “De touw was vrot, Seur, en het gebreek, kan nie help nie.”
Annie: “Jij is verkeerd, het was hier.”
Jakob, een brutale Hottentot die zich zeker een jaar geleden voor het laatst gewasschen heeft, kwam heden voor om te antwoorden op eene beschuldiging van zich te hebben bezopen en verhit zijnde met twee even verhitten handgemeen te zijn geworden. Daar deze zijne eerste verschijning was, vroeg hem de Baron wat hij te zeggen had? “Happy Christmas, Master.” “Hoe kwam jy zoo dronken?” “A, dit is amper nieuw jaar, moet een mensch dan nie drink nie?” “Vijf shillings, of 48 uren rijstwater.” “Toe maar, dan krijg ik nog een shilling uit, van wat die schout het afgevat.”
9. 3 Jan. 1860: *Frederik en Kariem*: („twee zwarte vagabonden”) „Ons was een beetje lekker geweest, baas; maar ons het niks gebreek nie.”
10. 5 Jan. 1860: *Pieter* (’n Masbieker): „Seur weet mos, ik kan nie helpe nie!” (dat hy dronk was). Hy word vrygelaat: „Dankie, oû baas!”
Azor (’n Slamse „lawaaimaker”): „Julle kan mijn nie ophangen nie!”
John (’n dronk Masbieker): „As je blief, mineer, dit was nieuwe jaar!”
11. 7 Jan. 1860: *Andries Kok*: „Ik het mos alles daar in die huis verteer, baas!”
Lambrechts (dronkenskap): „Gedorie, Baron! al die vrije dagen het mijn zoo maar onderste boven gemaak.”
Esau (Masbieker), wat die „zuipers beker” wil wen, klae oor „benaauwde borst, zeere been, gat in mijn kop, mense mijn geslaan.” — „Veertien dagen klippen kraken.” Hy: „Kan nie werke nie, al te ziekelijk.”
Amos (Masbieker): „Ik is zoo zwak, seur! en het geval, en kan nie weer opstaan nie.”—„Acht dagen klipkuil toe!” Hy: „Is daar nie genade voor een mens?”
Marthinus Mathys (’n inboorling, van beroep ’n „eendedief”) antwoord op aanklag: „Het hij die

- eende gemaak? kan hij daar een zweer op doen dat dit zijn eende en zijn hoenders is?" — „Hoe komt je daaraan?" wil die magistraat weet. Hy: „Ah, mijnheer is aardag!"
12. 12 Jan. 1860: *Hans* (Hottentot, dronk): „Dit's de eerste maal van deuze jaar."
Jan Fester belooft om „nooit nie weer te zing nie."
13. 19 Jan. 1860: *Dirk de Beer*: „Die ossen is mak, seur!"
Dolla ('n Maleise, het weggedros): „Oema zal mijn slaan."
Jan Adam (gedros): „Zal nie weer doen nie."
Magiet (Mohammedaanse priester): „Kan de Baron dan een Snees geloof?"
14. 28 Jan. 1860: *Jama* (nog nie nugter nie, hoor hoe almal beboet word en merk op): „die mallicipaliteit krijg banjang geld vandaag."
Jan Titus ('n Hotnot) wat met dragonders omgegaan het: „Wrentig, mijnheer, ik praat nooit meer met een soldaat nie, marselve mijn eige natie."
Jan Zesar ('n skeel Hotnot, halfdronk, het gesing): „Alie, mijn Alie, gij kost mijn nog mijn nek, Zonder mijn Alie wil ik lievers vrek."
15. 31 Jan. 1860: *Sinkoe* ('n besope Masbieker): „Akskuus van deuze keer, ik was een heele maand nie vóór nie, maar ik heb een pijp van mijn maat gerook, en toe is ik aardig gewor."
Moos het in die strate gebulk:
„Mooije meisjes, mooije blommen,
Van een mooi meisje is ik gekommen."
16. 9 Febr. 1860: *Jonker* ('n grappige Hotnot wat lekkerlyf was en „apie" in die straat gespeel het, teenoor die poliesman wat hom in hegtenis wou neem): „Kom, ouwe! speul zaam!"
17. 3 Maart 1860: *Baron* (magistraat): „Waarom het jelui gedrost?"
Twee klein *Kafferlandsche Apies*: „Mrs. Ford het gezè ons het geld gesteel, daarom weggehoop."
18. 10 Maart 1860: *Dolla* (halfgekke Maleier), het gedros en gee as rede op: „Mense maak mijn op, seur!"
'n *Ander Maleier*: „Wag, laat die ou vrouw praat."
Dolla: „Ja, mijnheer, zij zegt (lees, die ou vrou)

zij is mijn grootmoeder, nou weet ik mos nie of dit waar is nie, zij zeg ik het aan haar gezuig...."

19. 20 Maart 1860. *Mietje* het 'n swart vriend gekrap en gebyt: „Dan moet hij mijn nie moveer nie; hij het mijn ook gekrap.” *Hy*: „Zij lieg! ik het nie nagels nie, kijk hierzoo; hoe wil ik krap?”

Andries Kok: „Als ik dronke is, weet ik nie wat ik doet nie — ik vraag akskuus John!”

Iwokol, een Mozambieker had eerst op straat gebakkelijd en toen bij zijne moeder en zusters huis een lawaai geschopt. *Moeder*:— „Vergeef maar voor hom van deuze keer, Seur!” — *Dochter*:— „Nee, moe nie Baron, mêmme kom eers klaag dan wil zij schik.” — *Moeder*:— „Hou jou smoel!”....

20. 24 Maart 1860: *John* (Masbieker): „Ik het die wijn bij Evert Habakuk gekoop, en dat was geen slechte drank zoo als die van ander mens, hoe kan die diender mijn dan neem, als ik nog kan loop?”

Georgina Flemming: „Annie Miller was teenwoordig, en zij kan nie strij nie, want zij het zelf twee bottels gekoop.” *Tweede antwoord*: „Ja, maar ik kan daarom de waarheid zêh.”

Annie Miller: „Hij hou alang een smokkelhuis, en nog....”

21. 27 Maart 1860. *Eerste Masbieker*: „Hij het eers geslaan!”

Tweede Masbieker: „Jij lieg, jij het eers geslaan.” *Hadjie Somodien*: „Baron! Zaterdag is Dolla mos uitgekom, hij het zijn straf gekrij’, — no’ ik laat voor hem zoek, hij was weer bij die oû vrouw wat zeg hij het hom gezuig. Nô, Adam (t.w. „een brutale Maleier”) zeg hij is oom, hij wil nie di “klein jong” (N.B. een lummel van 20 jaar) opgeven nie; maar Dolla kom daarom laat thuis. — Zondag morgen kom Adam bij mijn en zeg: ‘Wat is dit met Dolla? ik is zijn oom en Saartje is zijn oû mêmme, en jij het niks over hem te zegge nie.’ Ik zeg voor hom, loop naar die Baron, toen zeg hij ‘die Baron moet oppas, ik zal hem verkla’ bij Kapt. Hill, hij het nie reg om Dolla te straf.’ Dit’s alles wat ik klaag, maar hij het mijn toen geslaan en ik het hem na tronk gestuur.’

Margaretha Salomons (teen haar beleedigster): „Jij het eerst gezegd, mijn kind was een sceelee teef! Nô ja, dit is zij ook!” „Stop, zei de Regter: Ik zie hoe laat het is, jij bent, madammetje, zelf de oorzaak van het gebeurde....”

22. 29 Maart 1860. *Kassiem* ('n Slamse droster): „Ik was gaan visse, en dan verkoop ik die vis.”

Jama ('n Mosambiekse): „Het nie kwaad gedaan nie, bietje gedrink maar.” *Baron*: „Was je in Stellenbosch ook al in de tronk?” *Jama*: „Vijf keer maar.”

Salea („gecrinoliseerd”) „Dit was alles over een poppetje, wat zij zeg mijn kind gesteel het.” — *Die aangeklaagde*: „Dat liegt de beest, zij het mijn kind 'bloedneus' geslaan.” — *Salea*: „Dat is nie waar nie, — jij is een bees, jou varke....”

Annie Kirsten („een blaauwtje”): „Mijnheer Baron, ik is aan hem verloof, om met hem te trouw; nou het hij te veel gedrink, en mij zoo behandel, — eers het hij met Mary (t.w. Mary Ann Warren) gaan zit drink totdat zij voor dood op die grond leg; toe het hij alles gebreek in die huis, en toe krijg hij voor mijn beet, en klop mij, trek mijn haar, en schop mijn, dat ik geen raad weet.” Die wreedaard is 'n Ier, Alexander Smith.

Jan Kariëka (een Hottentot): „Ik kan nie strij nie, lekker lijf gewees.”

23. 31 Maart 1860: *Frederik Willemse*: „Het is waar, ik is zwart, maar ik het een witte hart, ik gaat na kerk, en....”

24. 3 April 1860: *Januarij* (Masbieker), het geld onwettig ontvang. „Dat was een misteek.” (Vonnis: een twaalfmaal herhaald “raaksteek” op zijn “basta, baas!”)

25. 12 April 1860: *Bowie* (Masbieker): „So lekka lyke je lolla wa” (zoo lekker als ik weet niet wat). *John* ('n dronk Masbieker): „Ik is verkouwe Seur!” (= dronk!)

26. 19 April 1860: *Gaviesa*: „Hij wil nie werke nie, hij wil niks doen als speel.” *Carel*: „Où mêmme is nooit tevrede nie, ik wil liever na buiten na mijn tata gaan.” *Sij*: „Neen, jij blijf bij mijn.” — „Hebt je een kontrakt?” — „Neen, ik is zijn tante.”

Andries ('n "bastaard Hottentot"): „Mijn lieve ou seur, ik zal van de plek na buite "druk", moet nie voor mijn laat klop nie, als je blyef toeh." — „Voort naar Ceres!" — „Ja ou baas!"

Sara huil. „Of het "reg-reg" of "tjakkie-tjakkie" huilen was, kon men door de zakdoek niet zien." *Kareka*, 'n krom Kaffer, sê dat hy „banjang" werk en „moeg" word. „Nee nie zoo maak nie, tronk toe nie, hier is die geld."

27. 24 April 1860: *Gola* ('n Kaffer): „Wanza de (kliks) piko a lola." — „Wat?" *Een Bystander*: „hij zeg hij het maar bier met water gedrink."

28. 1 Mei 1860: *Lafleur Jackson* (dronklap) het voor die pakhuis van Ross „lawaaï" gemaak: „Nie geweet die Seur is hooge man nie!"

Esau (Maleier) was jaloers „o'er Dollie" en is toen met hem hangemeen geworden, en P.C. 8 bragt hem naar het statiehuis. „Ik is te vreden minneer, ik wil hem maar net op zijn (mag niet zeggen) gespeul hêh." Niet „speulen" maar 8 dagen rijstwater genieten ter verkoeling van het bloed. „Die Baron is toch maar een goeie man, ik het gedag hij zal mijn laat klop!"

29. 5 Mei 1860. *Henry Mokee*: „Ons het voor niet gespeul baas." (— nl. klawerjas.)

Arieby en Tom: „Ons moet vroeg opstaan baas, en dan krijg ons sawens vaak." (— hulle het besope in die straat gelê).

Anna Sims: „Ik word onderhoude van de kerk, mijnheer, omdat ik zoo zwak is."

Antonie Soyers (weggelopen): „Ik was bang voor slaan."

30. 17 Mei 1860: Aangekla dat hulle sub-inspekteur Evans beledig het, antwoord *Magmoed*, *Idries* en *Idien*:

„1. Dit is nie ik nie, dit is hij!" 2. „Jij lieg dit is jij!" 3. „Ik het niks gedaan nie!"

John McKan: „Mijnheer, hij maak 'savonds op school spelden krom' en dan zit hij dit op mijn plek om mijn zeer te maken." *Joseph Wiggels* (ook skoolseun): „Nou ja, toen is jij gaan klagen, en 'meester' het mijn toe een pak gegeven."

Drie meide: „Laat ik praat," — „nee ik zal praat," „slechte beest!" — „gemeene hond!"

31. 24 Mei 1860: Eight days hard labor, — which means in Dutch Acht dagen lekker leven.” — Rex. — In Politiehof, by Cox.

William Decker: „Ikke gevra brood, wille nie gee nie.”

Klaas (een Hottentot): „Baas! ik was die dag van te voor dronk gewees en toe het ik die ander dag oggent een dop gesteeek om lijf reg te maak, en toe wort ik so maar lekker, das waar ja.” — *Similes Similibus curantur*, dat in het goed Hottentotsch vertaald, beteekent:— „als die hond gebijt het, dan moet jij die haar opzit.”

32. 31 Mei 1860: *Tom* (Masbieker) dronk in die straat opgeraap: „Zoodanag koud gewees, Seur!”

Dorothea Cares (het ruite gebreek, en gee haar redes:) „Omdat ik kwaad was. Zulle wil mij naar die Eiland sturen, en zeg dat ik gek is; maar mijnheer moet mijn die plezier doen om al die predikanten naar die Eiland te sturen en al die kosteren naar die tronk; ik zal bewijzen dat hulle allemaal gek is. Stuur maar een briefie na die Gouverneur, dan kan jij zien; hij ken voor mij goed.”

33. 9 Junie 1860. *Sarah*: „Dronken was ik nie, en ook nie nuchter.” — „Waarom heb je 'spektakel' gemaakt?” *Sy*: „Daar weet ik niks van, die kerel (diender) die lieg; die “Pollies” kan mos zoo lieg.”

34. 12 Junie 1860. *Lena*: „Ik ken die jonge heer nie!”

35. 23 Junie 1860. *Esau*: „Ik was verkeerd seur!” „Ik vraag akskuus, alseblief!”

Sara (antwoord, toe die magistraat haar vra of sy al weer in die hof op aanklag van dronkenskap moet verskyn): „Als hulle mijn nie hier bring, dan zal ik hier nie kom nie, en...”

36. 26 Junie 1860. *Arend* (Maleier): „Ik weet ik verdien straf, maar dat was die Satan.”

Thomas (op vraag hoeveel keer hy al voor die magistraat was): „Ik weet nie, seur, maar 'bangang' keer al; zoo als die dienders mijn maar ziet, moet ik zoo maar naar die tronk; maskie het ik niks gedaan nie!” (Word gevonniss, en roep terug): „Jij gaat toch af!”

- Petersen* (het 'n kalkoen gesteel): „die ding is weggeraak *Seur!*”
37. 30 Junie 1860. *Hendrik du Toit* van Caledon (het onversigtig gery): „Mijn osse is onder die juk; ik zal maar betaal, ik wensch maar dat ik buiten was.”
38. *George* („een blinkende zwarte”): „Al de huizen het met mijn deurmalkaar geloop, toe kan ik niet mijn plek krij.”
39. *Philida Abrahamse* ('n smokkelaarster) „Mijnheer, ik hou een huis van plezier — ziet mijnheer?”
Ik is nie een slechte vrou nie, maar als een jonge mensch bij mijn kom, om die kinders te zien, mag ik dan nie ver hulle een glas bier of wijn geewe nie?”
- Joë* ('n klein Masbieker): „Dit is de eerste keer *Seur*, ik was nog nooit nie voor nie.”
40. 3 Julie 1860. *Pieter Sagers* (toe Baron wil weet wat hy te sê het): „Niks anders mijnheer als dat ik tedanig honger gehad het, en hartzeer, voor die kouwe weër; mijnheer ziet mos hoe ik is, nie één stuk kleêre nie.”
41. 5 Julie 1860. *Samuel Jacobs* (vir diefstal): „Ik het nie geweet nie; ik denk dit was mijn baas zijn grond!”
42. 12 Julie 1860. *Samo*: „Ik het maar net voor hom gezeg hij moet hard loop, toe vat de diender voor mijn ook.”
43. 17 Julie 1860. *Jacob Adonjs*: „Hij het met mijn gebakkelijd om mijn vrou, die—....
- Dirk September*: „Hij het zijn vrou geslagen, en ik is haar broêr.
Jacob: „Ja, maar ik is haar man!”
(Die vrou vertel hoe *Jacob* haar „gemokerd” het, en *Jacob* se gevoelens is:)
„Als ik mijn vrou wil slaan
Wat gaat hom dat aan?”
Esau: „Ik is haar oom, en ik het haar een paar klappe gegeef.”
44. 19 Julie 1860: *Kepie* (Slamaaier): „Zal nie weer doen nie, baas!”.... — of hij ook grillen zal:
„Tata! memme, help, of kijk
Ik word gewis van daag een lijk.”

45. 21 Julie 1860. *Abdol Waggie*: „Ik het gedag dat was goed voor die straat om op te vul” — (hy het nl. „vuilnis” in die straat uitgegooi.)
- Aron Schultz* („Wat maakt jii op die stoep?): „Niks nie, slaap maar.” — „Hebt je geen ander verblijf?” — (Hij): „Ja, maar als een mens nou te veel gedrink het, kan hij dan zijn plek krij?”
- Windel en Curley* (diefstal): „Ons het honger gehad.”
46. 31 Julie 1860. *Cassiem* (Slamaaier): „Das waar, ou heer, ik het dit gedoen; — maar met een ongeluk, want ik het niets tegen die man nie, maar zoo als ik voorbij kom blaf zijn hond, en toe het ik hom met klippers gegooi, en die een klip wat nou hier is, het opgespring tegen die venster, en die ruite gebreek.”
- Alieda* („een bastaard Hottentottin”): „Als haar man voor mijn lief krijg, kan ik dan help?”
- Anna* (’n Malabaarse): „Jij lieg, jij het voor hom eers lief gekrijg.”
47. 2 Aug. 1860. *Bunje* (dronklap): „Ik het gekijk na die kaarsen en prentjes en toe is ik naar gewor.”
48. 9 Aug. 1860. *Joemat* (Maleier), beskuldig van diefstal: „O lieve vader! moet mijn niet laat klop nie, alseblief toch, ik zal wrentig dit nie weer doen nie!”
49. 11 Aug. 1860. *Beista*: „Die eend het verdwaal minneer, en toe het ik hom opgetel, ik weet mos nie wie zijn hij is nie.”
- Lea Adams*: „Ik was nog nooit voor die Baron nie!”
50. 18 Aug. 1860. *Cambala* (’n baie lang Masbieker): „As julle mijn nou nie traktee nie dan krijg julle op julle—; ik het nog nie genoeg gedrink nie, en mijn geld is op.”
- Isaak* (Masbieker), hy het ’n kabeltou gesteel: „Opgetel seur, daar bij die strand, wat maak daar meê, dat is mos maar—”
- Straatkinders* (aan ’n afnemer): „Daar kom die gekke kerel aan, — maak mijn portret.”

Manoel (het iemand geskop): „Dat was maar spul-
letjes met die bloote voet.”

51. 21 Aug. 1860. *Rachel* (Slams): „Mijnheer, zij het mijn uitgeschel en toe het ik haar ondergegooi, en zij het kwaad van mijn gepraat bij mijn priester over een 'jong borsie'.”
52. 23 Aug. 1860. *Fredrik Isaaks* (diefstal, verklaar): „Ik wil maar gekijk het.”
53. 30 Aug. 1860. *Delia* (hoenderkop): „Mijn dochter was jarig, Seur, en toe is ik van buiten gekom en het bij haar gemmerbier met brandewijn gedrink, en toe word mijn kop zoo zwaar dat ik val, en toe kon ik nie opstaan nie.” — „Als ik je ditmaal vergeef, belooft je mij dadelik weêr naar buiten te gaan?” — „Van de plek af!” — „Ga dan, en als je binnen een half uur niet achter het Kasteel bent, krijgt je het tuchthuis!” — „Neen, alle krachtig! — dag meneer!”
54. 11 September 1860. *Kaatje* ('n Hottentottin) verhoor weens diefstal: „Hij lieg mijnheer! hij het dit voor mij gegee.” — „Wat maakt jij met broeken en baatjes?” — „Verkoop, seur, voor kost en geld.” (Na vonnis): „Dankie Seur!”
55. 13 Sept. 1860. *Sara* (ondervra haar baas): „Het minneer nie voor mijn gezeg nie, als ik beken van die ringen wat ik geneem het, dat minneer mijn nie zal verklâ nie?”

Klager: Jawel, maar ik deed zulks om mijn eïgen-
dom maar terug te krijgen.

Sara: En het minneer nie allebei die twee ring
gekrij nie?

Klager: Ja, van jou, en hier zijn ze. . . .

Sara: En waarom dan kom klâ, — als een mens
steel en geef weêr, das mos nie zoodanig groote
kwaad nie; en als jij nie gezeg het nie jij zal voor
mijn vergeef, en nie kom klaag nie, dan het jij
jou ringe nie weêr gekrij nie; — hoe wil jij dan
bewijs, ik het gesteel die goed?”

Noach ('n arbeider, het sy vrou geslaan): „Ik het
hom nie banjang gesla nie, maar zij wil nie luister,
toe het ik hom een paar houwe gegee.”

Jonas: (hom word in die mond gelê): „Astakka!
Tata! dit is zeer; Hou op met klop — ik zal niet
meer Oû Smith zijn goed gaan stelen; —”

56. 22 Sept. 1860. *Raphaël* (misdryf op 'n plein gepleeg):
„Dat was van verliefdagheid.”

57. 25 Sept. 1860. *Carolus* (een zwart schepsel): „Ik zal
die geld indien, Seur!”

58. 2 Okt. 1860. *David en Motly*: „Ons is mos Mozam-
biek ne, — kan nie kijk op die horlosie nie.”

Grietje (was hulpeloos dronk in die straat): „Ik
het een zeere been.”

David Holtman (het gedros): „Dit was die tijd
met die holidays en die prins.”

William Everton (wangedrag in publieke straat):
„Minneer, ons maak zoo op Worcester, das mos nie
kwaad nie, wie kan uithou?”

Joemat (diefstal): „Ik het maar gekijk na die
bolletjes, ik het nie geneem nie,” — en aan sy
aanklaer: „Waar is die brood? wys dit, dan kan
julle zien.”

59. 18 Okt. 1860. *Gambee* (Masbieker): „Seur! die Kaap-
sche brandewijn is te danig vurig!”

Magistraat. — Jij wordt beschuldigd dronken te
zijn geweest, en....

Daantje Houtshoorn (Hottentot). — Das waar ja!

Magistraat. — En in de straat gaan leggen slapen?

Daantje. — Das ook waar!

Magistraat. — Als een of ander rijtuig jou nie
overreden had, en....

Daantje. — Dan moet hulle oppas, en voor mijn
nie hier breng nie, want ik weet dit is een v—
plek.

Magistraat. — (Voortgaande) en de dood het gevolg
zoude zijn, wat....

Daantje. — Neen, alla kragtig, das waar ook!

Magistraat. — Dus, als jij voor je zelf niet zorgen
wil, dan moet ik voor jou zorgen, en daarom....

Daantje. — Wag ou baas! geef mijn maar vier-
en-twintig houwen op mijn _____, dat zal mij
goed doen.

Magistraat. — Neen, van deze keer niet, maar als je weer komt, zal ik aan jou verlangen voldoen. Nu vooreerst tien dagen rijstwater.

Daantje. — Das v——d gemeen!!!

60. 25 Okt. 1860. *Joemat* (eendedief): „Ons het kom gekke mense kijk.” (En de eenden?) — „Gesteel Seur!”

Bassiera en Tom Harries: „Ons het nie gesteel nie, Joemat het gesteel.”

Johanna: „Mijnheer, ik is nie gewend om te bakly.”

Giema Rasdien: „Ik ook nie, maar als jij aan mijn lijf kom dan wag ik nie, dan moet jij oppas!”

61. 1 Nov. 1860. *Klaas* ('n Malabaar): „Kijk seur, mijn lip, hij het mijn eerst in mijn lip gebijt, en toe het ik hom in zij oor gebijt.”

Afrika (Maleier): „Ik het nie gedros nie, ik was maar op een 'spree'!”

Ideries, alias Annie: „Dit is twee fatsoenlijke kinders Minneer!”

Abraham werd beschuldigd zijn landgenoot *Jakout* (beiden waren Mozambiekers) aangerand en geslagen te hebben.

Abraham. — Hij het mijn gespu!

Jakout. — Jij lieg, jou m.....: — “Dinges” het gezien dat jij mijn geslaan het....

Abraham. — “Dinges” Doppa, jij geef mijn eerst een op.... op mijn neus, en toe op mijn oog; kijk die merk....

Abraham. — Baron Hill, moe nie voor hom geloo nie.... het jij niet eerst geslaan?

Jakout. — Ik weet nie; — maar kijk mijn oog....

Magistraat. — Pedro, hoor jij wat die man zegt? *Pedro* (Masbieker, van diefstal aangekla). — Waar is die kommetje, wat hij zeg dat ik gesteel het?

Magistraat. — Je behoef slechts te zeggen of je schuldig of onschuldig bent.

Pedro. — Nee baas! waar is die kommetje? als ik gesteel het, dan.... dan moet hij mos wijs die goed wat ik geneem het. — Ik is niet zoo stom nie.

Magistraat (teken pleit as „onskuldig” aan).

Pedro. — Ja, zoo ja; — ik is ook onschuldig; — maar ik zeg vooruit: “Die kerel kan lieg net als een olifant.”

Alie (klaer): — Zaterdag, op vendutie, Seur, het ik gekrij kommetjes om weg te breng, en....

Pedro. — Jou kommetjes?

Alie. — Nee, ik is mos koelie neh?.... Ik ziet hy *vat* een, en toe ik voor hom zeg, *Pedro*, waarom steel jij, toe zeg hij, kijk in mijn mandje of ik gesteel het, — toe kijk ik en ik vinde die kommetje en breng hem naar die schout, en....

Pedro. — Wie het gezien ik het geneem? die schout? hij lieg als hij dit zeg, hij was daar nie bij nie.

Pedro. — (na vonnis van drie dae ryswater): „All right! maar als ik uit den tronk kom dan krijgt jij op jou ——— (Later): Maskie dood maak, — das niks!

62. 8 Nov. 1860. *Tom* (Masbieker). — Ik ziet ondank is die wereld zijn loon, en toe het ik hem één op... r gegeven op zijn oog.”

Kieba (gedros): „Mijn stiefvader leef zoo straf met mijn.”

Lea (moeder): „Zij lieg, haar stiefvader maak met mijn rusie als ik voor haar slaat.”

63. 17 Nov. 1860. *Carolus Salomon* (Maleier): „Ik wil geberre he’, ik denk die mense zal die altemit steel, toen het ik dit in mijn zak gesteek.”

David (dronk): „Ik het al vergete seur.” (t.w. dat hy dronk was) „Als een mens dronke is kan hij dan onthou?”

Daantje (Hottentot, „gekleed in een soldaten baatje en in zijn kroeshaar was een groote hanenveder gestoken”).

Magistraat. — Wel *Daantje*, ben je weer hier?

Daantje. — Ok so!

Magistraat. — Wat?

Daantje. — Toe maar, maak gou, wat spook zoo lang, een mens is mos een mens.

Magistraat. — De diender zegt dat je weer dronken was, en met steenen gesmeten hebt op de straat.

Daantje. — Zijn m—, dat gaat hom niks an.

Magistraat. — Ja wel gaat het hem aan, en mij ook.

Daantje. — Nou, das goed, laat mijn dan maar afklop.

Magistraat. — Dat is de tweede maal dat je er om vraagt, zal ik nu maar aan je verzoek voldoen?

Daantje. — Ja, toe maar, als ik mijn pak gekrij het, kan ik met een na mijn m— gaan.

Magistraat. — Wel, ik zal jou twaalf laten geven.

Daantje. — Als dat over is, kan ik dan trek?

Magistraat. — Ja, en pas op dat je niet weder komt.

Daantje. — Ha, ha, ha, ha a—a!!! Van deuze keer nie rijswater nie. — Ok so! Dag ou Baas!

64. 22 Nov. 1860. *Alexander* (Maleier, dronk): „Ik zal mos die kar weergebreng het.”„Nee Seur, ik zal betaal.”

65. 29 Nov. 1860. *John en Casa*, twee Masbiekers het mekaar oor 'n „zwarte Venus” afgeransel, en die verslaggewer lê in die mond van *Casa*:—

„Ik het hom eers gevrij;
Hij wil op straat baklij;
Kala is *mijn* vrouw
Hij wil met hom kom trouw!”

Jacob (dronk): „Kan nie gehelp het nie, so maar naar gewor, en geval seur!”

66. 6 Des. 1860. *Betje Jansen*: „Zijn kinders dobbel op mijn stoep en gooi met zand.”

Jacob Timbo: „Das waar, ou Baas, maar dat was maar een “moeder” met tien kleine “otjes” wat geen mens kan kwaad doen nie.”(Na vonnis, omdat hy die varke oor die straat gejaag het):

„Neen, wag Baas, ik het geld bij mijn gesteeek, he, he, he, ik weet mos, ik is schuldig, Seur.”

67. 11 Des. 1860. *Willem Markus* (Slamaaier): „Mijnheer, ik kom van Namaqualand, en het een beetje gedrink.”

Doris (Maleier): „Hulle het bij mij gekom, ou Kornel, en gevraag om bakvis; ik geê hulle ieder een bort met rijs daarbij; toe hulle klaar het,

vraag hulle drank; — ik zeg, ik verkoop nie drank nie, ik het nie een laksensie, toe vat hulle mijn en wil mijn slaan, toe het ik hulle voor die diender gegee.

Kassiem: „Ik was nie dronke nie, — zoo maar geleg op di stoep.”

Awaldien: „Ik was in de Kalkbaai, en ik het dors gehad, en hij wil nie bier gee nie.”

Abdol en Bendol (Twee Masbiekers): „Ons het maar gespeul baas!”

Isaak Pietersen (Masbieker): „Daar, geef mij kleingeld?”.... „Dat raak jou niet, wil jij masschie een orlosie koop met een kettang?.... opgetel op die stoep van Mr. Wettlers” (Whittington Hotel). (Later:) „Hij was dronk en ik het die arlogie toe geneem.”

Rachel Jackson: Mijnheer hij het mijn eers uitgeschel en toen zijn vrouw; en ik was alleen, — ik het niemand gehad om mijn te help uitschel voor hem nie.”

Gaaijerdien: „Zij maak een dam en dan loop die water in mijn fondament.”

Rachel: „Neen, mijnheer Kol. Hill, hij maakt alle dag pestakel, hij en zijn vrouw daarbij. Ik wasch in die dam, en hij het ook een dam op die Mallicipaliteit zijn grond; als mijn dam moet toegemaak wor, zijne ook.

68. 27 Des. 1860. *Carolus* (kleurling, lyk na „koffij-met-melk” en sy hare soos „peper-en-zout”, is skeel en dronk, en besoek die kombuis van Scott se vrou, na hy gevra het): „Wat ruikt hier zoo lekker?” *Scott se vrou*: „Wat doe je daar?” (in die kombuis). *Carolus*: „Ik wilde zien of dit de pot niet is, die onlangs van mij gestolen is, en ik ziet het is zoo!”

Vrou: „Jou ‘peetemagol’ is jou pot!”
(*Carolus* vat die pot, smyt die inhoud uit en stap weg.)

Magistraat. — Wat was in de pot?

De Vrouw. — Koolbredie, braaivlijs en rijsbrensie.

Magistraat. — Wat is dat? (Na verkreeë inligting):
Goed, ja, ja. — Het was eene „stew.”

De Vrouw. — Neen mijnheer, dat was kost die ik voor mijn man geborgen het, en in die pot gezit om warm te maken, en nou het ons de heele dag niets als drooge brood moet eten. Hij het hard weggelopen met die pot.

De Magistraat. (aan gevangene). — Waarom het je al die „What do you call it,” op den grond gesmeten?

Carolus. — Omdat ik mijn pot wil geneem het en nie hulle kos nie. Ik eet nie zulke goed nie.

Magistraat. — Moet je het dan op den grond smijten?

Carolus. — Moet ik dit dan in hulle mond steek?

Lafleur Jackson (bejaarde Masbieker, gee as rede vir sy verskyning in die hof aan): „Hulle vat voor mijn.”

Regter. — Waarom?

Lafleur. — Omdat ik dronk is, ik moveer mos nie mens nie?

Regter. — Wat doe je dan?

Lafleur. — Ik drink, en gaat dood stil slaap, en dan tel hulle mijn op; — waarom kan een mens nie slaap nie als hij wil? — ik is voor niemand in de pad nie....

Regter. — Jawel ben je in de pad voor een ieder, grooter dronkelap en vagabond is er in de geheele stad niet te vinden.

Lafleur. — O ja! Daantje Ruiters is nog grooter schelm als ik, hij schuld mij nog sixpens.

Regter. — Nu krijgt jij 14 dagen rijstwater, en als je weer voor mij komt, een tripje over zee voor je gezondheid.

Lafleur. — Ik gaat nie na die Eiland nie. Ik wil nie.... ik....

Jakout. — „Die meid is een Hottentot, zoo als ik thuis komt dan maak zij alles ‘holder de bolder’ en mijn pijp het zij al ‘poes-pas’ gebreek. Ik het hom gezeg ik zal hom eenmaal doodslaan, en als ik dan opgehang word dan ‘gaat mijn dit niks an nie.’”

(Vonnis: 14 dae tronkstraf).

„Maar laat mijn dan, asseblief, eers van haar schei, ik is mij lewe mos moeg nèh!”

Jakout en Mietje zullen scheiden,
Het lastig juk werpt men thans af;
Het wijfje kan zich thans verblijden.
Haar baviaantje kreeg nu straf;
Maar — “Als ik uit die tronk uit kom,
Dan slaat ik Mietje scheef en krom!”

69. 29 Des. 1860. *Ajora* („een zwart half-vrouw mensch, en half geraamte): „Ik is mos nie koelie van die Slamse knoop nie. Als hij mijn betaal het dan het hij zijn brief gekrij, nou kan hij met sieling en al naar zijn.... gaan.”

Magistraat. — Vier dozijn uren tuchthuis.

Ajora. — „Waar is die plek?” (Later): „Is dit in de ouwe of die nuwe tronk?”

Christiaan de Jager („beter bekend onder den naam van „Chris Duivel”): „Ik is klerk van Minneer Marais, en slaap alle nachten op die stoep van zijn wijnpakhuis, als hij mijn dan noodig het dan kan hij mijn altoos roep, ziet mij-lord? dat is voor die gemakkelikhed.”—

Magistraat. — Waarom slaap je dan niet binnen in huis?

Christiaan. — „Nee, ik het al te veel ‘trippensies’ op mijn lijf.”

Grietje („een Hottentottin, een van die opregte soort): „Ik was lekker seur, gister eers van buite gekom.” (Magistraat stuur haar weer na buite): „Dankie baas!” ik is nou maar achter kasteel.”

1) *Baron*: Is dit 'n magistraat *Brown*? (Kyk nr. 4).

2) *Zezar* (in nr. 14) is waarskynlik *Caesar*.

Die nommer van hierdie boek

is:..... **247** *.....*

